SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

2024

# Jaarverslag



# Inhoud


| | |
|---|---|
| VOORWOORD | 3 |
| Voorwoord – Hannes Noëth | 4 |
| Boodskap van hoop | 5 |
| UIT DIE BESTUUR SE PEN | 7 |
| JAARTEMA 2024 | 9 |
| NAVORSING, PROGRAMME EN OPLEIDING | 13 |
| MAATSKAPLIKEWERKDIENSTE | 17 |
| ONS PLEK EN SENTRUM EN NASIONALE STRUKTURE | 21 |
| Ons Plek | 22 |
| Ons Sentrum | 24 |
| Solidariteit Helpende Hand Motorfietsklub | 24 |
| Solidariteit Forum vir Persone met Gestremdhede | 25 |
| Ons Plek Kemptonpark | 27 |
| Ons Plek Derdepoort | 29 |
| Ons Plek Horison | 30 |
| Ons Plek Naboomspruit | 31 |
| Ons Plek Strand | 33 |
| Ons Plek Suidkus | 34 |
| Ons Plek Volksrust | 37 |
| SOLIDARITEIT HELPENDE HAND-STREKE | 39 |
| Pretoria-streek | 40 |
| Pretoria-Oos-streek | 43 |
| Sentraal-streek | 46 |
| Platinum-streek | 48 |
| Limpopo-streek | 51 |
| Mpumalanga- en KZN-Noord-streek | 54 |
| Oos-Rand-streek | 57 |
| Wes-Kaap-streek | 60 |
| Noordwes-streek | 63 |
| Vrystaat-streek | 66 |
| Noord-Kaap-streek | 69 |
| Wes-Rand- en Vaaldriehoek-streek | 72 |
| Oos-Kaap- en KZN-Suid-streek | 76 |
| Bo-Karoo-streek | 79 |
| Pretoria Jeugaksie | 81 |
| KOMMUNIKASIE EN BEMARKING | 83 |
| Sosiale media | 85 |
| Liewe Leser | 86 |

PROJEKTE 89
Bemagtig 'n Kind 90
Tekkies en Toks 92
HelpHetta 93
Boesemvriendinne 95
HelpJag 97
Skooltassie 99
Kosblikkie 100
PlantSelf 101
HelpHoor 103
Ons Plek-musiekvideo 103
Kinderbeskermingsweek 104
Sê jou Sê kompetisie 104
Motorfietsklub 104
AfriSkuld LIG-Konsert 105
Afskeid van Finesse Tydskrif 106
Optog Teen BELA 107
Die Afrikaner-verklaring 108
Helpende Kerke Kongres 2024 109
Jaarlikse jaarbeplanning 111
Krugerdagvieringe 113
Loslitdag 2024 114
Oorwinning begin by die eerste tree 115
PassieVol 115
MSC Splendida 117
Twyfelhoekie 118
Maatskaplike Krisisberaad 2024 119
'n Huldiging aan maatskaplike werkers 121
Voelgoed Media se fliekaand 121
Vroue in Beweging 122
WANATU 124
Welstandsdag 2024 125
HELPENDE HAND STUDIETRUST 127
ONS WINKEL 133
PERSONEELDIENSTE EN ONTWIKKELING 137
FINANSIES EN ONDERSTEUNINGSDIENSTE 141
GEMEENSKAPSJAAR 145
JAARTEMA 2025 149

# VOORWOORD





# Voorwoord

## Hannes Noëth

Uitvoerende Direkteur: Solidariteit Helpende Hand

By Solidariteit Helpende Hand spring ons nie net weg en werk nie. Nee, daarvoor is tyd, mense en geld te skaars. Ons bereken, beplan, oordink, en dan eers doen ons. Maar as ons doen, dan doen ons voluit. Dan is daar nie tyd vir halwe werk, luiheid of wonder nie. So het ons die jaar 2024 ook aangepak. Na jare se werk op soveel terreine, geweldige groei en baie uitbreiding in ons personeel, ons projekte en ons uitsette was dit tyd om so 'n bietjie te gaan besin oor wat noodsaaklik is om ons gemeenskappe so sterk as moontlik te maak. Die antwoord was tweeledig – aan die een kant kan ons nie ophou doen wat ons doen nie, maar aan die ander kant moet ons ekstra fokus op waardes wat werk. Vandaar die jaartema vir 2024: Waardes wat Werk.

Dit het goed gewerk. Met hierdie tema kon ons doen wat ons doen, maar ons kon ook bou aan waardestelsels en gemeenskappe met waardes en waardegedrewe projekte rig. Natuurlik is dit 'n proses en iets wat voortduur, maar ons het geslaag in wat ons wou doen: Doen wat jy moet doen, maar doen dit waardegedrewe. Ons kon die resultaat en die groei daarvan sien in ons personeel, in ons projekte, in ons resultate en in die verskil wat ons maak. Waarde vir waarde, projek vir projek kon Helpende Hand in 2024 saai, meer as wat ons sou kon voorsien, verder as wat ons gedink het en dieper en kragtiger en wyer as wat ons hulpbronne ons werklik toegelaat het.

Hoe is dit moontlik? Maklik. Omdat ons vanuit en deur die genade van God leef. Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. So leef ons, so saai ons, so werk ons by Helpende Hand. Dit is nie altyd maklik nie. Soms is daar teëspoed, soms is daar opdraandes, soms is daar net totaal hopelose situasies, maar deur alles het ons 'n organisasie geword wat lei van 'n hopelose einde na 'n eindelose hoop. Saai ons, plant ons, werk ons. Nie alleen nie, maar saam. Nie swak nie, maar sterk. Nie sonder rigting nie, maar doelgerig.

Helpende Hand kyk terug op 'n mooi jaar – 'n jaar van genade en seëninge. Weer. Met hierdie jaarverslag in u hand, kan u saam met ons terugkyk, saam onthou, maar die belangrikste – saam uitsien na wat voorlê.

In 2025 roep ons saam uit: WELSTAND! Ons is 'n waardegedrewe organisasie wat uitsien om met die tema welstand 'n verskil te maak in hierdie wêreld waarin ons leef.
In hart, met krag, tot hoop!



# Boodskap van hoop

## Hoop is verslawend. Hoe meer jy daarvan het, hoe meer glo jy daarin.

Wanneer jy jouself toelaat om te droom en doelwitte te stel en na te jaag, gaan dit hand aan hand met hoop. Ons sal nie droom om iets te bereik as ons nie die hoop het om suksesvol te wees nie. Die geheim lê in die "toelaat". Vele kere is ons ons eie grootste vyand, want ons glo nie genoeg in onsself nie. Sodra jy vir jouself 'n doelwit stel en dit bereik, is daar onmiddellik en onvermydelik 'n gevoel van hoop: "Wat is nog alles moontlik?"

Vir 10 jaar het ek daarvan gedroom om die aanbieder van Boer Soek 'n Vrou te wees. Ek het dit in elke moontlike onderhoud en artikel genoem met die hoop dat die regte persoon dit dalk net op die regte tyd en regte plek kan hoor of raaklees. Al die jare was dit my droom en ek het nooit ophou hoop dat dit wel 'n werklikheid sal word nie. En vandag is ek Boer Soek 'n Vrou se aanbieder. Dankie, Here!

Hoe het my hoop 'n werklikheid geword? Op 8 Mei 2024 het ek besluit om proaktief te wees. Ek het 'n kontaknommer van iemand by kykNET in die hande gekry en laat weet hoe graag ek Boer Soek 'n Vrou se volgende aanbieder wil wees. Ek het gevra dat hulle my asseblief in gedagte sal hou wanneer die huidige aanbieder besluit om nie meer aan te bly nie. Hulle laat weet my toe dat hulle besig is om 'n nuwe aanbieder te soek en reeds besig is met die oudisies. Hulle gee my toe die kontaknommer van Boer Soek 'n Vrou se vervaardiger en ek het haar natuurlik onmiddellik geskakel. Die vervaardiger gee my toe die skokkende nuus dat die oudisies reeds verby is en hulle is al amper by die finale uitdunrondtes. Ek het haar skaamteloos gesmeek om my 'n kans te gee as ek daardie dag nog vir haar 'n paar oudisie-video's stuur. My oorredingsvermoë het gewerk – sy het ingestem. Na vier oudisie-video's wat ek sommer self opgeneem het, 'n vlug Kaap toe en baie gebede het ek op 7 Junie gehoor ek is gekies as die nuwe aanbieder van Boer Soek 'n Vrou.

Wat ek hieruit geleer het, is dat jy móét droom. Jy móét vir jouself doelwitte stel, want wat het jy om voor te werk as jy niks het om te hoop nie? Al die jare het die Here geweet dit is my visie, en Hy het my stadig maar seker voorberei om nou die beste weergawe van myself te wees om die nuwe rol te vervul. Alhoewel ek gebid het, moes ek steeds die eerste tree gee om uit te reik na die mense en die proses aan die gang te sit. Jy en die Here is 'n span. Ons kan nie verwag Hy moet al die werk alleen doen nie. Die feit dat my insette suksesvol was, het my geloof in die Here en my geloof in die konsep van hoop vergroot – soveel so dat ek alreeds twee nuwe, baie groot drome het en doelwitte gestel het, want ek weet nou wat is moontlik. Waar daar 'n wil is, is daar 'n weg. Waar daar hoop is, is daar horisonne.

Hoop is 'n gevoel wat ons in staat stel om uitdagings te oorkom. Dit is een van die sterkste menslike emosies, en as ons dit net benut, kan ons berge versit.

Wanneer ons hoop het, voel ons positief en gemotiveerd. Dit stel ons in staat om vreugde te ervaar, selfs in uitdagende omstandighede. Dit is nie net 'n gevoel nie, maar 'n krag wat ons deur die lewe dra. Die blote hoop dat dinge kan gebeur, verander of verbeter, maak dat ons die dag met 'n positiewe gesindheid en vreugde kan aanpak. Vreugde ontstaan so dikwels uit hoop omdat hoop ons in staat stel om die goeie en die klein wonderwerke in die lewe raak te sien en te waardeer.

Mag jy vandag droom en vir jou doelwitte stel wat die geleentheid skep vir hoop om te blom.

Met liefde en lig

**Reandi Grey**

Aktrise en aanbieder van Boer Soek 'n Vrou

# UIT DIE BESTUUR SE PEN





“Waardering vir waardes verseker ‘n waardegedrewe samelewing.”

**Hannes Noëth**
Uitvoerende Direkteur: Solidariteit Helpende Hand

“Ons roeping is om ander te dien en daarom is ons nederig en opreg in wat ons doen.”

**Johan Nel**
Uitvoerende Direkteur: Helpende Hand Sake





“Deur ons waardes uit te leef, bou ons brûe van hoop na die toekoms - ‘n toekoms waar elke daad van hulp aan ‘n medemens die lig van moontlikhede helderder laat skyn.”

**René Roux**
Bestuurshoof: Media

“Mag ons werk in ons gemeenskappe geseënd wees en volhoubare welstand bevorder.”

**Antoinette Deysel**
Adjunk- Uitvoerende Hoof: Gemeenskapsontwikkeling





“Dit gaan nie oor hoeveel of wat ons doen of hoekom ons dit doen nie, maar oor die daadwerklike verskil wat ons in ons gemeenskappe maak en die hart waarmee ons daardie verskil maak.”

**Lizanne Coetzee**
Adjunk- Uitvoerende Hoof: Ondersteuningsdienste

# JAARTEMA 2024





# JAARTEMA 2024

## #WAARDESWATWERK

**Ons droom vir 2024** was om ons gemeenskappe daarvan bewus te maak dat hulle waardevol is, omdat die Here vir ons waarde gee. Omdat Hy ons waardevol gemaak het, kan en mag ons ons waardes uitleef.

Die Here is die rots waarop Solidariteit Helpende Hand (SHH) bou. Ons Christelike geloof groei vanuit die Bybel, vanuit die Rots wat alles bepaal.

Ons bou ons waardes op die Rots, daarom kan dit gesien word as die fondasie van ons huis. As ons fondasie sterk en stewig is en nie op sand gebou nie, kan ons die lewe met sekerheid aanpak en verder aan die huis bou.

Ons leef ons waardes uit. Ons is waardegedrewe gesinsmense en kollegas en ons werk waardegedrewe. Ons bou mure en vensters, sit 'n dak op en maak die huis mooi. Die mure, vensters en res van die huis is dinge wat ons doen om die huis beter en mooier te maak. Ons doen dit deur onder andere goeie ouerskap, leierskap, selfontwikkeling en entrepreneursvaardighede te bevorder.

Dit is vir SHH belangrik om die gemeenskap eers van hul Rots en fondasie bewus te maak voordat ons net wegspring en die huis mooimaak (wat natuurlik ook nodig is). Ons moet help om sterk huise te bou, sodat hulle nie in die wind en storms intuimel nie.


Daar is wêreldse en Christelike waardes, en ons moet ons gemeenskappe bewus maak van die verskille.

| **Wêreldse waardes** | **Christelike waardes** |
|---|---|
| Bv. uitnemendheid<br>Ek bedrieg mense om bo uit te kom, want mag en aansien is 'n teken van uitnemendheid. | Bv. uitnemendheid<br>Ek doen my werk met uitnemendheid, want ek werk uit dankbaarheid en omdat ek geroepe is. |

Ons leef in 'n gebroke wêreld en is self gebroke en sondig, maar ons strewe uit dankbaarheid na die goeie. Met ons veldtog om waardes te vestig en versterk, het SHH se personeel, taklede, ondersteuners en donateurs ons Christelike waardes bevestig. Ons het ons daartoe verbind om ons gemeenskappe in geloof te versterk, en ons het betrokke geraak by aktiwiteite, wat gemeenskappe om die regte redes ontwikkel en bevorder.

Deur ons gemeenskappe van waardes bewus te maak, het ons die OOO versterk: Opvoeding, Opleiding en Ontwikkeling. So verseker ons volhoubare voorspoed.

**SHH se vyf kernwaardes is roeping, geloof, uitnemendheid, getrouheid en nederigheid.**




Die voue in die hand wys op die gebrokenheid van die mens. Maar deur die liefde wat Hy aan ons bewys en gegee het, kan ons die gebrokenheid oorkom. Sy liefde vir ons maak dat ons ander uit liefde kan dien. Uit gebrokenheid bou ons na 'n waardegedrewe samelewing.

By Solidariteit Helpende Hand streef ons daarna om ons **roeping** op elke vlak met **geloof** uit te leef en om ons visie en missie van maatskaplike gemeenskapsontwikkeling met **uitnemendheid** te implementeer. In die gemeenskap dui ons rigting aan deur **getrou** te wees aan ons roeping om die gemeenskap in **nederigheid** te bevorder en ontwikkel.

Ons waardes was instrumenteel in die vorming van ons organisasie se identiteit en dien as kompas vir ons gesamentlike groei. In gebrokenheid leef ons ons waardes elke dag uit.

Dit is hierdie waardes wat uit 'n hand van liefde voortvloei wat ons projekte, programme en optrede in 2024 begelei het.



### Roeping (Rooi)

Ons werk is meer as net 'n werk; dit is 'n roeping waaraan ons toegewy is. In 2024 het ons ons sin vir roeping erken om te verseker dat elke taak wat ons aanpak, bydra tot 'n groter doel. Ons werk is 'n uitdrukking van ons passie en toewyding.



### Geloof (Goud)

Ons onwrikbare geloof in ons Hemelse Vader, in ons missie en in mekaar maak ons organisasie sterk. In 2024 het ons ons geloofslewe, geloof in onsself, ons vermoëns en in mekaar verdiep. Saam het ons uitdagings oorkom en nuwe hoogtes bereik.



### Uitnemendheid (Oranje)

Die strewe na uitnemendheid is kenmerkend van al ons pogings. In 2024 het ons voortdurend hoë standaarde gestel en uitsonderlike resultate in ons organisasie en gemeenskappe behaal. As gevolg van ons toewyding aan uitnemendheid deurdink ons elke saak, aksie en poging behoorlik, voer dit goed uit en volhard met ywer.



### Getrouheid (Groen)

Ons bly getrou aan ons roeping, doel en beloftes en ons kom ons take met verantwoordelikheid na. Met integriteit en deur betroubaarheid bly ons getrou aan ons diens.



### Nederigheid (Vlootblou)

Ons werk nederig vir 'n doel groter as onsself. Uit nederigheid tree ons op en aan en jaag 'n groter doel na as beloning en erkenning deur mense.

Gedurende 2024 het ons hierdie waardes in ons daaglikse aktiwiteite, projekte en inisiatiewe geïntegreer. Dit dien as 'n leidende lig wat ons help om etiese keuses te maak, spanwerk te bevorder en Solidariteit Helpende Hand se reputasie as 'n baken van integriteit en uitnemendheid te handhaaf.

Ons is opgewonde oor die moontlikhede wat voorlê en die positiewe impak wat ons in ons gemeenskappe kan maak as ons getrou bly aan ons waardes.

# NAVORSING, PROGRAMME EN OPLEIDING





## NAVORSING, PROGRAMME EN OPLEIDING

In 2024 het die Programme en Opleiding-afdeling van Solidariteit Helpende Hand 'n doelgerigte pad van groei en ontwikkeling gevolg. Die jaar is gekenmerk deur spanwerk, noukeurige beplanning, strategiese hoogtepunte, en die kafdraf van uitdagings. Dit het die weg gebaan vir verdere ontwikkeling in 2025.

Die jaar het afgeskop met 'n strategiese werkswinkel wat nuwe rigting gegee het aan die Opleidingsinstituut se visie. Akkreditasies soos die Occupational Certificate: Home Based Personal Care Assistant was 'n groot mylpaal, alhoewel die administratiewe proses met QCTO geweldige uitdagings meebring. Die span het egter deurentyd met volharding gewerk om uitdagings te oorkom.

Die kampus het fisies 'n transformasie ondergaan. Nuwe lesinglokale, 'n biblioteek en kantoorruimtes is geskep. Hierdie opgeknapte fasiliteite verbeter die leerervaring vir al ons studente. Ook op kulturele vlak is die identiteit van die Opleidingsinstituut versterk met die herskryf van die "Sorggebed"-lied en die identifisering van kernwaardes.

2024 was ook vir die Navorsing-afdeling 'n jaar van netwerk en betrokkenheid by gemeenskapsaktiwiteite. Hoogtepunte soos die Krisisberaad en die ondersteuning van aksies teen die Bela-wetgewing het Solidariteit Helpende Hand se invloed verder uitgebrei.

Die samewerking en ondersteuning wat donateurs bied, is vir ons van onskatbare waarde. Ons is dankbaar vir die oprigting van verskeie studiefondse en die betrokkenheid van hierdie donateurs by die Opleidings-instituut wat ons ondersteun om ons voetspoor verder in gemeenskappe uit te brei.

Terselfdertyd het ons studente ‘n positiewe impak op die gemeenskap gemaak met hul deelname aan gemeenskapsprojekte. Die voortdurende ondersteuning aan ons studente op ‘n holistiese wyse voorsien nie net in die studente se behoeftes nie, maar ook in die gemeenskap s’n, want so maak ons gemeenskappe sterker.

Die jaar se suksesse is ook weerspieël in die uitbreiding van kortkursusse, insluitend Noodhulp vlak 1, Begeleiding van persone met gestremdhede en Inleiding tot palliatiewe sorg.

Finansiële uitdagings is met kreatiewe oplossings aangepak, insluitend Solidariteit se nuwe finansiële program en rentevrye studielenings wat gehalte-onderrig vir meer studente toeganklik maak. Nuwe bemarkingsinisiatiewe, soos deelname aan KragDag en stalletjies by verskeie geleenthede in die gemeenskap, het bygedra tot bewusmaking.

Samewerking tussen personeel, studente, donateurs en vennote het gelei tot ‘n dinamiese opleidingsomgewing wat die gemeenskap se verantwoordelikheid en professionele groei bevorder.

Met 2024 se dankbare suksesse as fondament stap die Navorsing, Programme en Opleiding-afdeling 2025 vol selfvertroue in, gereed om verder spore te trap en hoop in die gemeenskap te bring.











# MAATSKAPLIKEWERKDIENSTE






# MAATSKAPLIKEWERKDIENSTE

Solidariteit Helpende Hand se Maatskaplikewerkdienste-afdeling (MWD) speel 'n sleutelrol in gemeenskapsontwikkeling deur maatskaplike uitdagings met toewyding en professionaliteit aan te pak. In 2024 het die afdeling voortgebou op sy gevestigde strategie van die doelgerigte maatskaplike ontwikkeling van gemeenskappe. Met 'n kombinasie van motivering, werksyn, wilskrag, en die mobilisering van gemeenskappe, bly die MWD 'n spilpunt in Solidariteit Helpende Hand se strewe na volhoubare voorspoed vir Afrikanergemeenskappe.

Die MWD fokus daarop om gemeenskappe professioneel en toegewyd te ondersteun. Dit sluit in die hantering van hulpversoeke, netwerkvorming, opleiding en die implementering van projekte wat gemeenskappe bemagtig en strukture versterk. Die doel is nie om net die onmiddellike behoeftes van gemeenskappe te hanteer nie, maar ook om langtermynvolhoubaarheid en selfstandigheid te bevorder deur betekenisvolle verhoudings te bou en programme te vestig.

## Maatskaplikewerkdienste-span

Die MWD se personeelstruktuur is in 2024 tot volle kapasiteit versterk. Die afdeling bestaan tans uit 'n afdelingshoof, 2 maatskaplike bestuurders, 16 streeks- maatskaplike werkers, en 'n maatskaplike werker op hoofkantoor wat by programontwikkeling betrokke is.



## Maatskaplike impak

Die assessering en hantering van maatskaplike hulpversoeke is 'n integrale deel van die streeks- maatskaplike werkers se take.

In 2024 is 5 976 hulpversoeke en 911 statutêre aanmeldings hanteer. Die MWD is deurlopend besig om Solidariteit Helpende Hand se streekstrukture, soos die vrywilligertakke, te begelei om saam met die res van die organisasie te streef na voorspoed vir Afrikanergemeenskappe. Hierdie begeleiding vind plaas deur doelgerigte besoeke en opleiding aan die streekstrukture. In 2024 het die afdeling met uitnemendheid presteer deur 1 926 doelgerigte besoeke aan streek-strukture te bring.

Netwerkvorming en -vestiging is 'n noodsaaklike taak wat die MWD-afdeling vervul om gemeenskappe se hulpbronne te mobiliseer sodat daar in elke gemeenskap se behoeftes voorsien kan word. In 2024 het dié afdeling die meeste netwerkbesoeke ooit in die afdeling se geskiedenis by 'n wye verskeidenheid instansies en organisasies afgelê, naamlik 2 092. Die MWD speel 'n deurslaggewende rol in die toenemende aansien wat Solidariteit Helpende Hand in gemeenskappe geniet.



## Hoogtepunte

Die MWD kyk met dankbaarheid en trots terug op verskeie hoogtepunte in 2024. Bestaande programme en projekte het nuwe hoogtes bereik, en splinternuwe, innoverende projekte is van stapel gestuur. Die Wil om te Help-veldtog, wat oor die jare sinoniem met die afdeling geword het, was weereens 'n reusesukses. Uitstekende bewustheid van die maatskaplike professie word deur hierdie projek geskep, en hulde word aan maatskaplike werkers gebring. Hierdie veldtog plaas jaarliks die maatskaplikewerkersprofessie op die voorgrond en in hierdie jaar is kleur gebruik om die kernwaardes van maatskaplike werk te verteenwoordig: blou simboliseer vertroue, groen groei, en pers waardigheid. Hierdie kleure weerspieël nie net die beroep se doelwitte en toewyding nie, maar bevorder ook eenheid onder maatskaplike werkers. Opleiding vorm 'n kernaspek van gemeenskapsontwikkeling en die bemagtiging van individue deur kennis en vaardighede oor te dra. In 2024 het die maatskaplike werkers spesifiek gefokus op die verskaffing van opleiding oor die aanmeldingsproses rakende kindermishandeling en mishandeling van ouer persone.

Hierdie opleidingsinisiatiewe is daarop gemik om bewusmaking te verhoog, gemeenskapslede toe te rus en effektiewe optrede met die hantering van hierdie kritieke maatskaplike kwessies te bevorder.

Die Seniors in Aksie-program, wat op die algemene welstand van ouer mense fokus, het vanjaar 15 groepe seniors bereik. Die projek, wat bekendstaan as Kuier, Klets en Kielie die Spiere, word deur vrywilligers van Solidariteit Helpende Hand met deernis en passie vir ouer mense aangebied.

Die afdeling het vanjaar spesifiek gefokus op die vlagskip-projekte wat in elke streek geloods is. Hierdie projekte het die streke en vrywilligertakke die geleentheid gebied om aktief betrokke te raak en ons voetspoor in die gemeenskap verder te versterk. Verskeie suksesvolle en volhoubare projekte het uit hierdie inisiatiewe voortgespruit; dit sal in die toekoms herhaal en in al die streke gedupliseer gaan word. Die projekte sluit onder meer die volgende in: Een Hart, Een Huis; Projek Heel; Droomboekrak; Gryses en Groentjies; en die Speldekussing.

Ten spyte van veelvuldige uitdagings skram die MWD nie weg van hul roeping om gemeenskappe te ontwikkel en te ondersteun nie. Gegrond op die waardes van roeping, getrouheid, nederigheid, geloof en uitnemendheid word die afdeling jaar na jaar sterker en meer vasberade om te verseker dat die organisasie se visie van volgehoue voorspoed vir ons gemeenskap gestalte kry.



# ONS PLEK EN SENTRUM EN NASIONALE STRUKTURE





# ONS PLEK EN SENTRUM EN NASIONALE STRUKTURE

Dit is 'n voorreg om terugvoer te gee oor die bydrae wat die Helpende Hand Ons Plekke en Sentrum asook die Nasionale Strukture gelewer het ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling vir die tydperk 1 November 2023 tot 1 November 2024. Solidariteit Helpende Hand fokus op kinders, gesinne, bejaardes en persone met gestremdhede, en hierdie afdeling het daarin geslaag om aandag te gee aan drie van hierdie groepe.

Die jaar is gekenmerk deur hoogtepunte, uitdagings en ongekende seën. Vrywilligers en gemeenskapsbetrokkenheid en -ondersteuning het dienslewering op vele terreine moontlik gemaak.

## Ons Plek

Solidariteit Helpende Hand Ons Plek is 'n opvoedkundige gemeenskapsfasiliteit en voldoen aan spesifieke regulasies. Ons Plek bied gehalteonderrig in Afrikaans en terselfdertyd 'n kultuurtuiste vir ons kinders. Die Ons Plekke fokus daarop om langtermynhulp binne volhoubare strukture te bied aan kinders vanuit verskillende ekonomiese agtergronde. Ons het 'n gemeenskaplike verantwoordelikheid saam met ander afdelings, skole en instansies, naamlik die opvoeding van ons kinders. Die primêre doel van die Ons Plekke is die veilige versorging van ons kinders, doeltreffende opvoeding en onderrig en die ontwikkeling van elke kind se potensiaal. Onderrig vind daarom plaas in kleuterskole en naskoolsentrums in 'n veilige omgewing.




Die afgelope jaar is gekenmerk deur etlike hoogtepunte by die Helpende Hand Ons Plekke.

Meer as 'n derde van ons leerders kan nie skoolgelde bekostig nie en dit skep 'n voortdurende finansiële uitdaging. Die StapSaam-fonds is gestig as 'n subsidiefonds vir kleuters en naskoolleerders wie se ouers nie die maandelikse sentrumfooie kan bekostig nie. Die barometer het teen 10 Oktober op R863 264,14 gestaan. Dit sal verdeel word tussen al die Ons Plekke.

Ons vier ons 10-jarige bestaan met 'n dankiesê-donateursfunksie by al die Ons Plekke asook op Erfenisdag by die Voortrekkermonument. Ses van die Ons Plekke se kinders en personeel was ook by die Voortrekkermonument verteenwoordig.

'n Bemarkingsvideo is vervaardig waarin die holistiese diens van baba tot student uitgebeeld word.

Ons bied tweeweekliks interne opleiding aan al die kleuterskoolpersoneel ten einde hul groei en ontwikkeling te bevorder. 'n Vier dae lange werkswinkel oor opleiding, ontwikkeling en beplanning is suksesvol in Julie vir ons sentrumbestuurders aangebied.

Kinderbeskermingsweek was weer 'n hoogtepunt op ons kalender en inligting is aan die gemeenskap deurgegee deur middel van Maroela Media-artikels, radio-onderhoude en sosiale media.

Ons Helpende Hand Motorfietstak het uitgereik na die kinders van die Strand en Naboomspruit. Akademia- en Sol-Tech-studente het opknappingswerk gedoen by twee Ons Plekke.

Elke Ons Plek het 'n PlantSelf-koepel ontvang. Die Ons Plek-skoollied "Ons behoort" is met 'n video bekendgestel.

Die Ons Plekke akkommodeer tans landswyd 136 kleuters en 192 naskoolleerders. Ons 44 opgeleide personeellede sien daagliks toe dat hulle opvoeding en onderrig van hoë gehalte ontvang sodat hulle optimaal kan ontwikkel.

Die sewe Ons Plekke lewer 'n holistiese diens deur ander professies soos terapeute by ons kinders se ontwikkeling te betrek, ouerverrykingsessies aan te bied en in sommige gevalle in materiële behoeftes te voorsien. Kinders word dus emosioneel, fisies, geestelik en kultureel versorg en dit lei tot effektiewe groei en ontwikkeling.

Ons kweek by ons kleuters en skoliere 'n liefde vir Afrikaans, ons kultuurerfenis en geskiedenis. Dit is 'n geweldige groot voorreg en verantwoordelikheid wat ons as deel van die Solidariteit Beweging se Onderwysnetwerk opneem om kinders te dien en ontwikkel.




## ONS PLEK EN SENTRUM EN NASIONALE STRUKTURE

### Ons Sentrum

Die Ons Sentrum is Solidariteit Helpende Hand se terapiesentrum in Pretoria-Noord wat terapeutiese dienste lewer aan kinders en hul ouers wat dit andersins nie kan bekostig nie. Hierdie diens het die afgelope paar jaar onmisbaar geword. Ons het ook twee satellietsentrums, een in Benoni en een in Centurion.

By die Ons Sentrums is kinders se trauma tydens 854 terapeutiese sessies aangehoor en 63 ouerverrykingsessies is aangebied om ouers toe te rus om hul kinders optimaal te ondersteun. Ons is dankbaar vir die opleiding van drie professionele persone met die doel om kundigheid te ontwikkel en opgeleide terapeute in die gemeenskap uit te stuur. Yolandi Singleton was ook in samewerking met AfriForum betrokke by webinare, en leerders en onderwysers is by verskeie skole opgelei. Kinders en hul ouers kry die geleentheid om trauma te verwerk en vaardighede aan te leer om uitdagende situasies te bestuur.

### Solidariteit Helpende Hand Motorfietsklub

Die Solidariteit Helpende Hand Nasionale Motorfietsklub het aktiewe takke in die Wes-Kaap, Pretoria, Wes-Rand en Bo-Karoo.

Die Motorfietsklub funksioneer aktief op uitnodiging van die Solidariteit Helpende Hand-streeksorganiseerders of op eie inisiatief as hulle behoeftes in die gemeenskap identifiseer waarin hulle wil help voorsien. Die Motorfietsklub staan onder leiding van

Manie van Niekerk, die president, en die visepresidente van die verskillende takke. Die klub genereer hul eie fondse en speel 'n belangrike rol in Solidariteit Helpende Hand se diensverskaffing.

Die Hehachura-bediening in Pretoria reik met Christelike byeenkomste geestelik uit na veral bejaardes en mense met gestremdhede in verskillende instellings. Johan Böning is hoofsaaklik verantwoordelik vir hierdie bediening.

Die Motorfietsklub het die afgelope jaar dramaties gegroei tot 97 aktiewe lede. Hulle vat ook hande met ander motorfietsklubs ten einde netwerkverhoudings te bou en samewerking in die gemeenskap te versterk.

Die volgende hoogtepunte
kan uitgelig word:
'n Baie suksesvolle kombersrit met 'n goeie opkoms; talle komberse en warm klere is ingesamel en aan mense in ouetehuise en kinderhuise geskenk.

Die Helpende Hand Motorfietstak het baie vinnig gegroei en is tans die grootste Motorfietsklub in Pretoria en hopelik binnekort ook in Noordwes.

'n Uitreik na die Ons Plek Naboomspruit en 'n tehuis vir bejaardes in Naboomspruit waar 130 bejaardes bereik is

'n Suksesvolle doekerit in Pretoria en die Wes-Kaap

Die Ons Plek se viering van hul 10de verjaarsdag by die Voortrekkermonument




op 24 September
Deelname aan die Bela-protesoptog op 5 November

Bekendstelling van die Helpende Hand Motorfietsklub se eie vlag en eie korporatiewe drag

Positiewe samewerking tussen die Helpende Hand Motorfietsklub en ander Helpende Hand-strukture

## Solidariteit Forum vir Persone met Gestremdhede

Net ongeveer 17% van die populasie is mense met gestremdhede. Die Forum beywer hom egter steeds om die publiek bewus te maak van en in te lig oor mense met gestremdhede sodat ondersteuning aan hulle 'n al groter verskil in hulle lewens kan maak.

Uitdagings in die gemeenskap word geïdentifiseer en vraag-en-antwoord-sessies daaroor vind elke ses weke aanlyn plaas. Lede van die gemeenskap en professionele persone kan daarby inskakel. So word netwerkgeleenthede geskep en gefasiliteer, en betrokkenes word met die nodige inligting toegerus. Van die onderwerpe wat in 2024 aandag geniet het, is serebrale gestremdheid, gehoorverlies by

kinders, epilepsie, downsindroom en outisme. Op 31 Julie is ongeveer 50 organisasies tydens 'n verrykingsoggend vir bestuurders van tehuise bereik. Ongeveer die helfte het die verrigtinge persoonlik bygewoon en die res het via die internet ingeskakel. Dr. Marietha Malan het gesels oor hoe om uitdagende gedrag te hanteer, Constanze van der Walt oor die saamstel van 'n gemeenskapskomitee, en dr. Gustav Gous oor hoe om personeel te motiveer.

Op 19 September is die vierde LIG-konsert aangebied met die tema "Die lewe skuld jou niks". Dit was weereens 'n hoogtepunt. AfriSkuld was die hoofborg en die wenners van die Sê jou Sê-kultuurkompetisie is ook tydens die geleentheid aangekondig.

Solidariteit Helpende Hand se Sentrums en Nasionale Strukture dra by tot die implementering van Helpende Hand se Gemeenskapsontwikkelingsplan. Ons sien uit na verdere groei en samewerking tussen personeel en vrywilligers in 2025 sodat dit kan lei tot selfstandigheid.

Ons is opreg dankbaar teenoor elke vrywilliger en donateur wat ons gehelp het om tot diens te wees. Ons opregte dank aan ons uitvoerende hoof, Hannes Noëth, en ons direksie vir hulle leiding en ondersteuning.

Ons glo deur saam te werk en om te sien na die behoeftes van ons kinders, gesinne, bejaardes en mense met gestremdhede verander ons nie net hul lewens nie maar bou ons ook 'n positiewe nalatenskap vir die toekoms. Ons glo ons sal in 2025 bydra tot die welstand van elkeen in ons gemeenskap.












## ONS PLEK KEMPTON PARK

Hoogtepunte van die jaar sluit in wye deelname aan buitemuurse aktiwiteite soos fotodae, ouma-en-oupa-dag, ons konsert, donateursfunksie en Kersboomfunksie. Dit het 'n positiewe impak gehad op die fisieke en sosiale ontwikkeling van ons kleuters en die suksesvolle, gedenkwaardige oomblikke het ons gemeenskap verenig. Ons het ook 'n suksesvolle uitstappie na die Voortrekkermonument georganiseer vir die viering van Helpende Hand se 10de bestaansjaar. Dit is deel van ons doelwitte om vir die kinders leersame ervarings te skep en hulle bloot te stel aan ons geskiedenis en kultuur.

Ons kleuters ontvang 'n holistiese diens. Kleuters se individuele behoeftes word geïdentifiseer en hulle ontvang dan die nodige ondersteuning.
Skenkings en borgskappe uit die gemeenskap stel ons in staat om 'n ryker en beter toegeruste leeromgewing te skep. Ons kon onder andere 'n gasstoof, banier en kaste aanskaf en ons buitegeboue verf. Ons is opreg dankbaar vir NG Gemeente Kempton-Kruin se ruim bydrae en die fisiese werk wat hulle op die terrein verrig het.

Ons Plek Kempton Park se herregistrasie by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is suksesvol afgehandel en







ons is dankbaar dat ons ook aan die wetlike vereistes van die Kinderwet voldoen.

Ten spyte van ons suksesse het ons ook enkele uitdagings ervaar. Personeel het die skool verlaat en ons ouers ervaar geweldige finansiële uitdagings wat meebring dat hulle nie die skoolfooie kan betaal nie. Finansies en die instandhouding van die geboue bly 'n kwessie, daarom is deurlopende fondsinsameling en werwing van gemeenskapslede en donateurs nodig. Ons demografie verander en ander kleuterskole trek die betalende kleuters, terwyl ons aantal betalende leerders afneem en die navrae van ouers vir subsidie toeneem.

Ons beskou die afgelope jaar as 'n reis van voortdurende ontwikkeling en gemeenskapsbetrokkenheid. Alhoewel ons uitdagings ervaar het, het elke hindernis ons aangemoedig om veerkragtiger te wees en ons toewyding aan 'n ryk en inklusiewe leeromgewing te herbevestig. Ons waardeer die ondersteuning van ons gemeenskap, personeel, kleuters, naskoolleerders, ondersteuners, donateurs en vrywilligers. Met dankbaarheid en 'n blik op 'n opwindende toekoms sluit ons hierdie jaar af, gereed vir nuwe geleenthede en samewerking in die komende jaar.





# Ons Plek Derdepoort

Ons Plek Derdepoort is tans die naskooltuiste van net oor die 60 kinders uit 7 skole. Ons bedien graad 1-12-leerders in 17 verskillende fases (CAPS/gewoon, dCAPS, remediërend en voorbereidingsjaar).

Ons leerders is geseën met meer as 100 merietetoekennings.

Die Buffelsfontein-groep het 'n baie nodige nuwe bussie aan Ons Plek Derdepoort geskenk. Ons glo daaraan om ook ander te seën, daarom het ons ons ou bussie aan Ons Plek Horison geskenk.

Ds. Swanepoel is die nuwe leraar by die Gereformeerde gemeente Derdepoort en dit is 'n vreugde om hom hier te hê. Sy hande staan vir niks verkeerd nie – van ondersteuning en planne maak tot hulp verleen.

Dr. Eon Sonnekus lewer ook fantastiese lewensveranderende diens aan ons seuns. Hulle ontvang nie net terapie nie maar ook 'n lewenskursus.

Ons Plek Derdepoort se StapSaam-fonds het 'n skenking van R10 000 ontvang en ons fondsinsamelings het goed afgeloop.

Uitstappies is altyd 'n hoogtepunt. Ons besoek aan die Voortrekkermonument op Erfenisdag was 'n fees gewees; ouers en kinders het die dag saam geniet.

Ons bedank graag die volgende borge:

- Boulevard Catering
- Dewfresh
- Buffelsfontein-groep
- Departement van Sport, Kuns en Kultuur
- Me. Joey West
- Seeds of Glory
- PVM Nutritional Sciences
- Holanathi
- Protek
- CHG Function Hire




# Ons Plek Horison

Ons plek Horison se grootse uitdaging in 2024 was vervoer. Ons kon gelukkig altyd 'n plan maak deur van die ouers te vra om te help wanneer die Ons Plek-bestuurder nie kon ry nie.

Ons het op 1 November 2024 'n bussie te leen gekry van Ons Plek Derdepoort en dit is voorwaar 'n groot seëning. Ons moes wel die bussie se remstelsel vervang en hy het 'n brandstoflek, maar dit is steeds 'n wins vir ons.

Ons is geweldig geseën deur die BNI-takke in Roodepoort en Krugersdorp wat ons gehelp het om 'n suksesvolle Barnyard-funksie aan te bied; ons het 'n wins van nagenoeg R21 000 gemaak. Een van die BNI-taklede in Roodepoort het ook 'n vrieskas aan ons geskenk. BNI het ook drie gebruikte skootrekenaars aan ons geskenk vir gebruik met Wolkskool.

Ons het 'n donasie van R5 000 ontvang van 'n onbekende skenker, R4 000 van een van ons vrywilligers vir kosaankope en R3 500 van Johan van der Walt van die Ons Winkel Roodepoort vir die aankoop van hempies en pette vir die kinders.

Ons kry gereeld vleis van die HelpJag-projek, kos van Holanathi en melk van Dewfresh en deel dit met die gemeenskap.

Begin 2024 het ons 15 kinders van 6 tot 14 jaar gehad; tans het ons 18.

Ons uitstappies tydens skoolvakansies en ons fondsinsamelingsgeleenthede was die jaar se hoogtepunte:

- Liewe Heksie-vertoning: 21 Maart 2024
- Roodepoort-museum: 25 Junie 2024
- Johannesburg Dieretuin: 28 Junie 2024
- Vleisfees: 3 Augustus 2024
- Barnyard: 8 Augustus 2024
- Voortrekkermonument: 24 September 2024
- Roelof Temmingh se musiekvertoning: 1 November 2024
- Pretfees: 2 November 2024
- Donateursfunksie: 16 November 2024




# Ons Plek Naboomspruit

'n Belangrike mylpaal in ons groei was die toevoeging van twee nuwe personeellede wat net 'n aanwins vir Ons Plek Naboomspruit is. Hulle bring nuwe idees en ook die nodige kundigheid en passie om Ons Plek se missie te ondersteun. Hul samewerking het ons in staat gestel om ons daaglikse bedrywighede makliker te bestuur en meer doeltreffend te werk.

Aan die begin van April 2024 het Ons Plek 'n nuwe dak gekry. Dit verseker die veiligheid en beskerming van ons fasiliteite en simboliseer 'n nuwe begin. Die herstelwerk het nie net 'n verbetering in ons fisiese ruimte meegebring nie, maar het ook die moraal van die Ons Plek-span en -kinders verhoog.

'n Ander hoogtepunt van 2024 was die suksesvolle implementering van ons PlantSelf-projek wat tot die begin van ons eie groentetuin gelei het. Hierdie tuin verskaf nou vars groente aan ons kombuis en help nie net om ons voedingsbehoeftes te dek nie, maar het ook die kinders betrek by die proses van groei en om selfonderhoudend te wees. Die tuin bevorder gesonde eetgewoontes en leer die kinders ook waardevolle lewensvaardighede.

Die StapSaam-fonds het vanjaar 'n baie belangrike rol gespeel in die befondsing van ons verskillende projekte. Met die steun van ons vriende en borge kon Ons Plek Naboomspruit die nodige hulpbronne insamel om ons werk voort te sit en te verbeter. Die fondse wat ingesamel is, het ons in staat gestel om nie net die fisiese fasiliteite te verbeter nie, maar ook om meer kinders die geleentheid te gee om by ons programme betrokke te raak.

In April 2024 het ons die voorreg gehad om die SHH Motorfietsklub by Ons Plek Naboomspruit te verwelkom. Die groep het met die kinders gesels en gespeel en die interaksie was vir ons kinders én vir die besoekers 'n heerlike ervaring. Hierdie samewerking het ons bande met die SHH Motorfietsklub versterk.

In Mei 2024 het ons begin met ons KultuurUur-program wat daarop gemik is om die kinders se kulturele bewussyn en kreatiwiteit te bevorder. Die program het 'n groot positiewe impak op die kinders gehad.

Die eksamen in die middel van die jaar het bewys dat ons kinders uitsonderlik goed vaar. Hulle het indrukwekkende prestasies behaal wat hul harde werk en die onderwysers en ondersteuningspan se toewyding weerspieël. Ons weet hulle gaan net so goed presteer in die eksamen aan die einde van die jaar.

In Junie het ons die geleentheid gehad om die Konsentrasiekamp te besoek. Hierdie ervaring het die kinders van ons geskiedenis geleer, hoe belangrik samewerking is, en om vryheid te waardeer. Dit was 'n emosionele en opvoedkundige ervaring wat hulle vir altyd sal onthou.

Ons is dankbaar vir die vleis wat ons van HelpJag ontvang het. Hierdie donasie het ons gehelp om ons etes te verbeter en ons kinders van gesonder kos te voorsien. Die samewerking met HelpJag het nie net finansiële steun gebring nie, maar het ons in staat gestel om 'n meer volhoubare benadering tot voedselsekuriteit te volg.



In Augustus het Ons Plek Naboomspruit twee jaar oud geword. Hierdie mylpaal was 'n belangrike oomblik vir ons, want dit het ons die geleentheid gegee om terug te kyk op alles wat ons al bereik het, en dankie te sê vir al ons ondersteuners.

Ons is opgewonde oor die pad wat voorlê en die groeikans wat ons in die toekoms sien.

Op 24 September 2024 het ons die Voortrekkermonument besoek en Ons Plek se 10de verjaarsdag saam met die Motorfietsklub gevier. Dit was 'n ongelooflike dag vol vreugde en refleksie op die 10 jaar van harde werk in ons afdeling en verbintenisse wat gevorm is met ons gemeenskap en die mense wat die Ons Plekke moontlik gemaak het.

2024 was 'n jaar van prestasies en belangrike mylpale vir Ons Plek Naboomspruit. Die betrokkenheid van ons personeel, gemeenskap en borge het nie net fisiese verbeterings moontlik gemaak nie, maar ook 'n ongelooflike impak op die kinders en die gemeenskap. Ons sien uit daarna om 2025 met 'n positiewe gesindheid en nuwe doelwitte aan te pak.



# Ons Plek Strand

Ons het dié jaar 'n uitdaging beleef toe befondsing van Luxembourg onttrek is. Lorraine Lombard het egter in Januarie R100 000 aan ons geskenk en die AJ De Kock Trust R50 000 tydens die viering van ons 10de verjaarsdag.

Ons groot hoogtepunt hierdie jaar was die viering van Ons Plek se 10de verjaarsdag. Ons het 'n pragtige funksie gehad wat bygewoon is deur oor die 100 mense, insluitend mnr. Flip Buys, dr. Dirk Hermann en verskeie borge. Ons het hulle stylvol ontvang en vir hulle 'n skaap aan 'n spit gebraai.

Ons het tans 8 kleuters en 68 naskoolleerders. Tydens ons opedag het ons sewe nuwe inskrywings gekry.

Ons Plek Strand het die afgelope 10 jaar byna 1 000 kinders versorg.







# Ons Plek Suidkus

Aan die begin van die jaar het die skool gesukkel met beurtkrag en nie 'n landlyn of internet gehad nie. Vir 'n tydperk moes ons staatmaak op 'n dongel, maar na 'n lang proses kon ons oorgaan na Frogfoot-veselinternet. Nadat die Telkom-rekening vereffen is, het ons 'n selfoon aangeskaf en die foonnommer het dus verander.

Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) is verskeie kere versoek om die skool te besoek maar ongelukkig is geen van verskeie afsprake nagekom nie. Ons het wel 'n nommer van 'n maatskaplike werker van DMO ontvang en sy het uiteindelik op ons versoek gereageer. Sy het ons skool besoek en verduidelik dat die departemente saamgevoeg is en dat sy as die kontakpersoon vir kleuterskole aangewys is. Sy het ons 'n dokument laat invul en dit by die departement ingedien. Tans wag ons vir terugvoer vanaf die departement.

In die eerste kwartaal was daar verskeie onderwysposte oop by die kleuterskool. Dit het die kleuters baie onseker gemaak, maar gelukkig is die poste aan die einde van die kwartaal gevul en die kleuters het vinnig aanklank gevind by die nuwe onderwysers. Daar was op 'n stadium slegs tydelike personeel, en dit was moeilik om reëls, regulasies en opleiding vir die personeel te gee sodat die skool as 'n eenheid kan werk.

Deur die loop van die jaar het dit duidelik geword dat die instandhouding van die skool 'n groot prioriteit is. Voorheen is daar nie aandag gegee aan instandhouding nie en ons pluk nou die suur druiwe. Die fondse wat ons met projekte genereer, word tans alleenlik vir instandhouding gebruik. Die betonmure het gekraak en die lemmetjiesdraad bo-op het geroes. Ons het daagliks gesukkel met die

kleuters se toilette waar die pype, krane en waterbakke baie oud was.

Die speelterrein het 'n verskeidenheid speelapparate nodig vir die kleuters om meer vaardighede aan te leer as om net te klim en klouter.

Die rekeningstate van die ouers het nie ooreengestem met die finansiële afdeling en kleuterskool se inligting nie. Die ouers was baie ongelukkig, omdat ons na hul mening onbevoeg is om die werk te doen. Na baie verduidelikings het die ouers daarby berus dat 'n nuwe stelsel verkry is om ons as sentrumbestuurders en die finansiële afdeling te help. Wietse van der Westhuizen het in Junie besoek afgelê by Ons Plek Suidkus en na elke staat van elke leerder gekyk. Dit is ontleed en aangepas totdat die finansiële afdeling en die kleuterskool ooreengestem het oor die bedrae op elke leerder se staat. Na die besoek is verskeie regstellings gemaak. Die sentrumbestuurder moes vir elke verandering 'n rede aangedui. In November is fakture uitgestuur na die ouers. Ongelukkig versoek die ouers nie 'n faktuur nie maar rekeningstaat wat vorige betalings reflekteer. 'n Volle rekeningstaat is ongelukkig nie beskikbaar nie weens die nuwe program by die finansiële afdeling wat datums verander sodra 'n transaksie gedoen word.

Verskeie projekte moes gekanselleer word weens 'n gebrek aan belangstelling van die ouers. Dit wil voorkom of hulle hierdie jaar glad nie verstaan dat hulle 'n verantwoordelikheid het teenoor hulle kleuter nie. Projekte, spesiale aande, oueraande en skoolfooie was die laaste waaraan die ouers aandag gegee het.

Die jaar het op 'n positiewe noot afgeskop met 'n komitee wat opgewonde was oor die jaar se projekte. Gedurende Januarie en Februarie het die kleuterskool nuwe inskrywings gekry en die kleutergetalle het geklim – iets waaroor ons baie dankbaar is.

Verskeie besighede maak dit moontlik om ons kleuters se veiligheid te verseker. 'n Gevaarlike dreineringsgat is opgevul en die sandput is met nuwe sand gevul. Die Durbanse Nomads-gholfspelers het die stukkende mure vervang en lemmetjiesdraad daarop aangebring, en 'n groot groentekweekhuis vir die kleuterskool opgerig. 'n Donateur het 'n skenking gemaak om 'n nuwe plastiese klimraam vir die jonger kinders se speelarea te bou. Na die gholfdag was daar genoeg fondse om al die toilette, waterbakke en pype in die skool te vervang.

Hannes Noëth en die streekspersoneel besoek die kleuterskool op Moedertaaldag en die kleuters ontvang elk 'n storieboek van Hannes. Tot vandag praat hulle van "oom Hannes" en wil weet wanneer hy weer kom kuier.

Die kleuters vier vir die eerste keer Krugerdag deur soos Paul Kruger aan te trek en op die speelterrein na die Kruger-miljoene te soek. Elke kleuter moes ook 'n interessante feit oor oom Paul Kruger in die klas vertel.

Die komitee wat jaarliks die Oppikus-musiekfees reël het die kleuterskool gevra om die kindertent tydens die fees te behartig. Dit was vir ons 'n voorreg en ons sien daarna uit om dit volgende jaar weer te doen.

Tydens ons jaarlikse konsert en gradeplegtigheid het ons die FAK se 95ste

verjaarsdag gevier. Die ouers en ander donateurs wat die konsert bygewoon het, het die oggend baie geniet en almal het positiewe terugvoering gegee.

Ons het ook die viering van die Ons Plek se 10de verjaarsdag op Erfenisdag by die Voortrekkermonument bygewoon. Dit was 'n belewenis en saam het ons geskiedenis gemaak.

Ons Plek Suidkus het sterk bande met Suid-Natal Primêr en die Tafelronde. Gedurende die jaar het die kleuterskool verskeie markdae by Suid-Natal Primêr gehou. Ons is ook genooi om deel te neem aan hulle wintersportdag en ons konsert/gradeplegtigheid is in hulle skoolsaal gehou. Die laerskool ondersteun ons kleuterskool en die kleuterskool ondersteun die laerskool. Ons werk lekker saam om die groei van beide skole te verseker. Die Tafelronde het verskeie kere kontant geskenk sodat die kleuterskool aankope kon doen vir die markdae.

Daar is nog steeds navrae oor vervoer vanaf Ramsgate/Margate na die kleuterskool en terug. Betalende ouers vra of dit 'n opsie kan wees, want dié wat in Ramsgate/Margate werk, moet Port Shepstone toe ry om hul kinders af te laai en weer terug. Die opsie word ondersoek.

Personeel wat aan die begin van die jaar aangestel is, werk lekker saam as 'n span. Maandelikse individuele gesprekke toon dat elkeen gelukkig is en hierdie span bo ander verkies. Daar word gedurig geskerts en gelag.

Konstante instandhouding by die kleuterskool in noodsaaklik. Die doel is om die kleuterskool op 'n hoë standaard te kry sodat ons meer kleuters kan lok. Ons werk ook hard daaraan om finansieel onafhanklik te wees raak en nie afhanklik te wees van hoofkantoor nie.

Personeel wat verhuis het, het bedank. Daarna is onderhoude gevoer en nuwe permanente personeel is aangestel.

Daar was 'n klein afname in die middel van die jaar nadat die gesin van 'n tweeling na Duitsland verhuis het en dié van 'n broer en suster om finansiële redes na Gauteng. Die syfers het weer gestyg na die opedag toe kleuters ingeskryf is en dadelik begin skool toe kom het sodat hulle in 2025 reeds gewoond kan wees aan die skool se roetine.

Ons het nuwe vrywilligers bygekry nadat ons die kindertent by Oppikus-musiekfees behartig het. Van die Tafelronde se dames het ook aangebied om ons met projekte te help.





# Ons Plek Volksrust

Hierdie jaar was 'n goeie jaar vir Ons Plek Volksrust. Ons het baie gegroei en uitgebrei en wonderlike hoogtepunte en mooi oomblikke beleef.

Ons het 'n standvastige personeelspan en 'n ongelooflike Ons Plek-komitee.

Hierdie jaar het ons vir die eerste keer babasorg aangebied en die klassie het deur die loop van die jaar gegroei van twee babas tot vyf.

Ons sluit die jaar af met altesaam 62 kinders wat daagliks versorg word. Ons is ook trots daarop dat ons ons StapSaam-fonds se doelwit voor die afsnydatum bereik en verdubbel het.

Op 4 Mei 2024 het ons tydens ons jaarlikse gholfdag ongeveer R100 000 vir die skool ingesamel. Dit was ons derde gholfdag en daarom kon ons 'n klomp nuwe speletjies inbring en die fondsinsameling verbeter.

Ons het hierdie jaar in September ons eerste opedag gehou. Dit was weldeurdag en goed beplan. Die personeel, SHH-tak en selfs Ons Winkel het ingespring om die skool mooi te maak. Die skool het fantasties gelyk en die besoekers het die dag baie geniet.

Deur die loop van die jaar het ons maandeliks pannekoek verkoop en ons het pretwedlope gehou ten bate van die befondsing van die skool.

Op 25 Oktober 2024 het ons 'n uiters suksesvolle donateursfunksie gehou wat deur ongeveer 100 mense bygewoon is. Die tafels is versier met Ons Winkel-items en elke donateur is met 'n geskenkie huis



toe. Tydens die aandprogram het ons assistentstreeksorganiseerder, Michelle Viljoen, meer oor die streek vertel, Retha Steenkamp oor die tak en Eldrike Geldenhuys, ons sentrumbestuurder, oor die Ons Plek. Ons het deurlopend naskoolleerders gebruik om gediggies voor te dra en liedjies te sing om die mense se aandag te hou.

Op 6 November 2024 het ons ons jaarlikse kleuterskoolkonsert gehou en sommer ook die aand jaffels verkoop. Die tema van die konsert was FAK en ons is nie seker of die ouers of kinders dit die meeste geniet het nie, want die ouers het baie lekker saam gesing. Ons het ongeveer R4 000 ingesamel met die konsert en jaffelverkope.

Ons het weer 'n lekker spogdag gehou en die ouers, oumas en oupas en selfs tannies en ooms geleentheid gegee om na die kunswerkies te kom kyk en met die juffrou te gesels.

Ons het ook lekker uitstappies gehad na die polisiestasie, tandarts en 'n plaas, en Kersvader en die brandweer het ons besoek. Die kinders het dit alles baie geniet.

Ons grootste trots hierdie jaar is dat ons 'n donateur gekry het wat vir ons 'n huis gekoop het. Ons Plek Volksrust het nou sy eie plek waar ons kan verf en mooi maak! Ons kan nie wag om die huis ons eie te maak nie. Nou kan ons ook ons departementele registrasie afhandel.

Natuurlik was daar ook 'n paar uitdagings die jaar wat ons op ons tone gehou het. Die een uitdaging wat jaarliks op ons tafel kom, is die hantering van al die trauma-gevalle en die Ons Plek-kinders se maatskaplike agtergrond. Die emosionele lading wat dit op die personeel plaas, raak soms te veel en daarom is dit van uiterse belang dat ons nie net ons kinders versorg nie maar ook ons personeel.

'n Ander uitdaging is die hoeveelheid tyd wat die komitee, vrywilligers en bestuurder aan fondsinsamelings bestee.

Alhoewel die jaar soms 'n dag te lank gevoel het, kan ons terugkyk en trots wees op alles wat ons bereik het. Dit bly absoluut 'n voorreg om daagliks met kinders te kan werk en inspraak in hulle lewens te hê. Dit bly egter ook 'n groot verantwoordelikheid.

Daar is nie 'n dag by Ons Plek Volksrust wat ons nie die Here se mag en krag sien nie en daarom bly ons positief oor die werk wat ons daagliks doen. Hierdie jaar was weereens 'n bevestiging dat ons almal hier is om ons roeping uit te leef en die Here se werk te doen in Volksrust-gemeenskap.

# SOLIDARITEIT HELPENDE HAND-STREKE





# Pretoria-streek

Pretoria-streek

Helpende Hand Pretoria-streek bedien Pretoria, Bronkhorstspruit, Cullinan en Rayton, maar nie Pretoria-Oos en Pretoria-Sentraal (Centurion-omgewing) nie. Daar is tans 12 takke, een Ons Sentrum, een Ons Plek en sewe Ons Winkels in die streek.

In Pretoria-streek fokus ons op vyf kwesbare groepe, naamlik kinders, studente, gesinne, mense met gestremdhede en bejaardes.

Ons is trots op ons nuut gestigte Helpende Hand Pretoria Jeugtak met sy 10 lede. Hulle almal is entoesiasties en toegewyd aan gemeenskapsontwikkeling en wil graag die jeug dien. Die tak het duidelike doelwitte vir die komende jaar gestel om rigting te gee aan die jeug se visie en drome.



Ons leierskapprogram toon beduidende vordering. Jong seuns het 'n behoefte daaraan om sorgvrye kinderjare te beleef net soos hul ouers dit ervaar het, daarom het die graad 10- en 11-seuns die geleentheid gekry om Nazardi Sarfari's te besoek. Daar het hulle waardevolle blootstelling gekry aan plaaswerk en die uitdagings wat boere beleef.




Met die Pretoria Jeugtak se aktiewe teenwoordigheid in die gemeenskap, streef ons daarna om vertroue te vestig en toegang tot meer hulpbronne te verkry. Ons het ook die waarde van blikskud gesien waar jongmense bymekaargekom en gesê het: "Ons staan saam om 'n ander jongmens te help studeer." In slegs twee uur het ons meer as R8 000 ingesamel.

Jongmense voel baie tuis en vind waarde daarin om op 'n positiewe en genotvolle manier iets terug te gee aan hul gemeenskap. By elke projek ervaar ons 'n toename in die aantal vrywilligers wat betrokke raak en 'n groeiende toewyding aan Helpende Hand en die gemeenskappe wat ons bedien.

Die streek het vir bewusmaking en netwerkvorming 'n sakenetwerkgeleentheid by Batter Boys aangebied.

Die tema was "30 jaar na 1994 – waar is ons nou?" Sprekers by die geleentheid was prof. André Duvenhage, Cilliers Brink, Thys van Zyl en Flip Buys. James Kemp het as gespreksleier opgetree. Die terugvoer wat ons ontvang het, was baie positief.

Ons wil graag meer fokus op volhoubare projekte in die streek en gee daarom die nodige leiding en opleiding aan vrywilligers om op volhoubaarheid te fokus. Natuurlik weet ons dat ons nooit kan wegdoen met projekte wat armoede verlig nie, maar dit is vir ons 'n riem onder die hart dat ons takke in 2024 ses keer meer geld spandeer het







aan voorkoming en fondsinsameling as aan verligtingsprojekte.

Een van die mooi projekte wat deur Bronkhorstspruit-tak uitgerol is, is die sensoriese tuin by Ons Herberg in Bronkhorstspruit. Dié projek ter waarde van amper R300 000 het die gemeenskap betrek en laat saamstaan, en dit gaan in die toekoms nog vir baie seniors vreugde en vrede bring. 'n Volledige tuin is uitgelê in die vorm van die syfer 8. Pasiënte met demensie kan vrylik daar rondbeweeg sonder die vrees om te verdwaal. Al die plante en bome is eetbaar en veilig om aan te raak, en dit sorg vir kleur en vlinders om die gemoed rustig te maak.

Nog 'n projek wat die streek na aan die hart lê, is die jukskeibaan wat by die Uitkoms Versorgingsentrum vir intellektueel gestremde volwassenes opgerig is. Dit is amptelik op 12 Maart geopen vir die gebruik van buite-organisasies en instellings soos skole, tehuise en sakeondernemings. Die oogmerk is om persone met gestremdhede en die res van die gemeenskap deur middel van die baan bymekaar te bring, om 'n simboliese brug na integrasie te bou. Daar is terselfdertyd bewusmaking geskep vir die versorgingsentrum en volwassenes wat intellektueel gestremd is.

Geïntegreerde gemeenskappe met sterk waardes het 'n behoefte aan ontspanning en gesonde sosiale verkeer, daarom sal sport altyd 'n goeie medium bly om mense van verskillende agtergronde bymekaar te bring. Die Pretoria-streek en Uitkoms Versorgingsentrum nooi graag organisasies, sakeondernemings en individue om die jukskeibane te gebruik en terselfdertyd hul kennis van persone met gestremdhede te verbreed.



# Pretoria-Oos-streek

Pretoria-Oos-streek

## Een Hart Een Huis

In die hart van Pretoria-Oos het 'n merkwaardige inisiatief ontstaan wat daarop gemik is om die gebrokenheid in kinders en gesinne te heel. Die Een Hart Een Huis-projek is gebore uit 'n groeiende behoefte om ondersteuning te bied aan gesinne wat onder ekonomiese stres, lang werksure en uitgeputte ouers ly. Hierdie faktore dra by tot 'n afname in emosionele betrokkenheid en het 'n baie negatiewe impak op die gesinseenheid. Die missie van Een Hart Een Huis is om gesinne te help om hul "emosionele koppies" weer vol te maak en 'n veilige, liefdevolle omgewing te skep waar elke lid van die gesin verstaan, gerespekteer en waardeer word.



## Samewerking en betrokkenheid

Die projek het begin as 'n vennootskap met Laerskool Garsfontein wat 'n sleutelrol gespeel het in die sukses daarvan. Dit is ondersteun deur die deelname van 45 ouers en 23 kinders wat almal aktief betrokke was by die program. Ons het 'n verskeidenheid kundiges ingeroep om ouers met waardevolle insigte en hulpmiddels te help. Dit sluit die volgende in:

**FAMSA**
Bied gesinsberading ondersteun verhoudings
**Dokters**
Verskaf mediese advies en ondersteuning
**Dieetkundiges**
Help met gesonde voedingsplanne
**SFD**
Gee advies oor finansiële bestuur
**Hear in Colour**
Bied ondersteuning met ouditiewe prosessering
**Ons Sentrum**
Fokus op die welstand
van gesinne
**Arbeidsterapeut**
Stel aktiwiteite vir kinders saam
**WMB Law**
Bied regshulp aan gesinne
**Spur**
Verskaf gesonde maaltye en ondersteuning
**Ambassadeursklub 100**
Ondersteun die projek met hulle betrokkenheid

## Temas en fokusareas

**Ons het 'n reeks temas hanteer wat krities is vir gesinsondersteuning, insluitend die volgende:**

**Trauma en genesing:** Hoe om trauma in die gesin te hanteer en genees

**Huweliksverryking:** Maniere om huweliksverhoudings te versterk

**Die liefdestale:** Begrip vir die verskillende maniere waarop mense liefde uitdruk

**Gesonde maniere om spanning te hanteer:** Tegnieke om stres in die gesin te bestuur

**Finansiële bestuur vir gesinne:** Wenke om die gesin se finansies effektief te bestuur

**Kwaliteittyd saam met geliefdes:** Die belangrikheid van tyd saam met die gesin

**Ouditiewe prosessering en kinders se ontwikkeling:** Hoe ouditiewe prosessering kinders se leer beïnvloed

**Dissipline in die huis:** Effektiewe maniere om dissipline te handhaaf

**Medisyne, siektes, psigosomatiese simptome en ATHV (ADHD):** Hantering van gesondheidskwessies in die gesin

**Hantering van angs en depressie:** Ondersteuning vir geestesgesondheid

**Gesonde etes op 'n skrapse begroting:** Hoe om voedsame maaltye bekostigbaar te maak

## Kinderaktiwiteite en skenkings deur die gemeenskap

Ons het 'n spesiale kinderhoekie waar opvoedkundige speletjies en aktiwiteite aangebied word, insluitend die gewilde Kroonkinders. Verder het ons truie, komberse en handsakke vol bederfartikels en kospakkies uitgedeel aan diegene in nood. Hierdie gebare van welwillendheid het 'n groot verskil gemaak in die lewens van baie gesinne en kinders.



## Ons logo en boodskap

Die logo van Een Hart Een Huis is met sorg ontwerp om ons missie uit te beeld, naamlik dat daar altyd hoop (die lig van 'n vuurtoring) en ruimte vir groei (blare) is al is daar storms en rowwe golwe (struikelblokke) in die lewe. Hierdie simboliek weerspieël die kernwaardes van die projek: hoop, veerkragtigheid en groei.



## Die pad vorentoe

Een Hart Een Huis is net die begin van 'n groter droom. Ons kondig met trots aan dat Laerskool Garsfontein die projek in 2025 gaan voortsit. Daarby het Laerskool Constantiapark besluit om hierdie projek by hulle ook te implementeer. Dit het dus die potensiaal om nog meer gesinne te versterk en gemeenskappe te verenig.



Ons nooi almal uit om deel te word van hierdie avontuur en ons te help om 'n verskil te maak. Deur saam te werk, kan ons verseker dat gesinne die ondersteuning kry wat hulle nodig het om te floreer. Kom sluit aan by Een Hart Een Huis en help ons om hoop aan gesinne in Pretoria-Oos te bring.



# Sentraal-streek

Sentraal-streek

Ons kan met trots aankondig dat ons hierdie jaar om en by 30 nuwe vrywilligers bygekry het. Ons spog ook met 'n nuwe tak vir jong werkendes en hoop om vroeg in 2025 nog 'n nuwe tak in die Sentraal-streek te verwelkom.

Die afgelope jaar het ons streek verskeie opwindende projekte aangepak. Dit het ons gemeenskap versterk en 'n blywende impak op elke deelnemer gemaak. Een van die projekte wat veral uitgestaan het, was Rotsvas in jou Toekoms. Dit het behels dat ons ses graad 11-leerders uit die Centurion-area bygestaan het met aanlegtoetse en hulle gedurende die Junie-vakansie blootgestel het aan meer as dertig beroepe. Dit was vir ons 'n voorreg om hulle te lei en te sien hoe hulle nuwe perspektiewe en moontlikhede ontdek.

Ons het 'n lekker groot gemeenskapsprojek aangepak waar ons die gemeenskap gemotiveer het om betrokke te raak by mense met gestremdhede. Van die tehuise vir bejaardes in die gemeenskap, leerlinge van Hoërskool Eldoraigne en vrywilligers het by CLUB 21 bymekaargekom vir 'n pretdag. Ons het plantjies geplant vir leerders van CLUB 21, plakboeke gemaak vir Rusoord se demensiegang, kolwyntjies versier en lekker baie gedans.

Die streek bied ook maandeliks maatskaplike ondersteuning aan die NG Gemeente Wespoort se projek in Danville om dames te bemagtig met praatjies en praktiese inligting oor onder meer noodhulp, selfversorging, finansies en gesonde eetgewoontes.









Die streek het ook ongelooflike samewerking van en groot pret saam met studente gehad. Akademia het gedurende hulle jaarlikse omgeeweek die wonderlike inisiatief geneem om ware vir die Ons Winkels in te samel en Sol-Tech se studenteraad het gehelp om vir El-Shalem se leerders 'n sensoriese tuin te bou – 'n projek wat elke deelnemer se hart aangeraak het.

Die streek het hierdie jaar vir die eerste keer Seniors in Aksie by Ons Tuis Louis Trichard in Danville uitgerol. Om en by 20 bejaardes het met die program begin en mettertyd tot meer as 30 gegroei. In samewerking met die Irene-tak en die tehuis het ons ook vir die bejaardes 'n kunskamer ingerig waar hulle hul kreatiwiteit kan uitleef.

Hoërskool Eldoraigne se leerders het 'n heerlike middag lank saam met die bejaardes by Rusoord bingo gespeel. Rusoord se bejaardes het ook saam met die jong werkendes voëlhuisies geverf vir die tehuis se demensiegang.

Die Annabel-projek is hierdie jaar vir die sesde keer in die streek aangepak en dit was net so suksesvol soos in vorige jare. Agt tienerdogters uit die Elandspoort-area kom maandeliks saam met van die streek se vrywilligers bymekaar vir hierdie opleidingsprojek waar die dogters bemagtig word met 'n verskeidenheid vaardighede. Dit help om hulle selfvertroue en ambisie op te bou.

By Ons Plek Derdepoort het die streek se vrywilligers vakansieprogramme aangebied wat die kinders vermaak het en hulle ook nuwe kennis en vaardighede geleer het. Die programme het van kennis van bye en heuning tot pret op springkastele en bok-in-die-hok ingesluit.

Wanneer ons terugkyk op 2024, doen ons dit met dankbaarheid en glimlagte in ons harte. Elke vrywilliger, elke donateur en elke deelnemer het 'n verskil gemaak, en sien opgewonde uit na die geleenthede wat 2025 inhou. Ons wil graag ons projekte verdiep en verder uitbrei.

Dankie aan elkeen wat deel van hierdie ongelooflike reis was. Julle liefde, harde werk en toewyding is die dryfkrag wat ons laat voortuitgaan.



# Platinum-streek

Die Platinum-streek het in Julie 2022 as 'n volwaardige streek begin funksioneer en dit is 'n voorreg om teen einde 2024 soos 'n volwaardige streek te voel en as 'n volwaardige streek verslag te kan doen oor die jaar se werksaamhede.

Die Platinum-streek sluit die volgende groot dorpe in: Brits, Broederstroom, Hartbeespoort, Hekpoort, Mooinooi, Rustenburg, Skeerpoort en Magaliesburg. Ons het van die eerste dag af besluit "Ons werk met wat ons het waar ons is" en ons sluit 2024 dankbaar af met dié voorneme wat nou ons leuse is.

Die streek se personeel bestaan uit streeksorganiseerder Desiree Oosthuyzen, maatskaplike werker Nadia van der Merwe en streeks- administratiewe beampte Lenelia Naudé. Ons het vyf takke wat met passie werk aan volhoubare projekte, insluitend groentetuine, Seniors in Aksie, die Eksamen-PEN-projek en uitreike na oue-tehuise. Die takke ondersteun die nasionale projekte en het saamgewerk om Piet Tande en Braaf die Boerboel effektief by verskeie skole, kleuterskole en selfs 'n gemeente in Brits uit te rol. Ons het ons taklede opgelei en geleer om te fokus op die goud en nie die fout nie.




Ons streek het tans vier Ons Winkels: Hartbeespoort, Damdoryn, Rustenburg en Brits. Watter eer was dit nie om die Streek van die Jaar te kon wen by die 2024 gala-aand nie!

Die Ons Winkels is van onskatbare waarde en ons personeel en takke werk baie nou saam om hulle te ondersteun en versterk.

Die Platinum streek het tans drie studiefondse waarvoor jongmense kan aansoek doen om 'n rentevrye studielening te bekom om te studeer. Ons is dankbaar dat ons drie studente in 2025 kan help om hulle studies af te handel.

Ons kan met trots sê dat twee vrywilligers uit die Platinum-streek in 2024 hulle versorgingsopleiding voltooi het.

Ons het hierdie jaar twee kerke-ontbyte aangebied, een in Brits en een in Hartbeespoort. Die doel daarmee is om kerkleiers en barmhartigheidspanne te bemagtig om saam te werk aan volhoubare strukture wat gemeenskappe laat vooruitgaan en nie net armoede in stand hou nie. Ons vra kerke om saam met ons 'n pad se stap om armoede op 'n volhoubare wyse te beveg en oplossings te soek vir uitdagings in die gemeenskap.




Reguleringsteddiebere is 'n projek wat teddies verskaf aan kinders wat trauma beleef het en/of terapie kry. Mense met gestremdhede en kinders met spesiale behoeftes kan ook by die teddies baat. Saam met elke reguleringsteddiebeer kry die ontvanger 'n pragtige storie van Bennie Beer wat kinders en ouers bewus maak van emosionele regulering en hoe belangrik dit is wanneer kinders moeilike of uitdagende gedrag toon. 'n Paar reguleringsaktiwiteite word ook in die terapiesakkie geplaas. Hierdie teddiebere, aktiwiteite en storie gebruik ons ook tydens ons ouerbemagtigingsprojekte en skenkings aan terapeute wat elke dag met getraumatiseerde kinders en gesinne werk.

Platinum-streek het HelpJag, een van die nasionale projekte, in 2024 sterk ondersteun. Ons werk nou saam met organisasies in ons gemeenskappe wat kos versprei. Die organisasies kry vir maande geen vleisskenkings nie. In 2024 kon Solidariteit Helpende Hand Platinum-streek met die hulp van die Harties Hande-tak 17 bokke se vleis (582 kg) ter waarde van R33 174 versprei. Ons kon baie organisasies in ons gemeenskap bystaan met die hulp en goedhartigheid van jagters en die wonderlike inkoop van Broederstroom Butchery wat die vleis teen ongeveer R11 640 verwerk het.

GEE 5 is 'n inisiatief waarmee ons skole en kleuterskole bemagtig om deur die jaar vyf projekte binne hulle skool se kapasiteit in hulle gemeenskap aan te pak. Die doel is om kinders die waarde van die gemeenskap te leer en dat almal 'n verantwoordelikheid het om die plek waar ons woon 'n beter plek te maak. Na elke vyf projekte ontvang die skool en/of die kinders wat deelgeneem het 'n sertifikaat van Solidariteit Helpende Hand Platinum-streek. Die projek is al twee jaar aan die gang en sewe skole is daarby betrokke. Ons weet reeds van nege skole wat in 2025 daaraan wil deelneem.

Dankie vir elkeen se hart vir jou gemeenskap, jou toewyding, betrokkenheid en geloof in ons streek. Ons het 'n blywende verskil gemaak daar waar dit die nodigste is.



*Dankie vir elkeen se hart vir jou gemeenskap, jou toewyding, betrokkenheid en geloof in ons streek. Ons het 'n blywende verskil gemaak daar waar dit die nodigste is.*



# Limpopo-streek

Die Limpopo-streek het in hart, met krag, tot hoop gegaan in 2024. Dit was 'n jaar van groei waarin nuwe voetspore reg oor die streek gevestig is. Ons het gefokus op die stigting van nuwe takke, die bou van sterk netwerke en om ondersteuning aan die Ons Plek en Ons Winkels te bied.

Onder leiding van 'n splinternuwe span, bestaande uit die streeksorganiseerder Carol Ankiewicz, streeks- maatskaplike werker Anina Schunke en streeks- administratiewe beampte Wanda Coetzee is ons doelwit van voorspoed met groot sukses verwesenlik. Die span se toewyding en samewerking het 'n deurslaggewende rol gespeel in die bereiking van ons missie.



Ons Plek Naboomspruit staan rotsvas en vestig waardes wat werk in ons jeug onder leiding van die bestuurder Bernadine Steenkamp en haar personeel, Jo-Anne Oliver, huiswerkassistent, en André van der Schyff, busbestuurder. Twee voltydse vrywilligers sit daagliks hand by ter ondersteuning van die Ons Plek. In 2024 het die Ons Plek 40 kinders verwelkom. Ons is dankbaar vir die Ons Plek se volgehoue groei en ook vir 'n gemeenskap wat inkoop by die instelling.

Projek Limpopo is in 2024 met groot sukses geloods. Met die ondersteuning van die uitvoerende komitee is daar op 18 April in 13 gemeenskappe vergader met die doel om nuwe takke te stig en bestaande takke te versterk. Hierdie inisiatief het gelei tot die stigting van drie nuwe takke en die versterking van ses bestaande takke. Dit het ons kapasiteit in die streek uitgebrei en ons vermoë om gemeenskappe doeltreffend te dien aansienlik verbeter. Die projek het 'n groot mate van bewustheid van Helpende Hand se werk en die belangrikheid van aktiewe gemeenskapsbetrokkenheid meegebring. Dit het ons hande versterk om 'n nog groter impak te maak en ons voete stewig in Limpopo geplant. Ons is opgewonde oor die geleenthede wat hierdie nuwe en versterkte takke bied en sien uit daarna om saam met hulle nog meer projekte te implementeer wat hoop en verandering bring in ons gemeenskappe. Hierdie suksesvolle samewerking het weereens gewys op die krag van gedeelde visie en doelgerigte aksie.

Ons studiefonds het R237 000 aan studente toegeken. Dit het hulle gehelp om hul akademiese drome te verwesenlik en hul toekomsvisie te bou. Verder is 110 streeksprojekte suksesvol voltooi en 122 takprojekte met groot impak afgehandel. Twee takke is opgelei in die Seniors in Aksie-projek en hulle beplan om dit in die nuwe jaar uit te rol. As deel van ons werksaamhede is 'n netwerkfunksie aangebied in samewerking met Solidariteit se Maatskaplike Beroepsnetwerk. Tydens hierdie funksie is 12 maatskaplike werkers in die Waterberg-area bemagtig.



en waardevolle bande is versterk. Verder is vier skole en 'n nasorgsentrum opgelei om kindermishandeling te identifiseer en op die regte manier aan te meld. Om bewustheid verder te versterk, is 'n aanlyn sessie gehou wat verskeie instansies toegerus het met kennis oor die mishandeling van bejaardes.



Ons spreek ons opregte dank en waardering uit teenoor elke lid van die gemeenskap, vrywilliger, en ondersteuner wat deel was van ons reis hierdie jaar. Julle toewyding, harde werk en onwrikbare geloof in ons missie het in uitdagende tye hoop geskep en 'n blywende en tasbare verskil gemaak in die lewens van diegene wat ons bedien. Dit is deur julle onbaatsugtige insette dat ons gemeenskappe sterker, meer verenig en veerkragtiger gemaak is.

Die sukses wat ons in 2024 beleef het, is 'n direkte weerspieëling van die krag van samewerking, gedeelde visie, en 'n diep, gegronde roeping om te dien. Ons glo vas dat hierdie jaar slegs die begin is van nog groter dinge wat voorlê. Met hierdie momentum sien ons met opgewondenheid en dankbaarheid uit na 2025, wat ongetwyfeld verdere groei, nuwe geleenthede, en oorvloedige seëninge sal bring. Saam kan ons voortgaan om 'n positiewe impak te maak en 'n nalatenskap van hoop en verandering te bou.





# Mpumalanga- en KZN-Noord-streek

## Gemeenskapsontwikkeling en waardes

Ons leef goeie waardes uit en is rotsvas geanker in God se plan vir ons Mpumalanga- en KwaZulu-Natal-Noord-streek.

Met die grondslag gevestig vir 2024 het ons hartsprojekte uitgerol wat 'n waardevolle impak gemaak het op die gemeenskappe. Ons kon ondersteuning bied aan Ons Plek Volksrust en die Ons Winkels en ons vrywilligertakke laat groei, ontgin en ondersteun om hul potensiaal te bereik en goeie vrug te dra. Die Mpumalanga- en KZN-Noord-streek se taakspan bestaan uit die streeksorganiseerder Annemarie van Heerden, assistentstreeksorganiseerders Melissa Nel en Michelle Viljoen, maatskaplike werkers Louise Zitzke en Marunè van Vreden, en streeks- administratiewe beamptes Daphne Kleinhans en Chris-Mari du Preez.

## Tak- en streeksprojekte

250 takprojekte en 95 streeksprojekte is suksesvol uitgevoer.

Ons netwerk sluit 290 vrywilligers, 13 dorps-verteenwoordigers en 21 ere-ondersteuners in, wat almal saamwerk om gemeenskappe te ondersteun.

## Ons Plek Volksrust

Ons is dankbaar vir die opening van 'n babaklas. Vyf babas en 62 kinders word deurlopend versorg.

Die StapSaam-fonds het sy teiken van R100 000 bereik en verdubbel – 'n bewys van ongelooflike ondersteuning. Eldrike Geldenhuys en haar span onderwyseresse, Carla Joubert, Meanet Rothman, Laurissa Hammond en Charmain van der Merwe, het met aktiwiteite soos konserte, spogdae, en fondsinsamelings 'n lewenskragtige

jaarprogram voltooi. Ons sien met opwinding uit na ons nuwe tuiste in 2025.

## Ons Plek Kleinfontein

Ons kondig opgewonde aan dat Ons Plek Kleinfontein in 2025 geopen word met kleuter- en naskoolfasiliteite.

## Bemagtig 'n Kind en Braaf die Boerboel

Vier kinders is deur ons Bemagtig 'n Kind-projek ondersteun. Braaf die Boerboel het kinders aangemoedig om waardes soos respek en vriendelikheid te handhaaf.

## Onderwys- en studenteondersteuning

Altesaam 122 mense is by skole opgelei in die wetgewing en aanmeldingsproses rakende kindermishandeling.

In 2024 kon die takke 'n bedrag van R384 000 bydra en die streek R1 849 000 om altesaam R2 233 000 aan 55 studente toe te ken. 'n Student van die jaar is in Middelburg aangewys op grond van haar prestasies en toegewyde betrokkenheid by takprojekte.

## Kleuterklub

Hierdie vlagskipprojek word deur ons maatskaplike werkers ontwikkel. Dit gee kleuters sosiale en akademiese blootstelling en rus hul ouers toe met basiese lewensvaardighede om hul kind se ontwikkeling te bevorder.






## Seniors in Aksie

Dertig nuwe vrywilligers is opgelei en gereed om die Kuier, Klets en Kielie die Spiere-program in 2025 te begin.

## Ons Spreekkamers

Ons bedank Chris-Mari du Preez vir haar leiding in Nelspruit en Witbank waar 252 pasiënte gesien is. Medikasiehulp het R31 149,78 in Witbank en R11 800,51 in Nelspruit beloop. Die gesamentlike saldo van Ons Spreekkamers staan op ongeveer R90 000. Ons sien uit na die opening van 'n nuwe spreekkamer in Bethal in 2025.

## Vaardigheidsentrum: Speldekussing-projek

Die Speldekussing-projek het 10 dogters by ons vaardigheidsentrum opgelei, van wie een 'n betalende dogter is. Die streeks-maatskaplike werker Marunè van Vreden het ook klasse in higiëne aangebied. Die vaardigheidsentrum het hul eie permanente perseel verkry en bied in Desember 'n twee dae lange vakansieprogram aan.

Ons sluit die jaar af met 'n terugblik op onder andere damesoggende in Piet



Retief en Secunda wat deur altesaam 400 vroue bygewoon is, 'n jaarlikse Motor- en Klankskou in Witbank, Saartjie Duisendpoot en Flip Buys en Hannes Noëth se besoek aan die Teatro in Standerton wat hoop gebring het vir ons kinders.

Met opregte dank aan elke spanlid, vrywilliger en ondersteuner vier ons 'n vrugbare 2024. Ons taakspan in hierdie lieflike Mpumalanga- en KZN-Noord-streek sien met opwinding uit na 2025. Ons glo ons sal voortbou op hierdie stewige fondament van diens aan en versterking van ons gemeenskappe.







# Oos-Rand-streek

Helpende Hand Oos-Rand-streek bedien Alberton, Boksburg, Benoni, Brakpan, Edenvale, Heidelberg, Germiston, Kempton Park, Nigel en Springs.

Die streek het tans 10 vrywilligertakke, waarvan Edenvale-tak in 2024 gestig is, 'n Ons Plek in Kempton Park en nege Ons Winkels.

Ons het die jaar afgeskop deur maatskaplike opleiding en opleiding oor projekte vir ons vrywilligers aan te bied. Een van die doelwitte vir 2025 is om meer volhoubare takprojekte uit te rol.

In Mei het die streek 'n bemarkings- en bewusmakingsprojek uitgerol. Ons was in beheer van die kinderpretpark by OppiFees in Benoni. Dit het ons geleentheid gegee vir bemarking en ons het die data ontvang van al die mense wat die fees bygewoon het. Ons beoog om in 2025 weer betrokke te wees by OppiFees; ons doelwitte is fondsinsameling en datawerwing.

Die streek het hande gevat met Sandra Taljaard wat die eenvrouvertoning Die Boervrou en haar Volk by 10 tehuise vir bejaardes aan die Oos-Rand opgevoer het. Dit was 'n suksesvolle projek wat gefokus het op die herlewing van die Afrikaners se geskiedenis.

Die streek het 58 skole aan die Oos-Rand saam met Braaf die Boerboel besoek om mense bewus te maak van boeliegedrag en Braaf se boodskap oor te dra.

Die maatskaplike werker en streeks-organiseerder het saam netwerke versterk om die streek se hulpbronlyste op te bou. Die maatskaplike werker het vier vrywilligers opgelei in Seniors in Aksie en Kuier, Klets en Kielie die Spiere; hulle beoog om dit in 2025 uit te rol.



Die streek het vier kerke-ontbyte gehou, een elk saam met Heidelberg-tak, Springs-tak, Boksburg-tak en Alberton-tak. Die doel met kerke-ontbyte is om gemeenskapsbetrokkenheid aan te moedig, netwerke te versterk en volhoubare ontwikkeling mee te bring. Hannes Noëth was by al vier die gasspreker.

Heidelberg-tak het 'n perseel gekry waar hulle naaldwerkklasse kan aanbied vir vrouens in die gemeenskap. Hulle het 'n opleidingsprojek aangepak om individue te leer om self items te maak en vir addisionele inkomste te verkoop.

Ons takke het 474 projekte te waarde van R3 278 277 uitgerol en die streek 254 projekte ter waarde van R2 940 691. Die totale waarde van streeks- en tak-projekte vir 2024 het dus R6 218 968 beloop.

Oos-Rand-streek het tans drie gemeenskapstudiefondse en het 4 studente in 2024 met 'n totale bedrag van R233 800 gehelp.

Al die nasionale projekte is sover moontlik deur die streek en takke ondersteun. Piet Tande het verskeie kleuterskole en laerskole besoek.



Boksburg- en Kempton Park-tak het van hulle ouer persone gevra om borsprosteses te brei en dit aan die FroueVonds geskenk. Die Oos-Rand-streek het 593 tassies onder graad 1-leerders uitgedeel en 1 462 ton HelpJag-vleis versprei. Ons het 6 663 pakkies sanitêre ware aan die Oos-Rand versprei en PlantSelf-koepels aan verskillende kleuterskole geskenk. Ook het ons in totaal 31 seuns en dogters bygestaan met hulle matriekafskeid ter waarde van altesaam R202 000. Die streek bied ondersteuning met 'n matriekafskeidrok/-pak en het verskeie donateurs wat bystand bied met hare en grimering.



Ons het ons jaarlikse melktertkompetisie vir 'n derde agtereenvolgende jaar aangebied. Bejaardes neem deel aan die kompetisie om te bepaal wie die lekkerste melktert aan die Oos-Rand bak. Die wenner ontvang 'n kontantprys en sy of haar tehuis 'n wisseltrofee.



Met die goeie verhoudings wat mettertyd in die streek met die plaaslike media gebou is, spog die streek met mediadekking ter waarde van R2 093 118,91.



Ek wil graag elke personeellid in die streek en elke bestuurslid van Helpende Hand bedank vir hul ondersteuning en harde werk. Dankie ook aan elke donateur en vrywilliger wat nie huiwer om ander in nood te help nie. Ons grootste dank gaan aan ons Hemelse Vader wat ons vir nog 'n jaar gespaar en die krag gegee het om ons taak te verrig.



# Wes-Kaap-streek

Vir die Wes-Kaap-streek was 2024 'n besonder geseënde en produktiewe jaar. Die span het tot sewe personeellede gegroei, wat 'n duidelike aanduiding is van die streek se ontwikkeling. Ons waarde-tema het as riglyn gedien en was sentraal in alle projekte, wat verseker het dat ons werk deurgaans doelgerig en betekenisvol was.

Die streek het met trots 345 projekte met 'n totale waarde van R2 760 078 voltooi. Ons takke het ook uitstekend gevaar met 136 projekte ter waarde van altesaam R495 560. Wat veral uitgestaan het, was die sterk fokus op volhoubaarheid eerder as korttermynverligting. Hierdie benadering versterk ons doel om langtermynimpak op gemeenskappe te maak.

Tans is daar 32 Ons Winkels en een Ons Plek in die Wes-Kaap. Dit speel 'n belangrike rol in ons gemeenskapsontwikkeling en finansiële ondersteuning. Ons is trots daarop dat ons reeds 21 dorpsverteenwoordigers en 21 takke met altesaam 146 aktiewe vrywilligers het. Hierdie toegewyde individue is die dryfkrag agter ons projekte en speel 'n belangrike rol in die sukses daarvan.

'n Hoogtepunt van die jaar was die ondersteuning van 103 studente in die Wes-Kaap. Met 'n totale bedrag van R3 250 196 wat vir studielenings beskikbaar gestel is, kon hierdie jongmense hul studies voortsit en ook 'n bydrae lewer deur hul betrokkenheid by gemeenskapsprojekte. Dit was wonderlik om te sien hoe studente op hierdie manier iets teruggee en hul waardering uitspreek.

'n Rekordgetal van 433 nuwe maandelikse ondersteuners is gewerf; dit is 'n groot mylpaal

vir die streek. Ons is hierdie ondersteuners baie dankbaarheid dat hulle ons in staat stel om ons projekte verder uit te brei en meer mense in nood te help.

Een van ons uitstaande projekte vir die jaar was Projek Heel. Dit fokus daarop om traumakamers by polisiekantore en hospitale meer slagoffer-vriendelik te maak. Dorpe soos Riversdal, Oudtshoorn, Robertson en Melkbosstrand het baat gevind by hierdie projek.

Projek Heel het ook ander aspekte ingesluit, soos die verskaffing van traumapakkies, kombersies en ander benodigdhede aan slagoffers. Ons het samewerking met organisasies soos STOP Trafficking of People bevorder en in vier skole en gemeenskappe bewustheid geskep van mensehandel. Beraders en rolspelers is verder ondersteun deur samewerking wat gemik was op die verfyning van prosesse om sekondêre trauma te voorkom. 'n Unieke mylpaal vir die Wes-Kaap-streek was ons Langtafel met Joernaliste. Hier het ons verskeie joernaliste en skakelbeamptes bymekaar-gebring om uitdagings in hul veld te bespreek. Bekende sprekers soos Gerrie Nel, Bettie Kemp, Mariëtta Kruger en Hannes Noëth het tydens die geleentheid opgetree. Hierdie inisiatief het nie net netwerke versterk nie, maar ook nuwe perspektief gebring oor die uitdagings wat ons ervaar.

Die vrywilligers in die Wes-Kaap-streek het ook vanjaar hul vaardighede en kreatiwiteit tot diens van ander gestel deur ongeveer 400 borsprosteses te brei as deel van die nasionale Boesemvriendinne-projek. Hulle het ook pragtige wasgoedsakke gemaak wat aan tehuise vir bejaardes reg oor die Wes-Kaap geskenk is. Hierdie inisiatief dra by tot die menswaardigheid van senior persone wat andersins moontlik hul wasgoed in plastieksakke sou moes dra. Dit weerspieël die liefde en omgee wat sentraal staan in ons vrywilligers se werk. Hierdie is slegs enkele voorbeelde van 'n klomp mooi projekte die afgelope jaar.



Ons sluit die jaar met 'n hoogtepunt af deur in te trek in ons nuwe streekkantoor in Somerset-Wes. Hierdie stap simboliseer die Wes-Kaap-streek se groei en uitbreiding.
Baie dankie aan ons Hoofkantoor vir hul ondersteuning en aan ons vrywilligers, donateurs en maandelikse ondersteuners wat elke projek moontlik gemaak het. 'n Spesiale dank aan die eienaars van Ons Winkels vir hul onmisbare bydrae. Saam stap ons vorentoe met hoop en 'n visie vir voortgesette dienslewering in 2025.

Ons bly vasbeslote om die lewens van gemeenskappe in nood met toewyding, omgee en volhoubare projekte te verander, en ons sien uit daarna om nog groter hoogtes in die komende jaar te bereik.






# Noordwes-streek

In 2024 was Solidariteit Helpende Hand se jaartema "Waardes wat Werk" en ons het ons toegespits op die volgende ses waardes:

- **Roeping**
- **Geloof**
- **Uitnemendheid**
- **Getrouheid**
- **Nederigheid**
- **Liefde**

Waardes is die oortuigings waarmee ons die lewe aanpak. Dit bepaal hoe ons optree en praat; dit vorm ons persoonlikheid en beïnvloed hoe ons ander behandel en met die wêreld omgaan. Om dit duidelik te stel: Waardes is die kern van wie ons is. Ons waardes bepaal ook hoe ons ons gemeenskappe help.

By Helpende Hand is dit vir ons belangrik om 'n duidelike verband te trek tussen 'n gemeenskap se behoeftes en die projekte wat die streek en takke uitrol. Dit het na vore gekom dat kinders nie meer boeke lees nie en dat dit hulle ontwikkeling negatief beïnvloed, gevolglik het ons streek die Droomboekrak-projek geloods. Boeke van die Ons Winkels in die streek wat nie verkoop nie, is ingesamel en skenkings is ook uit die gemeenskap bekom. Nadat die boeke volgens behoeftes gesorteer is, is dit geskenk aan instansies vir kinders en bejaardes.

Die projek is afgeskop by 'n pleeghuis in Zeerust waar vyf kinders tussen 8 en 13 jaar woon. Hulle het geen toegang tot boeke of die internet vir skooltake gehad nie. Ons hoop hulle kan nou hul skooltake met goeie inligting aanpak. En ons hoop deur in hierdie veilige omgewing stories in die boeke op hulle Droomboekrak te lees, kan hulle begin droom oor môre.

Die Droomboekrak-projek is volhoubaar en het 'n meervoudige doel, naamlik om



te sorg vir kennis en gesonde vryetydsbesteding. Grootdrukboeke, Christelike boeke en storieboeke vir volwassenes is aan tehuise vir bejaardes in die streek geskenk. Klerksdorp Tehuis vir Bejaardes, Elandshaven in Klerksdorp en Justice Otto Sorgoord in Stilfontein was van die eerste tehuise wat boeke ontvang het. Gepaste boeke is ook aan die SAVF Rethabile-kinderhuis in Klerksdorp geskenk.

Die projek was uiters suksesvol omdat die gemeenskap betrokke was by die skenking en ook bygedra het om diepte te bring deur 'n praatjie of aktiwiteit te koppel aan die emosionele behoeftes van die betrokke fokusgroep. SHH se voetspoor is sigbaar en met trots in die Noordwes-streek neergesit.

Nasionale projekte word ook met ons takke en vrywilligers se hulp deur die streek ondersteun.

Ons het 2 923,4 kg vleis van HelpJag ontvang en dit onder ons netwerkorganisasies en die Kosblikkie-kleuterskole in ons streek versprei waar daar 'n behoefte was.

Die Noordwes-gemeenskapstudiefondse dra by tot die verwesenliking van jongmense se toekomsdrome en die verbreking van armoede deur 'n totaal van R286 730 se rentevrye studielenings in 2024 toe te ken.

Piet Tande en Braaf die Boerboel besoek altesaam 22 skole in Noordwes en leer die kinders speel-speel om vir mekaar om te gee en om mooi na hulle tande om te sien.





Ons takke en vrywilligers bied projekte aan om spesifieke behoeftes in hulle gemeenskappe aan te pak. Projekte wat uitgestaan het, is onder andere Wolmaransstad-tak se mussie-en-kombers-projek waar hulle komberse en mussies ingesamel en aan die plaaslike tehuis vir bejaardes geskenk het vir die winter. Die Koster-tak bied 'n gemeenskapsete vir 65-plussers aan waar almal aantrek volgens die beroep wat hulle beklee het. Dit was lekker vermaak en het vir 'n tikkie nostalgie gesorg. 'n Kinderweek is tydens die vakansie aangebied waar die kinders uit die gemeenskap aan verskeie aktiwiteite kon deelneem en 'n bord kos ontvang. Die Stilfontein-tak het in Julie 'n merkwaardige projek in samewerking met AfriForum Klerksdorp en Arrie Nel Apteke in die gemeenskap geloods om volwasse doeke in te samel.

Die gemeenskap skenk doeke en fondse met 'n totale waarde van R33 000 vir hierdie projek. Die doeke is geskenk aan verskeie instansies in die KOSH-gemeenskap (Klerksdorp, Orkney, Stilfontein en Hartbeesfontein) wat na bejaardes omsien.

Ons sê opreg dankie aan elke ondersteuner, donateur, taklid en vrywilliger vir die bydrae wat julle gelewer het om ons in staat te stel om gemeenskappe op die bogenoemde wyses in 2024 te kon bedien.





# Vrystaat-streek

Die Vrystaat-streek kyk met dankbaarheid terug op 2024. Dit was 'n jaar waarin ons ons gemeenskappe versterk het met verskeie betekenisvolle, volhoubare projekte en 'n jaar waarin ons die tema Waardes wat Werk op 'n tasbare manier in gemeenskappe ingedra het.

Die Seniors in Aksie-projek het 'n besonderse impak op ons ouer mense gehad. Bejaardes gaan dikwels gebuk onder eensaamheid en vrywilligers in die streek het hierdie projek gebruik om hulle eensaamheid te verlig. Die vreugde wat die bejaardes en vrywilligers tydens die aanbied van die projek uitgestraal het, het bewys hoe 'n klein bietjie omgee 'n lewenslange impak kan hê. Uit die Seniors in Aksie-projek vloei 'n verskeidenheid aktiwiteite voort: Produksies is opgevoer, handgemaakte items vervaardig en die bejaardes se algehele welstand met Kuier, Klets en Kielie die Spiere verbeter.

Gemeenskappe is ook bemagtig met kennis rakende verskillende aspekte van die Wet op Ouer Persone en die Kinderwet sodat mense kan saamstaan om die kwesbare groepe onder ons te beskerm.






Projekte oor waardes en emosionele regulering wat spesifiek op kinders gemik is, het 'n merkwaardige verskil gemaak. In 'n wêreld waar emosies soms nie in ag geneem word nie, het kinders geleer hoe om hulle emosies te bestuur terwyl hulle ander met respek en liefde hanteer. Teddiebeertjies wat met liefde gebrei is, bring vir kinders hoop en dien as 'n simbool van omgee en troos wanneer hulle oorweldigende emosies ervaar.

Opvoeding, opleiding en ontwikkeling bly vir ons belangrik. Hulp met koshuis- en busgelde het vanaf 2023 vermeerder en die streek het meer as R700 000 se projekte reg oor die Vrystaat gehelp finansier om seker te maak ons kinders kry die beste moontlike geleentheid om hulle skoolloopbaan te voltooi. Ons hanteer ook individuele hulpversoeke en ondersteun gesinne om bruggies te bou na 'n meer volhoubare toekoms.

Een van die hoogtepunte was die kerke-ontbyt wat vir die eerste keer in die Vrystaat-streek aangebied is. Hierdie geleentheid het 'n platform geskep om die belangrikheid van kerke se rol in gemeenskapsontwikkeling te beklemtoon. Sterk netwerkverhoudings tussen kerke en die streek het vanuit hierdie ontbyt ontstaan. Die Eet-van-gelie-projek wat fokus op die vaardighede om brood te bak en die Evangelie te verkondig, het ook vanuit hierdie netwerkverhoudings ontstaan.

Ons het Die Boervrou en haar Volk-produksie aangebied en vrouens herinner aan die belangrike rol wat hulle in gemeenskappe speel. Hulle leer ook die vaardigheid aan om hulle eie boerseep te maak. Ons sit PlantSelf-koepels neer en sien spinasie, boontjies, ertjies en wortels opkom! Gemeenskappe leer hoe om verantwoordelikheid te neem vir hulself.





Elke tak het sy unieke stempel in die gemeenskap waarin hulle woon, werk en leef afgedruk. Verskeie fondsinsamelingsprojekte, van pannekoek bak tot 'n skietdag, is aangebied. Die Vrystaat-streek se vlagskipfondsinsamelingsprojek vir die jaar was 'n poging om 'n wêreldrekord op te stel deur 1 300 kosblikkies opmekaar te stapel. Verskeie besighede het ingekoop om van die projek 'n sukses te maak en ons te help om voort te gaan om vir ongeveer 1 000 kinders per dag kos te gee.

Nasionale projekte soos Braaf die Boerboel, Piet Tande, Skooltassie, HelpHetta, HelpJag, Boesemvriendinne en Kosblikkie is goed ondersteun deur die 30 takke en dorpsverteenwoordigers in die Vrystaat. Hierdie projekte het die streek gehelp om daadwerklik 'n verskil te maak terwyl Solidariteit Helpende Hand se voetspoor in die Vrystaat versterk is.

Ons stig ook drie nuwe takke in 2024 en is dankbaar vir elke vrywilliger wat hand uitsteek om 'n verskil te maak in die gemeenskap.

Ons het duisende kilometer deur die pragtige Vrystaat gereis en ons roepingsadres gebruik om ons gemeenskappe te dien. Elkeen van ons is 'n ambassadeur van verandering en speel 'n integrale rol om ons eie gemeenskappe te laat floreer. Dan vorm ons 'n gemeenskap wat met hart en in krag saamstaan om hoop uit te dra. Mag ons in 2025 voortgaan om volhoubare projekte te implementeer en gemeenskappe te ontwikkel, en mag ons elke dag verder in ons roeping groei.





# Noord-Kaap-streek

Noord-Kaap-streek

Piet Tandemuis het in Februarie drie kleuterskole in ons streek besoek en die belangrikheid van mondhigiëne en gesonde eetgewoontes op speelse wyse verduidelik. Na afloop van elke besoek is inkleurprente en 'n storieboek per kind uitgedeel en die kleuters het die bekende Piet Tande-liedjie saam gesing.




In Maart is Estelle van Aarde van die Sishen-myn in Kathu as Hoopdraer 2024 aangewys. Haar toewyding aan haar werk is tydens die Maatskaplike Maand en Wil om te Help-veldtog gevier toe ons in samewerking met Solidariteit 'n sertifikaat aan haar oorhandig het.

Op 2 en 3 Mei is die gemeenskapsprojek Hoop in ons Tyd by Laerskool Eureka uitgerol. Die eerste aand is afgeskop met 'n indieptegesprek tussen SHH se uitvoerende direkteur, Hannes Noëth, en die ouers oor "Hoop in 'n tyd van druk". Daarna het ons gesellig verkeer. Die volgende dag is afsonderlike gesprekke gevoer met leerlinge in graad 1-3, 4-6 en 7. Die klem is gelê op goeie maniere, wie is jy, selfwaarde en gesonde/positiewe keuses in 'n tyd soos dié. Met onderwysers is gesprekke gevoer oor ondersteuning, selfversorging en hoe om die kinders voor hulle op te pas. Niebederfbare voedsel wat as toegangsfooi

ingesamel is, is deur die taklede, leerders en onderwysers aan Christina Kiddie Kinderhuis en die Sally Aucamp-tehuis vir Gestremdes geskenk.

Ons vlagskipprojek van die jaar was die Goue Spele wat op 18 Oktober die derde agtereenvolgende jaar by Acacia Park Aftreeoord in Kimberley aangebied is. Twintig spanne bejaardes vanuit die streek en omliggende dorpe het deelgeneem aan speletjies wat spesiaal ontwerp is om Alzheimer- en dimensie-uitdagings te hanteer. Sosiale interaksie en fisiese deelname is bevorder, veral deur Yonder, 'n plek vir gestremdes, wat twee spanne ingeskryf het. Die wenners, Akasia Park, het hul trofee met groot geesdrif ontvang.



Ons projekte beklemtoon Helpende Hand se verbintenis tot alle ouderdomsgroepe en die versterking van netwerkvennootskappe. Deur kreatiewe, doelgerigte aksies bou ons hoop en ondersteuning in gemeenskappe reg oor die Noord-Kaap.

Braaf die Boerboel het saam met die Noord-Kaap se personeel op toer gegaan na die noorde, al die pad tot in Upington. Ons toer het begin en geëindig in Kimberley. Ons het 15 skole en talle netwerkvennote en instansies besoek gedurende daardie week. Braaf die Boerboel vertel met rolspel of in storieformaat wat dit beteken om braaf te wees – dat dit nie noodwendig beteken om sterk te wees nie, maar om die moed te hê om te doen wat gedoen moet word. Ons doel was om kleuters te laat besef dat elkeen met iets worstel en dat dit oorkom kan word deur braaf te wees.





Ons Neutprojek wat vanuit Hartswater deur ons Vaalharts-tak gedryf word, kry baie aandag as gevolg van die sukses en struktuur daarvan. Ses studente het rentevrye lenings ontvang om in 2025 te kan begin studeer. Veertig boere het 100 kg, 200 kg en selfs 500 kg neute geskenk. Ses neutverwerkers help om neute vir die projek te verwerk. In 2023 is R475 000 ingesamel. In 2024 was oeste laat as gevolg van die onvoorspelbare weerpatrone en ons wag nog om te hoor hoeveel ingesamel is. Dit is nie net 'n takprojek nie, maar ook 'n wonderlike manier om die gemeenskap by 'n groter doel en visie vir hul vooruitstrewende dorp te betrek.

Ons het die voorreg gehad om ons streeksvergadering in Hartswater in die pragtige Vaalharts-omgewing te hou. Dit is deur 45 streekspersoneel en taklede bygewoon en dr. Elsha Hermann het met ons gesels oor hoe belangrik die gemeenskap se insette vir volhoubare projekte is. Sy het die boere bedank vir die rol wat hulle in hul gemeenskap vervul.

Projek Neon is 'n nuwe inisiatief wat wonderlik inskakel by 2025 se nuwe tema – welstand. Projek Neon is 'n 5 km stap of draf wat op 30 November die eerste keer deur SHH aangebied is. Deelnemers het om 08:00 by die Spar-kompleks weggespring. Hulle is op vyf punte met poeier in neonkleure bestrooi en ons het mooi foto's geneem vir ons Noord-Kaap Facebook-blad. Dit dra weer by tot bewusmaking van SHH se bedrywighede. Ons het selfs 'n borg gekry vir die eerste 50 deelnemers. Wat 'n sukses was dit nie.





# Wes-Rand- en Vaaldriehoekstreek

## Streekprojekte en -hoogtepunte in 2024

Ons het ons eerste kerke-ontbyt in die Vaaldriehoek gehou en verskeie kerke het dit bygewoon. Ons vat hande met van die kerke en ons help mekaar met verwysings en ondersteun mekaar se projekte.

In April het ons 'n gholfdag in Carletonville gehou. Dit is nie so goed ondersteun soos in 2023 nie, maar ons het steeds net meer as R50 000 vir ons studiefonds geïn.

Finesse se Fliek in Pajamas is bygewoon deur ons streeksorganiseerder en een van ons taklede. Dit was soos altyd 'n belewenis.

Ons kan met trots aankondig dat ons weer gekies is as begunstigde van die Gas Monkey Gholfdag 2025. Vanjaar se Gas Monkey






Gholfdag was groter en beter as in 2023. Hulle het groot borge aan boord soos AVBOB Vanderbijlpark, Windhoek en VCR FM en het net oor die R71 000 ingesamel vir die streek se studiefonds.

HelpJag was in 2024 'n groot sukses en ons het meer as 1 ton vleis ter waarde van R99 129 ontvang en oor die streek versprei.

Die streek het Ons Plek Horison se kinders na die Johannesburg Dieretuin geneem. Dit was heerlik en ons kon agterna nie besluit wie die moegste is nie: die kinders of volwassenes.

## Takprojekte wat in 2024 uitgestaan het

### Groentjies en Gryses

Ons het probeer om Groentjies en Gryses een keer per kwartaal by tehuise vir bejaardes uit te rol. Elke keer is ander aktiwiteite gedoen. Die bejaardes sien verskriklik uit na die besoeke. Met elke besoek neem meer bejaardes deel, selfs dié wat amper nooit uit hulle kamers kom nie. Die kinders bring die energie en die bejaardes raak weer kind en speel, sing en dans saam. Die volgende takke het aan Groentjies en Gryses deelgeneem: Fochville, Carletonville, Vanderbijlpark, Randburg, Roodepoort en Meyerton.



### Krugersdorp-tak

Die tak het 'n skenking van televisiestelle ter waarde van meer as R100 000 gekry. Dit is verkoop en die wins gebruik om 'n studiefonds te stig. Die tak help dan ook hulle eerste student in 2025.









### Vanderbijlpark-tak

Die tak het 'n handwerkmark met amper 50 stalletjies vir die gemeenskap gehou en daar het die heeldag kunstenaars opgetree. Daar is ook van die geleentheid gebruik gemaak om vir een van die laerskole niebederfbare voedsel in te samel vir hulle voedingsprojek wat elke dag aan 115 kinders 'n gebalanseerde bord kos verskaf.

### Fochville-tak

Die tak het fondse ingesamel met musiekpret – Noot vir Noot is deur 'n maatskappy van buite aangebied. Elke tafel het sy eie tema gehad en deelnemers het volgens die temas aangetrek. 'n Heerlike gees het geheers.

### Maatskaplik

'n Veiligheidspraatjie oor "Jou liggaam" is gehou by 'n tehuis vir mense met gestremdhede. In 2025 sal dit by skole ook aangebied word.

Die Ons Winkels help ons om gehoorstukkies in te samel. In 2024 is twee bejaardes in die streek met gehoorstukke bygestaan.

Alhoewel ons nie op voedsel fokus nie, is gesinne met kospakkies bygestaan.

In samewerking met Solidariteit Dienskantore in Carletonville en Vanderbijlpark het ons met Wil om te Help uitgereik na maatskaplike dienste oor die streek heen.

Seniors in Aksie is weer in Krugersdorp aangebied.

### Studiefondse

Ons het vyf studente bygestaan met altesaam R129 480.

### Streeknuus

Bionita Mienie, Wes-Rand en Vaaldriehoek se streeks- administratiewe beampte, het besluit om haar vlerke te sprei. Sy het einde April by ons klaargemaak en aangesluit by die Solidariteit Dienskantoor in Carletonville. Bionita, baie sterkte met jou nuwe lewensreis. Ons weet jy gaan 'n groot sukses daarvan maak en ons gaan jou verskriklik mis.

Ons verwelkom graag vir Wanda Coetzee wat in Mei by ons aangesluit het as Wes-Rand en Vaaldriehoek se nuwe streeks- administratiewe beampte. Wanda, ons as streek sien verskriklik uit om 'n pad saam met jou te loop en ons weet sommer jy gaan gelukkig wees hier in ons streek.

Ons verwelkom ook vir Johan van der Walt as die nuwe eienaar van die Ons Winkel Roodepoort. Gaan van krag tot krag.

Aan elke Ons Winkel-eienaar en hulle personeel: dankie vir julle bydrae en harde werk in 2024.

Baie dankie aan die span vir julle harde werk in 2024. Julle het julle weereens oortref en in 2025 gaan ons nog groter en sterker wees.

Ek staan na baie jare in die streek steeds verstom oor ons vrywilligers. Julle gee soveel vir julle gemeenskappe en ondersteun hulle met unieke en oulike projekte. Julle skep geleenthede, bou netwerke, offer julle naweke op en hou na ure vergaderings. Julle vul bejaardes se harte, speel met kinders en lag saam met mense met gestremdhede. Ons weet julle doen dit meestal ongesien en kry soms nie eens 'n dankie nie, maar die harte wat julle vul en die glimlagte wat dit meebring, is ons kinders, bejaardes en mense met gestremdhede se manier van dankie sê. Hulle sien reeds uit na die volgende kuier. Doe so voort.

Baie dankie ook aan elke donateur en ondersteuner in die streek. Dankie dat julle in ons glo, ons hande vat en ons gemeenskappe saam met ons bedien. Elke HelpJag-jagter, dankie vir julle bydrae in 2024. Danksy julle kon ons oor 'n ton vleis versprei onder kleuterskole, skole en ander instansies. Ons sien daarna uit om in 2025 welstand deur werksyn te verseker in ons gemeenskappe.





# Oos-Kaap- en KZN-Suid-streek

Oos-Kaap- en KZN-Suid-streek

Ons is baie trots op die impak van die streek se werk en wil hiermee ons innige dank betuig teenoor donateurs, taklede, vrywilligers ondersteuners en streekspersoneel wat al die projekte en uitreike moontlik gemaak het.

In 2024 het die streek merkwaardige vordering gemaak met opleiding en opvoeding op verskeie terreine. Opleiding oor die maatskaplike aanmeldingsproses het die algemene publiek, skole, kerke en vrywilligers tot insig gebring wat verseker dat hulle met oop oë en ore na kwesbare groepe soos kinders en bejaardes kyk en luister.

Vrywilligers is ook tydens vergaderings en streekvergaderings opgelei in skitterende gewoontes vir groei en hoe om al jou balle in die lug te hou. Braaf die Boerboel het jonk en oud geleer om in verskeie situasies braaf te wees.

Die streek se gemeenskapsontwikkelingsprojek het onder andere opleiding aan jongmense ingesluit om hulle te leer om 'n begroting op te stel en finansieel slimmer te werk met hul geld. Ouer persone by kerke en in tehuise, VLV-damesgroepe, Bybelstudie- en breigroepe oor die hele streek heen, van Pietermaritzburg tot in Humansdorp, is bederf met lusmakers vir die Seniors in Aksie-projek; dit het die belangrikheid van



beweging op 'n speelse wyse aan hulle oorgedra.

Ons Winkel Despatch het vanjaar 'n volle tien (10) jaar oud geword en is die oudste Ons Winkel in die Oos Kaap. Dit is gevier met uitverkopings deur al die Ons Winkels in die streek, worsbroodjie-verkope en spesiale aanbiedings.

Braaf die Boerboel het elke Ons Winkel in die Oos Kaap- en KZN-Suid-streek besoek en saam met Ons Winkel-eienaars, hulle personeel en selfs kliënte die Boerboeldans gedoen. So leer Braaf ons almal dat dit baie braaf is om tweedehands te koop en om aan die Ons Winkels te skenk om verdienstelike projekte te kan befonds.




In KZN-Suid is verskeie netwerk-, sake, en kerke-ontbyte aangebied waar Helpende Hand se uitvoerende direkteur, Hannes Noëth, mense toegespreek het en die



belangrikheid van samewerking tussen Solidariteit Helpende Hand en ander instansies benadruk het. Hierdie tipe funksies skep 'n platform waar die gemeenskap met mekaar kan gesels oor gemeenskaplike kwessies en hoor hoe SHH kwessies aanpak en gemeenskapsontwikkeling probeer bevorder.

Ons vrywilligers is die hart van ons organisasie en hulle het altesaam honderde ure ingesit om ons gemeenskappe te ondersteun. Dit sluit in fondsinsamelingsprojekte soos pannekoekverkope asook uitreike en ondersteuning. Die Oos-Kaapse Voortrekkers het saam met 'n tak 'n ouetehuis besoek en die jeug het saam met die bejaardes Senior Mind Move-bewegings geleer. Hulle het heerlik saam met die bejaardes gekuier om eensaamheid te verlig en diensbaarheid bewys deur die ouer mense se hande met room in te smeer.

Nog hoogtepunte sluit die skenking van twee plantkoepels aan skole in en die aanstelling van Liezl van Wyk, maatskaplike werker in die Oos-Kaap. Die vorige streeks-maatskaplike werker, Lize van Zyl, is bevorder tot maatskaplike bestuurder vir die Suid-Streek. Ons wens hierdie twee dames alle voorspoed toe in hul nuwe poste.

Die streek het elke kwartaal 'n regstreekse stroming op Facebook genaamd **RAAD VAT ...**

Daarmee voorsien ons die publiek van raad oor allerhande onderwerpe. Dit word op 'n Donderdag tussen 13:00 en 13:30 uitgesaai en almal word aangemoedig om hierdie raad te toe te pas. Hou gerus ons streek se Facebook-blad dop vir die datums van die uitsendings.

Ons sluit graag af deur 'n beroep te doen op jou as gemeenskapslid om betrokke te raak by jou gemeenskap, hetsy dit by jou buurt, jou kerk, jou kinders se skool of 'n Helpende Hand-tak is. Jy is die beste helpende hand en jy kan 'n verskil maak waar jy woon, werk en leef. Die welstand van ons gemeenskappe hang van ons almal af.





# Bo-Karoo-streek

Die Bo-Karoo-streek skop die jaar af met 'n splinternuwe span en ons durf sommer dadelik die langpad aan. Ons reis na verskeie dorpe in die streek om netwerkvennote te ontmoet en goeie verhoudings te bou. Later die jaar is ons bevoorreg om 'n tak in De Aar te stig, en die span sien uit na toekomstige projekte saam met die tak.

Met die Wil om te Help-veldtog bemagtig ons onderwysers van vier skole met kennis en vaardighede rakende die Kinderwet en die aanmeldingsproses vir kindermishandeling en -verwaarlosing. Die streek belê ook in jong volwassenes deur R10 000 te skenk aan Bo-Karoo Opleiding se Pers Lint-noodfonds. Die fonds word aangewend vir studente wat materiële nood ervaar.

Gedurende Junie toer Piet Tande deur die streek en besoek altesaam 12 skole waarvan een 'n skool vir kinders met gestremdhede is. Piet voer ook 'n onderhoud met radio Orania om bewusmaking te skep van mondhigiëne onder luisteraars. Hy kuier heerlik by die Orania Beweging tot vermaak van oud en jonk en doen vir oulaas inkopies by Orania se plaaslike supermark voordat hy na die volgende streek vertrek.






‘n Suksesvolle rolbaldag is net betyds vir die lente in Vanderkloof aangebied. Oud en jonk het ywerig deelgeneem en heerlik saam gekuier. Die studente van Bo-Karoo Opleiding het ook ingeskakel en hulle vaardighede op die baan kom wys.



Oktober is toegewy aan ons kosbare senior burgers. Die Bo-Karoo-span het verskeie tehuise vir bejaardes besoek om lewenslesse en wysheid te gaan leen. Hierdie wysheid is oorgedra aan die jongmense in die gemeenskap. Ons senior burgers is opmerklik geanker in hulle geloof en leef dit voluit uit. Hulle het werklik die gemeenskap se hartsnare geroer met hierdie mooi voorbeeld.

Die span het vroeër die jaar ook die voorreg gehad om ‘n inwoner van Huis Silwerhof se 100ste verjaarsdag saam met haar te vier. Ons het by hierdie geleentheid ‘n ere-ondersteuner-sertifikaat aan haar oorhandig.

Die Bo-Karoo het sy eerste streeksvergadering in Oktober gehou. Gaste het hartlik saam gekuier en speletjies gespeel. Die span was bevoorreg om Helpende Hand se eie René Roux as spreker te hê by die geleentheid. Haar boodskap bring inspirasie en hoop aan almal.

Die selfverrykingsprogram met Orania se Elim-inwoners skop in Desember af. Die projek fokus op persoonlike ontwikkeling van die mens in sy omgewing. Inwoners word bemagtig met kennis en vaardighede om hulle volle potensiaal te bereik.

Bo-Karoo sien daarna uit om in 2025 te groei en gemeenskappe verder en dieper te ontwikkel.





# Pretoria Jeugaksie

Dit is met groot opgewondenheid en vervulling dat ons 'n oorsig gee oor die buitengewone inisiatiewe wat Pretoria Jeugaksie die afgelope jaar aangepak het. 2024 het nie net spore van groei en ontwikkeling op die jeug agtergelaat nie, maar ook 'n onuitwisbare stempel van energie en selfontdekking op hulle afgedruk.

## Leierskapsontwikkeling

In Maart 2024 het ons graad 10- en 11-seuns 'n uitsonderlike ervaring beleef tydens 'n drie dae lange leierskapsontwikkelingskamp by Lavender Stables. Hulle het nie net die basiese beginsels van perdry aangeleer nie, maar ook die sorg en toewyding wat hierdie majestueuse diere nodig het. 'n Interaktiewe sessie met 'n hoefsmid het hulle kennis van ambagte versterk en die waarde van harde werk en toewyding uitgelig. Die seuns is toegerus met praktiese vaardighede wat hulle regstreeks in hulle eie



lewens kan toepas, soos basiese elektriese vaardighede, hoe om self 'n elektriese koord te maak en sweiswerk te doen, en hoe om 'n band om te ruil.

Tydens die Oktobervakansie het ons tien graad 8- en 9-seuns se kennis verbreed en gesorg dat hulle 'n bietjie avontuur beleef. Hulle het geleer visvang en het die Voortrekkermonument besoek om hulle bewus te maak van ons geskiedenis. Hierdie programme het die seuns se fisiese vaardighede versterk en by hulle 'n passie vir die ontdekking van nuwe horisonne aangewakker.

## JeugForum

Ons is besig om 'n JeugForum te stig wat 'n baken van ondersteuning en samewerking in die Pretoria-streek gaan wees. Hierdie inisiatief sal die betrokkenheid van jeugwerkers, maatskaplike werkers, sielkundiges, terapeute en onderwysers kataliseer en ook 'n maandelikse platform bied vir die bespreking van uitdagings en die deel van insigte. Met die oog op die toekoms beplan ons om hierdie forum vroeg in Februarie 2025 amptelik te stig, en dit sal dien as 'n sentrale bron van ondersteuning en bewusmaking van die jeug se welstand.

## Blikskud

Dit is 'n jeugprojek waarmee ons in 2024 begin het om fondse vir ons Jeugaksie-studiefonds in te samel. Kortweg gaan die jeug met togas en advertensieborde na besige kruisings en winkelsentrums om blikke te skud. Tydens 'n blikskud-naweek skud ons die Vrydag- en Saterdag-oggend twee uur lank blik en samel gewoonlik ongeveer R4 000 in – dit is R1 000 per uur. Ons streef daarna om jaarliks 'n blikskud-aksie te hê om voortdurend geld vir ons studiefonds in te samel. Die studentegroep is opgewonde oor hierdie projek omdat hulle glo in die leuse "Elkeen help een." Ons sien uit daarna om binnekort ons eerste student met 'n lening te ondersteun.







# KOMMUNIKASIE EN BEMARKING





## KOMMUNIKASIE EN BEMARKING

Met groot dankbaarheid en trots bied ons hierdie jaarverslag oor Solidariteit Helpende Hand se Kommunikasie- en Bemarkingsafdeling aan. Die afgelope jaar was gevul met uitdagings en geleenthede wat ons span in staat gestel het om ons kreatiwiteit, aanpasbaarheid en samewerking op nuwe vlakke te toets. Terugskouend kan ons met trots sê dat ons hierdie uitdagings met vasberadenheid en innovasie aangepak het en dat dit gelei het tot betekenisvolle groei en impak.

Ons het ons kommunikasiestrategie verder verfyn en uitgebrei sodat ons kernwaardes en doelwitte duideliker en sterker oorgedra kan word. Gemeenskapsbetrokkenheid het in hierdie proses 'n sentrale rol gespeel. Dit is deur ons noue verbintenis met die gemeenskap dat ons in staat was om ons sigbaarheid te verhoog en dieper, meer tasbare verskille te maak. Ons glo wanneer 'n instelling en sy gemeenskap mekaar versterk, word werklike verandering moontlik.

Ons bemarkingsinisiatiewe het hierdie strewe verder ondersteun met veldtogte wat bewustheid geskep en aktiewe deelname en ondersteuning van ons teikengroepe bevorder het. Die veldtogte het ons in staat gestel om ons projekte en programme, wat fokus op die verbetering van die lewenskwaliteit van die gemeenskappe wat ons bedien, suksesvol te ondersteun.

Ons handelsmerk is die afgelope jaar verder gevestig as 'n baken van hoop en samewerking, en dit is grootliks te danke aan ons toegewydheid aan gemeenskapsontwikkeling. Solidariteit Helpende Hand se sterk verhouding met die gemeenskap het nie net ons boodskap versterk nie, maar ook ons geloofwaardigheid verhoog. Wanneer ons saam met gemeenskappe werk – eerder as om net vir hulle te werk – skep ons 'n ruimte van vertroue, gedeelde doelwitte en volhoubare verandering.

Die toewyding van ons Kommunikasie- en Bemarking-span was die sleutel tot hierdie

suksesse. Hulle harde werk, passie en deursettingsvermoë het verseker dat ons roeping lewend bly in elke veldtog, boodskap en projek wat ons aanpak. Ons span se groei hierdie jaar weerspieël ook ons instelling se missie, bestaansrede en waarom ons aanhoudend wil verbeter en 'n groter impak maak.

Hierdie verslag bied 'n oorsig oor 'n jaar gevul met prestasies, geleenthede en groei, maar bowenal 'n jaar waar ons ons bande met die gemeenskap versterk het. Dankie aan elke individu, organisasie en gemeenskap wat ons pad gekruis het en wat saam met ons gewerk het om 'n verskil te maak. Ons sien opgewonde uit na wat die toekoms vir ons almal inhou.

## Sosiale media

**Faceboek**

1,4 miljoen mense is bereik (reach)
3 400 nuwe volgers
104 000 volgers

**Instagram**

17 600 mense is bereik
434 nuwe volgers
4 000 volgers

**TikTok**

475 volgers
1 400 likes
130 000 video's gekyk
36 400 beste video's

**YouTube**

32 400 kyke
130 nuwe intekenaars
1 200 intekenaars

**LinkedIn**

7 000 mense is bereik
207 nuwe volgers
1 500 volgers

**X**

10 800 volgers




## Liewe Leser

Van Januarie 2023 tot Desember 2024 is 87 briewe reeds geskryf. Brief 47 en 63 het hierdie jaar uitgestaan.

Brief 47 is die meeste oopgemaak en gelees sedert die briefskrywery begin het. Dis vir ons mooi, want dit was seker een van die persoonlikste herinneringe wat Hilde tot dusver gedeel het. Aan die begin van Liewe Leser het die briewe 'n negatiewe ondertoon gehad. Brief 47 is soet-seer, maar dit is in 'n positiewe lig geskryf en het waarskynlik daarom 'n paar harte getref. Lees gerus weer Brief 47.

**Liewe Leser**

Ek het 'n vriend gehad saam met wie ek gereeld by sy ouma en oupa gaan kuier het. As gevolg van moeilike omstandighede het sy grootouers hom grootgemaak, dus het hy baie tyd in hulle huis en tuin deurgebring. So streng soos wat sy grootouers was, het hulle hom as hul eie opgepas en ondersteun waar hulle kon. Alhoewel sy lewe nie baie maklik was nie, het hy tog 'n sin vir humor ontwikkel en is dit net genade dat hy vandag weet hoe om uit sy maag uit te lag. Om poetse te bak en kanse te waag, was een van sy sterkpunte.

Een van die herinneringe wat my nou nog bybly, is sy impulsiewe besluit om een somermiddag sy ouma 'n poets te bak. Hy het pampoenpitte uit sy oupa se tuin gaan haal en dit in sy ouma se blomtuin gaan plant sodat sy ouma dit elke oggend self kan water gee, met vakansie gaan, en dan na die meesterstuk in die tuin terugkeer. "'n Mens moet net geduld hê," was sy woorde aan my.

Ek het min van plante geweet, maar ek weet wanneer 'n pampoenplant eers begin groei, rank dit vinnig baie wyd. Sy ouma was natuurlik woedend, maar ek moet bieg en sê dit was vir my 'n baie mooi prentjie om die blomme so tussen die pampoenblare te sien – en natuurlik ook die breë glimlag op die gesig van hom wat self met sy grootouers se hulp uit 'n koue seisoen moes leer groei.

Dit laat my dink ...
Die lewe kan soms baie chaoties wees, maar dit is heeltemal moontlik om die mooi tussen die chaos te soek en lief te wees vir dit wat net tydelik vir ons geleen is. Mag ons plant met die doel om vreugde te kweek en die mooi weer in alles begin raaksien – selfs al lyk die seisoen hoe uitdagend.

Hilde
Solidariteit Helpende Hand

**Brief 63** is deur minder mense gelees as die res, maar dis die brief waarop ons hierdie jaar die meeste terugvoer gekry het; baie mense het laat weet dat hulle daarmee saamstem. In hierdie brief is daar 'n stem teen BELA sonder dat daar aktivisties opgetree is. Lees gerus weer Brief 63.

**Liewe Leser**

Ek het die voorreg gehad om sowat drie weke gelede saggies deur 'n Familiebybel te blaai. Dié ou Nederlandse Bybel dateer vanuit die vroeë 1800's. In daardie jare was die Bybels besonder dik en swaar. Vandag lees ons die Bybel op ons fone en is die blaaie dun en lig genoeg om die Woord met net een hand te dra. Die vraag is nie noodwendig hoe groot die Boek is nie, maar eerder of die gewig van die Boodskap vir ons swaar genoeg is om in te sink.

In my skooldae het ons elke Maandagoggend ons tasse voor die klasse in 'n ry gelos en pligsgetrou vir saalopening aangetree. Sodra al die kinders hul sitplek in die saal gekry het, het 'n onderwyser of skoolleier vir ons uit die Bybel gelees en met gebed geopen voordat die afkondigings gemaak is. Die res van ons skoolweek het ons soggens met 'n kort gebed en Skriflesing in die klaskamer afgeskop, klasse gewissel, pouse gehou en vyf minute voordat die laaste skoolklok gelui het met 'n gebed oor die interkom afgesluit. Boonop in Afrikaans ook nog!

As ek terugkyk, besef ek net weer hoe gelukkig ons was om ons geloof nie net in die klaskamer te kon uitleef nie, maar om dit ook sorgvry in ons Moedertaal te kon doen. Vandag lyk dinge 'n bietjie anders en beskerm ons ons kinders waar ons kan.

Vir die eerste keer sedert Liewe Leser se bestaan gaan ek 'n standpunt inneem. Alhoewel dit steeds ouers se plig is om hul kinders by die huis aan godsdiens bloot te stel, is dit nie vir elke kind beskore nie. Van ons leerlinge sit in verbrokkelende gesinne of sien hul ouers weens ekonomiese druk maar min. Dis dus heeltemal moontlik dat kinders op hul skole staatmaak om aan waardes en godsdiens blootgestel te word. Dit bly vir skole en ouers 'n uitdaging, want selfs ons moedertaal word nou as 'n voorreg beskou en nie meer 'n reg nie.

Solidariteit Helpende Hand se jaartema is Waardes wat Werk en dit ondersteun my standpunt. Dis broodnodig om ons kinders toe te rus met 'n stewige grondslag van waardes sodat hulle dit kan toepas en 'n goeie karakter ontwikkel.

Ek sê Afrikaanse onderrig met 'n Christelike grondslag moet bly! Wat sê jy?

Hilde
Solidariteit Helpende Hand

# PROJEKTE



# Bemagtig 'n Kind

Bemagtig 'n Kind kan met trots spog dat die projek groei. Die nood raak al groter en ons aansoeke het aansienlik toegeneem, maar ons moet steeds fokus op bewusmaking.

Die doel met die Bemagtig 'n Kind-projek is om vir kinders bruggies te bou en geleenthede moontlik te maak. Solidariteit Helpende Hand se doel is om welstand onder kwesbare groepe – kinders, bejaardes, mense met gestremdhede en gesinne – te verseker. Dit is vir ons belangrik om na mense se fisiese, geestelike, kulturele en sosio-emosionele welstand om te sien en so hulle holistiese welstand te bevorder. Die Bemagtig 'n Kind-projek het sedert 2020 reeds R2 279 634,12 in ons kinders belê deur hulle te ondersteun met onder andere koshuisgelde, vervoer na en van die skool, geld vir ekstra klasse, spesiale skole en terapie.

Van Januarie 2024 tot einde November 2024 was Bemagtig 'n Kind bevoorreg om 71 kinders landswyd finansieel by te staan.

Solidariteit Helpende Hand se Ons Sentrum is in 2024 deur die Bemagtig 'n Kind-fonds gesubsidieer met R400 000. Die Ons Sentrum bied terapie aan kinders wat getraumatiseer is deur emosionele, fisiese of seksuele mishandeling, verwaarlosing, die dood van 'n geliefde, egskeiding, aanhoudende konflik tussen ouers, gesinsgeweld, afknouery en gedragsuitdagings. Die primêre begunstigdes is kinders en gesinne wat hierdie dienste nie elders kan bekostig nie. Dit lê ons op die hart om dié kinders te help om hulle trauma te verwerk sodat hulle beter kan konsentreer op skool en hulle potensiaal kan verwesenlik.

Van Desember 2023 tot 1 November 2024 is die volgende dienste by die Ons Sentrum gelewer:







Assesserings: 59
Terapiesessies: 628
Ouerleidingsessies: 112
Beradingsessies met ouers: 114

In Mei 2024 het die projek vir die eerste keer 'n funksie gehou om vennote en donateurs te bedank vir die monumentale werk wat hulle bydraes die afgelope vier jaar moontlik gemaak het. Op 19 Junie is Finesse Fliek in Pajamas landswyd aangebied ten bate van die projek. Tydens die geleentheid is netwerke versterk en ons voetspoor in die gemeenskap vergroot.

Verskeie veldtogte is ter bewusmaking en bemarking van die projek aangepak. Bemagtig 'n Kind het die groot voorreg om deur SAAI se Lamb Champs ondersteun te word. SAAI het Solidariteit Helpende Hand se Bemagtig 'n Kind-projek as hulle liefdadigheidsprojek gekies en onder andere drie Lamb Champs-feeste landswyd gehou waar ons projek heelwat publisiteit gekry het. Die eerste was 'n reuse-opskop in Pretoria op 20 Julie, die tweede was op 28 September op Reitz in die Vrystaat, en die laaste een op 14 Desember in Graaff-Reinet.

Theo de Jager, direksievoorsitter van SAAI, beskryf hulle samewerking met SHH as volg: Boerdery gaan oor grond, oor lig en hitte-eenhede, saad en water en implemente en vee. Maar boerdery gaan allereers oor mense.

Terwyl Saai, ons netwerk vir familieboere, die uitnemendheid van Suid-Afrika se skaapboere met Lamb Champs-feeste vier en hulle met trots aan ons verbruikers voorstel, hou ons die kwesbaarste mense in ons gemeenskap ook in gedagte – die kinders.

Met elke kaartjie wat ons vir Lamb Champs verkoop, elkeen van die 150 karkasse op die spit, en elke gesellige lag oor 'n glasie wat klink, val daar 'n paar rand in 'n poel om vir 'n kind wat dit nodig het geleenthede te skep om eendag 'n plek in die lewe vol te staan. Saai staan agter Lamb Champs en Lamb Champs staan agter die skaapboere. Saam staan ons agter Helpende Hand se Bemagtig 'n Kind-projek, want ons belê in die toekoms.

Maroela Media, ons mediavennoot, het die hele 2024 bankvas agter ons gestaan en ons gehelp om ons voetspoor in die gemeenskap te vergroot. Gedurende die jaar het ons 12 artikels op Maroela gehad en Maroela was ook as mediavennoot betrokke by die Lamb Champs-feeste.

Bemagtig 'n Kind dryf die Bewegingskalender van 2025 saam met instellings wat inkoop.




# Tekkies en Toks

Tekkies en Toks poog om weg te beweeg van tweedehandse tekkies en/of toks om ons jeug se menswaardigheid te beskerm en te koester. Met trots spog Tekkies en Toks met Morné Steyn as hulle ambassadeur. Steyn span kragte saam met die Tekkies en Toks-span om skop-skop 'n verskil te maak onder ons jeug en om te verseker dat hulle geveter en gesool is vir die lewe.

Tekkies en Toks wil probeer om in die toekoms meer holisties na kinders te kyk en nie net fisies nie. Ons kyk onder andere na die emosionele voordele wat sportontwikkeling inhou. Met die projek wil ons in die toekoms noue bande en sterk verhoudings bou en 'n diep voetspoor in die gemeenskap los.

Ons beplan noue samewerking met Vanes-Mari du Toit vir 2025. Daar word ook beplan om 'n media konferensie te hou waar ons met aktiewe rolspelers in die veld gesels en klem lê op die belangrikheid van sport in kinders se ontwikkeling.

# HelpHetta

In 2024 trek die HelpHetta-projek groter skoene aan en onderneem om 3 500 skoolgaande meisies kwartaalliks van sanitêre ware en higiëniese produkte te voorsien én om hul ook op 'n holistiese vlak by te staan.

'n Studie wat Helpende Hand gedoen het onder die 3 500 meisies wat tans by die projek baat, dui daarop dat hulle meer as net sanitêre produkte nodig het. Hulle het onder meer behoefte aan motiveringspraatjies, bemoedigende dagstukkies, inligting oor selfbeeld, selfwaarde en hoe verhoudings werk, en hulle wil graag geestelik opgebou word. Om in sekere van die behoeftes te voorsien en meisies op 'n holistiese vlak te ondersteun, is die HelpHetta-WhatsApp-lyn ontwikkel. 'n Span bekwame maatskaplike werkers stel weekliks inhoud saam wat per WhatsApp uitgestuur word.

Voordat daar na meisies se emosionele en geestelike welstand gekyk kan word, moet daar eers in hulle fisiese behoefte aan sanitêre ware voorsien word. Daarom is ons dankbaar vir getroue vennote soos die Finesse Voelgoed Tydskrif, Gretha Wiid, Lynette Beer en elke ander vrou wat iewers op 'n geleentheid 'n pakkie sanitêre ware geskenk het.














In 2024 trek die HelpHetta-projek groter skoene aan en onderneem om 3 500 skoolgaande meisies kwartaalliks van sanitêre ware en higiëniese produkte te voorsien én om hul ook op 'n holistiese vlak by te staan.

'n Studie wat Helpende Hand gedoen het onder die 3 500 meisies wat tans by die projek baat, dui daarop dat hulle meer as net sanitêre produkte nodig het. Hulle het onder meer behoefte aan motiveringspraatjies, bemoedigende dagstukkies, inligting oor selfbeeld, selfwaarde en hoe verhoudings werk, en hulle wil graag geestelik opgebou word. Om in sekere van die behoeftes te voorsien en meisies op 'n holistiese vlak te ondersteun, is die HelpHetta-WhatsApp-lyn ontwikkel. 'n Span bekwame maatskaplike werkers stel weekliks inhoud saam wat per WhatsApp uitgestuur word.

Voordat daar na meisies se emosionele en geestelike welstand gekyk kan word, moet daar eers in hulle fisiese behoefte aan sanitêre ware voorsien word. Daarom is ons dankbaar vir getroue vennote soos die Finesse Voelgoed Tydskrif, Gretha Wiid, Lynette Beer en elke ander vrou wat iewers op 'n geleentheid 'n pakkie sanitêre ware geskenk het.

Ons het vir ons HelpHetta-bokse 'n nuwe ontwerp geskep en dit lyk ongelooflik mooi. In 2025 sit ons bokse vir skenkings neer by





die Van Heerden Apteke in Pretoria.

Die HelpHetta-projek funksioneer onder die vaandel van die FroueVonds. Die FroueVonds se webblad is oorgedoen en het ons baie nuwe inligting oor HelpHetta daarop geplaas. Die FroueVonds het ook weer die Worthy Women-konferensie bygewoon en oor die 4 000 HelpHetta-doekies ingesamel wat ons in 2025 onder ons meisies kan versprei.

K!ND
Tweens & Teens

In 2024 vat HelpHetta hande met KIND – Tweens en Tieners en ons plasings word nou deur hulle ook gedeel.

# Boesemvriendinne

Boesemvriendinne
'n inisiatief van die FroueVonds

Borskanker is 'n diagnose wat geen vrou ooit wil kry nie, en daar is nie veel wat enigiemand kan doen om die nuus te versag nie. Baie mastektomie-pasiënte wat kan, kry terselfdertyd 'n borsrekonstruksie, maar vir baie vroue is dit nie bekostigbaar nie en hulle ervaar 'n diepgaande verlies. Helpende Hand se FroueVonds het toe in 2021 met die idee vorendag gekom om 'n jaarlikse breiprojek te wy aan die maak van sagte borsprosteses vir behoeftige vroue wat 'n bors verloor het. Die prosteses word aan KANSA geskenk wat dit gebruik om hoop te saai in die lewe van borskankerpasiënte wat nie 'n silikonprostese of borsrekonstruksie kan bekostig nie. Van Mei tot Oktober 2024 het kranige Helpende Hand-vrywilligers en -ondersteuners in talle streke landwyd borsprosteses gebrei en gehekel. Oktober is borskankermaand. In Oktober 2024 het ons 3 447 prosteses







ter waarde van R206 820 aan verskeie KANSA-kantore landwyd oorhandig en hulle het dit weer onder borskankerpasiënte versprei. Vroue wat gebrei het, het die vroue wat die prosteses ontvang in hul gebede opgedra en ook dikwels 'n kaartjie, teksvers of gebed saam met die prostese in die pakkie gesit. Wat 'n wonderlike geleentheid om nie net fisiese ondersteuning te bied nie, maar ook geestelike ondersteuning tydens die lang en moeilike pad van borskanker.

Dankie aan USN en Sox Footwear wat die inisiatief ondersteun het deur 1 000 paar Boesemvriendinne-sokkies te skenk wat ons kon verkoop om fondse in te samel vir die Boesemvriendinne-projek.

Helpende Hand-vrywilligers neem gereeld aan verskeie breiprojekte deel, aangesien dit 'n manier is om hul gawes en talente te benut en 'n verskil in hul medemens se lewens te maak. Veral ons bejaardes vind waardigheid daarin om te weet hulle kan steeds 'n verskil maak deur op hul eie tyd iets te doen waarvoor hulle lief is.

Tydens die oorhandiging van die prosteses het Tarina Hattingh haar kankerreis met ons gedeel en haar boek bekendgestel. Die geleentheid is bygewoon deur onder andere René du Preez, Gretha Wiid, Rhona Erasmus en CheraLee.

'n Brei-pakket is saamgestel bestaande uit die brei- en hekelpatroon, wol en vullingsmateriaal om een prostese te maak. Hierdie pakkette word vir R60 elk verkoop en kan versprei word onder vrywilligers wat saam wil brei.






# HelpJag

HELPJAG



HelpJag het die afgelope 7 jaar reeds meer as 220 ton vleis ingesamel. Saam met die projek se drie ambassadeurs, Bakkies Botha, Appel en Adam Tas, en elkeen van hulle se handelsmerk maak ons 'n verskil. Gedurende 2024 se jagseisoen het HelpJag 22 ton vleis ingesamel, verwerk en onder behoeftige instansies versprei. Dit is 'n totaal van 146 660 porsies.

Fondsinsamelingsinisiatiewe word geloods om te verseker dat die projek volhoubaar is.



Hier volg 'n paar hoogtepunte uit die jaar se geleenthede:

- HelpJag Legendes Gholfdag van Hoop – 7 Maart
- HelpJag Gholfdag in die Wes-Kaap in samewerking met Worcester Gholfklub – 7 Maart

Dit is hierdie jaar die eerste keer aangebied en was 'n groot sukses. Die dag is opgehelder deur legendes soos Naas Botha, Werner Greef en Schalk Burger senior. Tydens die aandfunksie het onder andere Adam Tas, Ichnus Wait en Appel opgetree. Die doel van die geleentheid was tweeledig, naamlik fondsinsameling en bewusmaking. Daar was dan ook baie goeie netwerkgeleenthede.



**Kimberley Gholfdag in samewerking met Kriek Wildlife Group – 14 April**

Weens die groot aanvraag het HelpJag die geleentheid vir die derde agtereenvolgende jaar aangebied. Dié geleentheid het veral ten doel om fondse in te samel vir die volhoubaarheid van die projek.

- **HuntEx – 26-28 April**

HelpJag het hierdie jaar weer by HuntEx uitgestal met die doel om bewusmaking te skep, fondse in te samel en data te werf.

- **Koster Duiweskiet – 10-11 Mei**

Daar word jaarliks 'n duiweskiet in Koster gereël ten bate van Koster Gekombineerde Skool. Die skool was in die verlede deel van die Kosblikkie-projek. Hulle het HelpJag genader om te deel in hierdie fondsinsameling en ook van ons kant af te help met die bemarking. Tydens die veiling is 'n item ten bate van HelpJag opgeveil.

- **HelpJag Legendes Gholfdag van Hoop – 9 Oktober**

By hierdie opwindende gholfdag was legendes soos Bakkies Botha, Morné Steyn, Naas Botha, Hennie Otto en Deon Oosthuysen teenwoordig. Tydens die aandfunksie het 'n paar kunstenaars opgetree, insluitend Jo Black, Neil Somers, Pieter Smith, Adam Tas en Appel. Die Woes TV-aanbieder, Jaco van Dyk, het items opgeveil om HelpJag te help om hul goeie werk voort te sit. Altesaam R350 000 is met die veiling ingesamel.

- **Uitstallings by verskeie gholfdae**

HelpJag stal by verskeie gholfdae uit. Die doel hiervan is bewusmaking en fondsinsameling deur Veld tot Vurk-speserye te verkoop.






# Skooltassie

In Januarie 2024 het Helpende Hand 2 000 tassies by 172 skole in 14 streke uitgedeel aan behoeftige graadeentjies. Die Skooltassie-projek se impak strek egter verder as die verskaffing van 'n fisiese tassie. Deur jong leerders van kleins af te bemagtig, stel ons hulle op vir 'n pad na sukses.

Helpende Hand het hierdie jaar met die volgende organisasies saamgewerk:

- Pretoria FM
- Lig en Duisternis Uitgewers
- Boerboel Wear

Die skooltassie-uitdeeldag was 'n dag vol pret vir die graadeentjies en boonop het die projek groot media-blootstelling geniet. Pretoria FM het vir die eerste keer 'n lewendige buite-uitsending gedoen by die skool en die musiekgroep Jan Jan Jan het gesorg vir vermaak vir die kinders.

Braaf die Boerboel het in 2024 met skouermantel en al met Solidariteit Helpende Hand kragte saamgesnoer om na kinders se welstand en toekoms om te sien. Die hoofdoel van die Braaf-projek is om vir kinders te leer dat dit nie net belangrik is om braaf te wees nie maar noodsaaklik.








Braaf die Boerboel het in die volgende streke getoer:

- Vrystaat
- Wes-Kaap
- Oos-Rand
- Mpumalanga
- Oos-Kaap en KZN-Suid
- Noord-Kaap
- Noordwes
- Sentraal
- Pretoria-Oos
- Pretoria
- Platinum
- Wes-Rand en Vaaldriehoek




In 2024 het Braaf kinders verder bemagtig met 'n reeks van 10 strokiesprente. Ouers kan die reeks vir hul kinders voorlees of die kinders kan dit self lees. Al die stories handel oor Braaf die Boerboel se dapperheid.

# Kosblikkie

Die Kosblikkie-projek fokus daarop om voedingshulp te verskaf aan behoeftige kleuterskole, laerskole en ander instansies. Gedurende 2024 het Solidariteit Helpende Hand 118 instansies finansieel bygestaan, insluitend die 7 Ons Plekke.

Die mondhigiëne-veldtog Piet Tande is aanvullend by die Kosblikkie-projek. Piet Tande gee die kinders advies oor voeding, hoe om 'n tandeborsel reg te gebruik en gewoontes wat tandprobleme en tandbederf voorkom.

Piet Tande het hierdie jaar in die volgende streke getoer:

- Noord-Kaap
- Sentraal
- Pretoria-Oos
- Platinum
- Noordwes
- Vrystaat
- Bo-Karoo
- Oos-Rand



- Pretoria
- Limpopo
- Wes-Rand en Vaaldriehoek

Die Kosblikkie- en PlantSelf-projek het vanjaar hande gevat. Deur 'n plantkoepel by 'n Kosblikkie-skool te plaas, bemagtig ons die skole om selfonderhoudend en ekonomies onafhanklik te word. Vyftien behoeftige skole het koepels gekry.



## PlantSelf

PLANTSELF
'n Inisiatief van Solidariteit Helpende Hand

Hierdie projek aktiveer gemeenskappe om selfonderhoudend te raak. Grond is nie net die oorsprong van lewe nie; om te plant, is boonop in ons Afrikaners se bloed. Ons wil plant. Ons kan plant.

Die PlantSelf-plantkoepel is 'n unieke, omgewingsvriendelike tuin- en besproei-ingstelsel wat almal in staat stel om 'n voedselbron van hul keuse te kweek. Dit is 'n draagbare kweekhuis wat bestaan uit 'n plastiese raamwerk wat met skadunet oorgetrek is en oor en oor gebruik kan word. Die plantkoepel het 'n sterk, stewige ontwerp, is maklik om aanmekaar te sit en het 'n 10 jaar-waarborg teen sonskade. Die Kosblikkie- en PlantSelf-projek het vanjaar

hande gevat. Deur 'n plantkoepel by 'n Kosblikkie-skool te plaas, bemagtig ons die skool om hul eie voedselbronne te kweek en selfonderhoudend te word.

Die PlantSelf-projek beoog om in 2025 plantkoepels reg oor die land te plaas en die gemeenskap se inkoop te kry om nog meer plantkoepels in die gemeenskap te plaas. Die volgende skole het in 2024 plantkoepels ontvang:

1. Vinnige Voetjies aan die Oos-Rand
2. Smurfland aan die Oos-Rand
3. Het's Dagsorg aan die Oos-Rand
4. Vissies Pre-Primêr aan die Oos-Rand
5. Klein Treetjies in Limpopo
6. Ons Plek Naboomspruit in Limpopo
7. Platberg Kleuterskool in die Vrystaat
8. 'n Koshuis in Hennenman in die Vrystaat
9. Laaities en Ladies in die Suid-Kaap
10. ACVV Sandkasteel Kleuterskool in die Suid-Kaap
11. Klein Phisantekraal Preprimêr in die Wes-Kaap
12. Laerskool Lochnerhof in die Wes-Kaap
13. Laerskool Dr. Viljoen in die Oos-Kaap
14. Laerskool Innes in die Oos-Kaap
15. Laerskool Totius in die Vaaldriehoek
16. Ons Plek aan die Oos-Rand

Op 24 Augustus 2024 is die PlantSelf-plantkoepel by BUCO Wonderboom bekendgestel.

Die koepels is nou by BUCO Wonderboom te koop!



# HelpHoor

HelpHoor is 'n deurlopende projek om behoeftige bejaardes van gehoorapparate te voorsien. Tweedehandse gehoorapparate word ingesamel, gediens en skoongemaak en vir die ouer persone gepas. Ons bedank graag ons vennote wat die projek moontlik maak:

- Oorinstituut (landwyd)
- Instituut vir Gehoor in Pretoria – Suné Ferreira
- Deon Ceronio Gehoorsentrum in Bloemfontein

Daar is 'n landswye vraag na gehoorapparate, daarom word daar beplan om hierdie projek in die toekoms in al die ankergemeenskappe te dupliseer. Die betrokkenheid van oudioloë in die gemeenskappe is krities vir die sukses van hierdie projek. Negentien aansoeke is reeds vir 2025 ontvang.

# Ons Plek-musiekvideo

Ons visie om vir elke Afrikaner-kind 'n kultuurtuiste te skep, dryf ons. Daarom kyk ons verby die uitdagings na die wonderwerke wat ons daagliks by die Ons Sentrums beleef. Ons passie om kinders in 'n gebroke wêreld lief te hê, vuur ons aan. Ons weet lankal ons kan nie almal red nie, maar ons is dankbaar vir die impak wat ons tans op 400 kinders kan maak. Ons droom steeds van 'n volhoubare sentrum in elke ankergemeenskap, want ons sien daagliks die lewensveranderende impak wat ons maak deur in kinders se materiële en emosionele behoeftes te voorsien tydens die leerreis wat ons van 3 maande tot 19 jaar bied. Ons weet ons raak in elke gemeenskap 'n monument van hoop.

Solidariteit Helpende Hand Ons Plek Kleuterskool en Naskoolsentrum bied 'n Afrikaanse kultuurtuiste vir elke kind! Belê in 'n kind se leerreis en word gerus deel van die Ons Plek StapSaam-fonds.

**Skandeer en luister op YouTube**

Die Ons Plek-skoollied is geskryf en gesing deur Arnold de Wet. Die video is geneem en geredigeer deur Jacques du Preez van New Ending Media.

# Kinderbeskermingsweek

Suid-Afrika se jaarlikse Kinderbeskermingsweek duur van die laaste week van Mei tot die eerste week van Junie. Dit is daarop gemik om die gemeenskap bewus te maak van kinders se regte en die noodsaaklikheid om hulle teen mishandeling en verwaarlosing te beskerm.

Solidariteit Helpende Hand speel 'n rol van onskatbare waarde om kinders in die gemeenskap te beskerm. Ons maatskaplike werkers, streeksorganiseerders en vrywilligers netwerk onder andere vir hierdie doel met skole en statutêre gesinsorganisasies in gemeenskappe.

# Sê jou Sê-kompetisie

Solidariteit Helpende Hand se Forum vir Persone met Gestremdhede bied jaarliks die Sê jou Sê-kultuurkompetisie aan. Dit is 'n kultuurkompetisie vir kinders met gehoorverlies. Ouderdomstoepaslike poësie, prosa en redenaarsonderwerpe word voorsien.

Hierdie jaar is die kompetisie landswyd aangebied om kinders reg oor die land wat uitdagings met gehoorverlies het die geleentheid te gee om deel te neem. Deelnemers kon fisies of elektronies deur middel van 'n video-opname vir die kompetisie inskryf.

# Motorfietsklub

Die Solidariteit Helpende Hand Motorfietsklub het sy tiende bestaansjaar by die Voortrekkermonument in Pretoria ingelui. Lede van die klub en hulle ondersteuners het in groot getalle byeengekom om dié belangrike mylpaal te vier. Tydens die viering is R80 000 aan die klub se studiefonds geskenk.

Die SHH Motorfietsklub het ongeveer 85 lede en 90 ondersteuners. Hulle is bekend vir hulle liefdadigheidsprojekte om Afrikaner-armoede te help verlig. Die klub het oor die 10 jaar 'n mooi nalatenskap geskep waarop hulle in die toekoms kan voortbou.



# AfriSkuld LIG-Konsert: 'n Reusesukses vol liefde en hoop



Die AfriSkuld LIG-Konsert 2024 was 'n buitengewone sukses! Hierdie inspirerende geleentheid het nie net harte aangeraak nie, maar ook die toekoms van talle jongmense help vorm. Ons is opreg dankbaar teenoor AfriSkuld wat as hoofborg ingetree en die aand nog meer spesiaal gemaak het. Dit was vir ons by Solidariteit Helpende Hand 'n groot voorreg om die konsert aan te bied.

Tydens die pragtige afsluiting die aand het AfriSkuld aangekondig dat hulle 'n splinternuwe studiefonds by die Helpende Hand Studietrust stig. Dit is 'n ligpunt wat studente met gestremdhede sal bemagtig om hul drome van hoër onderwys te verwesenlik.

Die LIG-konsert is nie net 'n viering van musiek en talent nie, maar ook van ons gemeenskap se gedeelde waarde van liefde in gestremdheid. Saam bou ons 'n toekoms waar almal se potensiaal erken en ontwikkel word. Dankie aan elke ondersteuner en deelnemer wat hierdie aand moontlik gemaak het! Saam skep ons hoop en maak ons 'n verskil.










# Afskeid van Finesse Tydskrif: 'n Bittersoet dankie

Met groot dankbaarheid en 'n tikkie nostalgie het Solidariteit Helpende Hand vanjaar ons geliefde Voelgoed-familie se pragtige Spogtee bygewoon. Op dié spesiale dag is 'n mylpaal gevier: Finesse Tydskrif se 26ste bestaansjaar. 'n Hoogtepunt op die dag was Finesse se oorhandiging van 'n skenking van R50 000 aan Helpende Hand as bydrae tot projekte. Julle oop hande en ruim harte stel ons in staat om voort te gaan met ons werk om gemeenskappe te ontwikkel en selfstandig te maak. Hierdie bydrae sal werklik 'n verskil maak en hoop bring waar dit die nodigste is.

Dankie, Voelgoed-familie, dat ons deur die jare kon saamreis. Ons het rus gevind tussen die blaaie van die tydskrif, saam gelees, saam gelag en saam hoop gevind. Julle hart vir gemeenskappe en julle ondersteuning aan Solidariteit Helpende Hand het 'n diep en blywende indruk gemaak. Ons is werklik lief vir julle en sal die tydskrif geweldig mis. Ons weet egter dat die avontuur wat nou voorlê – in 'n digitale formaat – net so mooi sal wees. Daar wag 'n blink toekoms op julle, en ons glo julle gaan voortaan nog meer lewens aanraak.




Met hierdie afskeid vier ons ook Finesse se onskatbare bydrae oor die jare – nie net in ons lewens nie, maar ook in gemeenskappe reg oor die land. Dankie vir al die jare se inspirasie, ondersteuning en liefde. Ons groet met die wete dat die toekoms blink is en dat ons bande net sterker sal word.






# Optog Teen BELA:
# Saam vir Afrikaans, ons skole en ons gemeenskap

Hierdie jaar het 'n merkwaardige gebeurtenis plaasgevind toe 41 organisasies 'n memorandum onderteken het om hul teenstand teen die BELA-wetsontwerp uit te spreek. Die wetsontwerp bedreig die toekoms van ons skole, ons taal en die gemeenskappe wat ons so lief het.

Op 5 November 2024 het ons die memorandum aan die regering oorhandig as deel van 'n massiewe optog van 10 000 mense wat saam gestap het vir hierdie saak. Die pad vorentoe mag uitdagend wees, maar ons het bewys dat ons sterker is wanneer ons saamstaan en ons stemme verenig.

Ons het gestap vir Afrikaans. | Ons het gestap vir ons skole. | Ons het gestap vir ons gemeenskap.

Dankie aan elke mens en organisasie wat die optog moontlik gemaak het. Dit getuig van ons toewyding om ons waardes, ons erfenis en ons kinders se toekoms te beskerm. Saam maak ons 'n verskil.

Die omstrede artikels in die Wysigingswet op Basiese Onderwyswette (BELA) is nie soos verwag op 13 Desember 2024 geïmplementeer nie. Die minister van basiese onderwys het in ooreenstemming met 'n skikkingsooreenkoms wat by die Nasionale Ekonomiese, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac) bereik is, aanbeveel dat klousules 4 en 5 nie in werking gestel word voordat toepaslike norme, standaarde, regulasies en nasionale beleid ontwikkel is nie.

Hierdie uitstel is die resultaat van samewerking en volgehoue pogings deur




























duisende individue en organisasies wat saamgestaan het in gebed en protesoptogte en met harde werk. Ons bedank AfriForum, die Skoleondersteuningsentrum (SOS) en elke organisasie, skool, onderwyser, ouer en lid van die publiek wat hierdie deurbraak moontlik gemaak het. Saam is ons sterker, en hierdie oorwinning bevestig die krag van 'n gemeenskap wat saamstaan om ons onderwysbelange te beskerm.

## Die Afrikaner-verklaring: 'n Toekomsvisie vir volhoubare voortbestaan

Dit was 'n groot voorreg vir Solidariteit Helpende Hand om die bekendstelling van die Afrikaner-verklaring in die Heldesaal by die Voortrekkermonument by te woon. Hierdie historiese geleentheid het 'n sterk boodskap uitgedra oor die uitdagings en hoop van Afrikaners as kultuurgemeenskap binne die huidige komplekse Suid-Afrikaanse konteks.

Die Afrikaner-verklaring handel oor twee kernsake. Die eerste is die krisisse wat ontstaan het as gevolg van 'n swak en vyandige regering. Die ANC-regering se beleid het nie net die land op vele fronte in die afgrond in bestuur nie, maar het ook spesifiek Afrikaners en die breër Afrikaanse gemeenskap negatief geraak. Dit het gelei tot die oprigting van instellings oor verskeie velde – van taal en kultuur tot veiligheid en ekonomie – om hierdie dringende uitdagings te hanteer.

Die tweede konteks is die Afrikaner se strewe om ten spyte van hierdie uitdagings 'n volhoubare, vrye bestaan te voer. Hierdie vryheid behels die vermoë om self besluite te neem en dit uit te voer oor alles van onderwys in Afrikaans, plaaslike regering en werkskepping tot veilige woon- en werksomstandighede. Daar word ook klem gelê op die noodsaaklikheid om ons kultuur, geskiedenis en erfenis te beskerm en te bevorder, en die verantwoordelikheid wat ons met vennote deel om ruimtes daarvoor te skep en ontwikkel.

Die gees van die Afrikaner-verklaring lê in die balans tussen volhoubare voortbestaan en wedersydse erkenning en respek. Dit poog nie om eenvormigheid af te dwing nie, maar om ruimte te skep vir 'n verskeidenheid benaderings om ons gemeenskap se strewes te verwesenlik. Die verklaring stel 'n langtermynvisie vir die toekoms en bied 'n wyse waarop Afrikaners hulself plaaslik en internasionaal kan posisioneer. Dit dien as 'n instrument om ons gesamentlike strewe na meer ruimte vir volhoubare voortbestaan en die bou van goeie verhoudings met ander gemeenskappe in Suid-Afrika te ondersteun.

Die Afrikaner-verklaring is nie 'n dokument wat namens alle Afrikaners saamgestel is nie, maar eerder ten behoewe van alle Afrikaners. Die

krag van die inisiatief lê in die uiteenlopende instellings en individue wat betrokke is. Die verskeidenheid van perspektiewe wat reeds ingebring is, is 'n bewys van die inklusiwiteit van hierdie visie.

As Solidariteit Helpende Hand ondersteun ons die beginsels en doelwitte van die Afrikaner-verklaring wat ten doel het om ons gemeenskap sterker te maak en ruimte te skep vir ons voortbestaan. Ons glo dat die verklaring 'n belangrike rigtingwyser sal wees in die skep van 'n blywende toekoms vir ons kultuurgemeenskap binne 'n groter Suid-Afrikaanse samelewing.

## Helpende Kerke Kongres 2024: Van praktyk tot struktuur

Solidariteit Helpende Hand het met trots die vierde opeenvolgende Helpende Kerke Kongres aangebied – 'n geleentheid wat groei uit die behoefte om kerke, organisasies en gemeentes te versterk in hul roeping om gemeenskappe te dien en op te bou.

Hierdie jaar se tema, Van Praktyk tot Struktuur, het voortgebou op 2023 se suksesvolle tema, Van Agenda na Praktyk, wat tot betekenisvolle gesprekke en samewerking gelei het. In 2024 het die fokus verskuif na die praktiese strukture wat die grondslag vorm van roeping en barmhartigheidsdiens. Ons het spesifiek gekyk na die strukture in tehuise vir bejaardes, persone met gestremdhede en kinderhuise, asook die rol van maatskaplike werkers in hierdie omgewings en hoe hulle behoeftes hanteer kan word.

Op versoek van deelnemers aan vorige kongresse was daar ruim geleentheid vir netwerking en bekendstelling van bestaande werksaamhede. Die interaksie is van onskatbare waarde om sterker vennootskappe te bou en 'n gedeelde visie vir gemeenskapsontwikkeling te verwoord.





Die dag is afgesluit met 'n besinning oor leierskap in gemeenskappe en die kerk se rol as 'n leidende stem en ligdraer in uitdagende tye. Die kerk bly 'n belangrike spilpunt in gemeenskapsontwikkeling, en die kongres erken en versterk hierdie unieke rol.

Die Helpende Kerke Kongres is 'n platform waar gelowiges, kerke, vrywilligers, diensgroepe en organisasies saamkom om strategieë vir volhoubare gemeenskapsontwikkeling te ontwikkel. Solidariteit Helpende Hand glo dat vennootskappe met kerke noodsaaklik is om ons missie om gemeenskappe te versterk te bereik. Die kerk is die bruid van Jesus Christus, en daarom moet ons hand aan hand werk om sy koninkryk te bou en sy roeping uit te leef.

Ons Helpende Kerke-projek is in wese 'n erkenning van die nasionale rol wat die kerk vervul. Terwyl plaaslike takke en streeksgroepe reeds suksesvol met kerke en gemeentes skakel, bied die kongres 'n kans om samewerking op 'n nasionale vlak te versterk en uit te brei.

Dankie aan elke individu, kerk en organisasie wat saam met ons werk. Ons glo die Helpende Kerke-projek sal 'n diepgaande impak hê en ons toerus om sterker en meer volhoubare gemeenskappe te bou tot eer van ons Here en tot voordeel van almal wat ons dien.

Solidariteit Helpende Hand – Saam bou ons gemeenskappe!



# Jaarlikse jaarbeplanning: 'n Visie vir 2025

In November 2024 het Solidariteit Helpende Hand met dankbaarheid en hoop bymekaargekom vir ons jaarlikse jaarbeplanning. Ons groei jaar na jaar groter, sterker en meer doelgerig – en ons doen dit met die gawe wat die Here ons gegee het: die gawe van geloof.





Die week het begin met 'n inspirerende opening deur ds. Schalk Strauss van Lig in Duisternis Uitgewers wat gefokus het op God se leiding en seën. Daarna het ons met groot waardering en dankbaarheid teruggekyk op die hoogtepunte van 2024 en die impak wat ons werk op gemeenskappe reg oor Suid-Afrika gemaak het.

Ons wil graag ons opregte dank uitspreek teenoor ons sprekers, Flip Buys, Henk Schalekamp en Dirk Hermann, vir hul insiggewende en inspirerende bydraes. Dankie ook aan ons uitvoerende hoof, Hannes Noëth, vir jou visionêre leiding en toewyding aan ons visie en missie.



















Ons jaartema vir 2025 is Welstand, en ons fokus op individue, gesinne en gemeenskappe se holistiese welstand – geestelik, fisies, kultureel en sosio-emosioneel. Hierdie tema sal in die jaar wat voorlê die rigting aandui vir ons werk.

Dankie aan elkeen wat deel was van hierdie spesiale dag. Ons sien uit na 'n jaar vol nuwe uitdagings en geleenthede om gemeenskappe te versterk en saam aan 'n beter toekoms te bou. Saam bou ons aan welstand!



# Krugerdagvieringe: Ons kyk terug, ons kyk vooruit, ons bou

Solidariteit Helpende Hand het met trots deelgeneem aan die herdenking van Krugerdag, 'n spesiale dag waar ons ons geskiedenis en erfenis eer. Die dag het afgeskop met 'n kranslegging by Paul Kruger se graf gevolg deur 'n indrukwekkende diens in die Paul Kruger Kerk.

Meer as 30 organisasies het saamgekom om hulde te bring aan die nalatenskap van oom Paul en ons gedeelde geskiedenis. Hierdie opkoms bevestig dat Krugerdag steeds groei as 'n belangrike nasionale herinneringsdag. Ons is opreg dankbaar vir die Krugergenootskap wat die dag so professioneel en gepas gereël het, asook vir elke individu en organisasie wat dit saam met ons gevier het.

Krugerdag is 'n geleentheid om terug te kyk op ons geskiedenis, vorentoe te kyk na ons visie, en aan te hou bou aan 'n sterker toekoms. Ons bly toegewyd om ons erfenis te beskerm en die waardes waarop dit gebaseer is, voort te dra.

Saam bou ons 'n toekoms wat respek toon vir ons verlede en hoop bring vir die toekoms.









# Loslitdag 2024: "Ek sien jou raak"


Solidariteit Helpende Hand het vanjaar met trots deelgeneem aan Loslitdag, 'n spesiale dag ten bate van ons Forum vir Persone met Gestremdhede. Hierdie jaar se tema, "Ek sien jou raak", het die kern van inklusiwiteit en erkenning gevier en beklemtoon hoe belangrik dit is om elke mens se unieke waarde en menswaardigheid raak te sien.

Loslitdag is nie net 'n prettige geleentheid om informele klere te dra nie; dit is ook 'n daadwerklike manier om bewusmaking te skep van die uitdagings en behoeftes van persone met gestremdhede. Deur deel te neem, het ons nie net fondse ingesamel nie, maar ook ons verbintenis bevestig om gemeenskappe inklusief en ondersteunend te maak.

Met die tema "Ek sien jou raak" het ons die boodskap van empatie, waardering en respek uitgedra, wat aan die hart van Solidariteit Helpende Hand se visie lê. Ons bedank elke deelnemer en ondersteuner wat gehelp het om van die dag 'n sukses te maak.

Saam maak ons die onsigbare sigbaar en bou ons aan 'n wêreld waar almal se potensiaal ten volle raakgesien en ontwikkel word.










## *Oorwinning begin by die eerste tree*

Ons kondig met trots aan dat Tarina Hattingh se inspirerende boek *Oorwinning begin by die eerste tree* gratis beskikbaar is op ons digitale kanale. Die boek deel kragtige getuienisse van genesing, versterking, hoop en geloof en dien as 'n herinnering dat ons nooit alleen is in ons stryd om gesondheid nie.

Tarina se storie wys ons dat daar altyd hoop is, ongeag die uitdagings wat ons in die gesig staar. Haar woorde bied inspirasie en versterking aan elke leser, en haar storie getuig van die krag van geloof.

Laai gerus die kosbare boek af en deel dit met ander sodat die boodskap van hoop en oorwinning almal kan bereik.

Laai jou boek hier af:
www.boesemvriendinne.co.za

Kom ervaar die krag van geloof en ontdek dat oorwinning altyd moontlik is.








## PassieVol: 'n Inspirasie vir geloof en gemeenskap

PassieVol is weer in 2024 by die pragtige Moreleta Kerk in Pretoria aangebied. Dit is een van die inspirerendste Christelike produksies in Afrikaans. Met bykans 6 000 gaste per geleentheid het die besonderse produksie die harte van mense aangeraak en hulle hoop gegee te midde van uitdagende tye.





Hierdie geleentheid van Moreleta Kerk in samewerking met Solidariteit Helpende Hand en ons radiovennoot Pretoria FM was 'n sprekende voorbeeld van wat bereik kan word wanneer gemeenskappe en vennote saamwerk. Dit het 'n geleentheid gebied om die boodskap van hoop, liefde en geloof op 'n kreatiewe wyse te deel en groot impak te maak.

Van die grootste name in Afrikaanse musiek het aan die produksie meegewerk, insluitend Riana Nel, Bobby van Jaarsveld, Bernice West, Retief Burger, Monique Steyn, Ruan Josh, en Jemma Catherine. Met Lindie Strydom as aanbieder het die aand van begin tot end uitnemendheid en passie uitgestraal. Die gehalte van die musiek en die diepte van die boodskappe het 'n blywende indruk op elke mens in die gehoor gemaak.




PassieVol is nie net 'n musiekproduksie nie, maar 'n geleentheid om ons geloof te vier en gemeenskaplike waardes te versterk. Dit het Helpende Hand in staat gestel om sy missie van gemeenskapsontwikkeling verder uit te dra en bewusmaking te skep van die belangrikheid van ondersteuning en samewerking in ons gemeenskappe.

Ons wil ons opregte dank uitspreek teenoor elke gas wat hierdie reis met ons meegemaak het. Julle teenwoordigheid en entoesiasme het bygedra tot die ongelooflike atmosfeer en sukses van die produksie. Saam met ons vennote en kunstenaars sien ons uit na nog meer geleenthede om die boodskap van hoop deur musiek en geloof te versprei.



## Saam op die MSC Splendida: 'n Reis met 'n doel

Solidariteit Helpende Hand het vanjaar met groot dankbaarheid en opgewondenheid weer die geleentheid gehad om deel te wees van die Voelgoed-bootreis op die splinternuwe MSC Splendida. Die reis was veel meer as 'n avontuur op die oop see – dit het 'n unieke platform gebied om saam met dinamiese vroue oor gemeenskapsontwikkeling en bemagtiging te gesels.



Ons spreek ons opregte dank uit teenoor die span van Voelgoed Media vir die uitnodiging en die waardevolle geleentheid om vroue se stories en drome te vier. Julle bly 'n inspirasie, en ons waardeer die vennootskap wat ons in

staat stel om Solidariteit Helpende Hand se werk en missie met 'n breër gehoor te deel.

Die bootreis was gevul met ligte oomblikke, sinvolle gesprekke en ware verbondenheid. Dit was vir ons 'n eer om ons visie vir gemeenskapsontwikkeling te deel en te sien hoe dit by soveel inspirerende vroue aanklank vind.


Solidariteit Helpende Hand glo dat bemagtigde vroue die fondament is van sterker, veerkragtiger gemeenskappe. Hierdie reis het ons weer die geleentheid gebied om ons werk bekend te stel, betekenisvolle bande te smee en nuwe idees oor gemeenskapsontwikkeling te deel wat uiteindelik 'n blywende verskil kan maak.

Dankie aan elkeeen wat deel was van hierdie spesiale ervaring. Saam bou ons sterker gemeenskappe – een vrou, een gesin, een gemeenskap op 'n slag.



## "Twyfelhoekie": 'n Rubriek wat sekuriteit bied in 'n onseker wêreld

Die rubriek "Twyfelhoekie" het op 4 Mei 2011 vir die eerste keer verskyn in die gemeenskapskoerant *Noordkaap* wat later bekend geword het as die *NoordkaapBulletin*, deel van die Media24-groep. Sedertdien het hierdie weeklikse rubriek 'n geliefde stem in die gemeenskap geword.




Die skrywer is Hannes Noëth, Solidariteit Helpende Hand se uitvoerende direkteur. Hy is self 'n kaalvoet-plaasseun van die plaas Twyfelhoek tussen Koffiefontein en

Petrusburg. Met sy kenmerkende nederigheid en wysheid vernoem hy die rubriek na sy grootwordwêreld. "Daar op Twyfelhoek," sê hy, "het ek geleer om te kyk, dink, ervaar, beleef, wonder, sien en hoor. Die plaas het my sekuriteit gegee in 'n onseker wêreld."

Deur sy rubrieke deel Hannes hierdie lewenslesse, waarnemings en wyshede met sy lesers, met die hoop om dieselfde sekuriteit en perspektief in 'n onseker wêreld aan ander te bied.

Die 365 rubrieke wat in een bundel, Twyfelhoekie, saamgevat is, bied 'n skatkis van insigte en inspirasie – 'n baken van hoop en sekerheid vir elkeen wat dit lees. Hierdie rubrieke herinner ons daaraan dat die eenvoud en waarde van menslike ervaring ons selfs in tye van onsekerheid standvastigheid kan gee. Ons is trots op jou, Hannes. Dankie vir jou leiding.



## Van krisis tot hoop: Maatskaplike Krisisberaad 2024

Solidariteit en Solidariteit Helpende Hand het vanjaar die eerste Maatskaplike Krisisberaad aangebied – 'n baanbrekersgeleentheid wat spesifiek daarop gemik was om ondersteuning en erkenning te bied aan maatskaplike werkers en die organisasies saam met wie hulle werk, In die saal vol helde en heldinne uit die maatskaplike beroep is hoop weer in die harte van Suid-Afrikaners aangesteek.



## Die hartklop van gemeenskapsdiens

Maatskaplike werkers is die stil kragte wat daagliks werk waar die nood die grootste is. Hulle doen dit nie vir erkenning nie en ook nie vir finansiële gewin nie – hulle doen dit vir die mense. Hulle werk is 'n roeping wat diep gewortel is in hul harte en geloof, en hul toewyding aan gemeenskapsontwikkeling is tasbaar in elke aksie.

Die krisisberaad het op Mandela-dag plaasgevind, simbolies van die beroep op Suid-Afrikaners om gemeenskappe te dien en aktiewe burgerskap te bevorder. Hierdie beraad het die geleentheid gebied om kritieke kwessies aan te spreek – van wetgewing en befondsing tot dienslewering en die uitdagings van afhanklikheid van die staat. Ons moes saam nadink oor oplossings om die edele professie van die maatskaplike werker te red, bou en bevorder.

## Die uitdaging van ons tyd

Suid-Afrika bevind hom in 'n maatskaplike krisis. Die behoefte aan hulp, ondersteuning en stabiliteit neem daagliks toe. Die afhanklikheid van 'n staat wat soms sukkel om behoorlik diens te lewer, maak die taak van maatskaplike werkers soveel moeiliker. Tog het hierdie mense soveel deursettingsvermoë dat hulle weier om die gemeenskappe wat hulle dien in die steek te laat.

## Skep hoop in 'n tyd van krisis

Die beraad het hoop ingeboesem. In die woorde van Solidariteit Helpende Hand se uitvoerende hoof, Hannes Noëth: "Ons is geroep vir 'n tyd soos hierdie." Dit was duidelik dat maatskaplike werkers, ondanks die uitdagings, vasberade is om 'n blywende verskil te maak. Die kenners op die paneel het waardevolle insigte en oplossings gedeel, en die interaksie in die saal het gewys dat daar altyd hoop is – selfs in moeilike tye.



### Die pad vorentoe

Om onafhanklik van die staat te werk en volhoubare oplossings in gemeenskappe te vind, is nie net 'n droom nie – dit is 'n noodsaaklikheid. Hierdie beraad was 'n stap in die rigting van 'n toekoms waar maatskaplike werkers nie net erkenning ontvang nie, maar ook bemagtig en ondersteun word om hul roeping ten volle uit te leef.

Ons besef dat aktiewe burgerskap nie net beteken om betrokke te wees by gemeenskapsprojekte nie, maar ook om saam te werk om verandering teweeg te bring. Hierdie helde en heldinne wat elke dag hul superheldmantels dra, is die ware bouers van 'n beter samelewing.

# 'n Huldiging aan maatskaplike werkers

Mag ons maatskaplike werkers se mantels altyd trots wapper, en mag hul harte bly klop vir die gemeenskap. Mag ons as gemeenskap ook hul krag en roeping erken en saamstaan om hulle te ondersteun in die groot werk wat hulle doen.

Daar is altyd hoop – nie net vir die mense wat maatskaplike werkers daagliks help nie, maar ook vir die beroep self. Ons weet waar daar roeping en toewyding is, sal daar altyd 'n pad vorentoe wees.

Dankie aan elke maatskaplike werker wat elke dag meer gee as wat gevra word. Ons sien julle en waardeer julle – en saam bou ons aan 'n sterker en meer volhoubare toekoms.

# Voelgoed Media se fliekaand: 'n Prettige kuier ten bate van Solidariteit Helpende Hand

Voelgoed Media het weer een van die lekkerste kuiers van die jaar gereël ten bate van Solidariteit Helpende Hand. Wat 'n voorreg was dit nie om deel te wees van hul fliekaand nie – 'n heerlike geleentheid waar ma's, dogters en vriendinne bymekaar kon kom vir 'n aand vol lag, pret en inspirasie.

Die animasiefilm *Inside Out 2* het nie net vermaak gebied nie, maar ook 'n kans om spesiale herinneringe saam met geliefdes te skep. Of jy nou alleen in jou eie pajamas opgedaag het of in 'n groep saam met jou vriendinne in bypassende pajamas, elkeen het die kans gehad om die geleentheid werklik uniek te maak. Die hoogtepunt? Die prettige foto-kompetisie! Die foto's met die meeste "likes" het 'n kans gestaan om groot pryse te wen; dit het die aand nóg meer opwindend gemaak.

Hierdie inisiatief het nie net vreugde en samehorigheid gebring nie, maar ook werklik 'n verskil in mense se lewens gemaak. Die fliekaand is aangebied om fondse in te samel vir Solidariteit Helpende Hand se projekte wat daarop gemik is om gemeenskappe te ontwikkel en selfstandig te maak. Elke bydrae van die gaste het gehelp om ons visie van hoop en bemagtiging verder uit te dra.




Ons wil ons hartlike dank uitspreek teenoor Voelgoed Media vir hierdie wonderlike geleentheid. Die kreatiewe, prettige inisiatief beklemtoon nie net die belangrikheid van gesinsbande en vriendskappe nie, maar ook hoe ons kan saamwerk om 'n tasbare verskil in ons gemeenskappe te maak.



Dankie aan almal wat deel was van hierdie spesiale aand. Saam bou ons sterker gemeenskappe!

## Vroue in Beweging

In 2024 het Solidariteit Helpende Hand met trots die Vroue in Beweging-veldtog geloods, 'n inisiatief wat daarop gemik is om vroue reg oor Suid-Afrika te bemagtig om voluit vrou te wees. Hierdie veldtog het die belangrike rol van vroue as pilare van hoop in hul gemeenskappe beklemtoon en was 'n viering van hul ongelooflike potensiaal om werklik 'n verskil te maak.




Die veldtog het gefokus op die holistiese welstand van die vrou – haar geloof, werkplek, geskiedenis, kultuur, gemeenskap, opleiding en mentorskap. Dit het ten doel gehad om

die struikelblokke wat vroue fisies, emosioneel en geestelik in die gesig staar, te oorkom. Vroue is immers die hartklop van ons samelewing, en wanneer hulle floreer, floreer die gemeenskappe waarin hulle leef.

Vroue in Beweging het 'n unieke benadering gevolg deur al die instellings van die Solidariteit Beweging te mobiliseer en fasiliteer om vroue te ondersteun. Dit het beteken dat hulpbronne, kundigheid en energie saamgevoeg is om vroue



die ondersteuning te bied wat hulle nodig het.

Die veldtog het ook vennote van buite die Solidariteit Beweging ingesluit. Hierdie netwerke en vennootskappe het vroue nie net die geleentheid gebied om hulself te versterk nie, maar ook om sterker bande in hul gemeenskappe te bou. Samewerking het die basis gevorm vir transformasionele projekte soos mentorskap-programme, vaardigheidsopleiding en werkskepping.

Die veldtog het gefokus op die verbreking van die kettings van armoede en die bemagtiging van vroue wat andersins deur moeilike omstandighede gekeer word om hul volle potensiaal te bereik. Een van die hoogtepunte van Vroue in Beweging was die lied "Blom in sy Wese" wat geskryf is om vroue se krag, geloof




en veerkragtigheid te vier. Die lied het nie net inspirasie verskaf nie, maar ook reeds talle musiektoekennings ontvang en die boodskap van hoop verder uitgedra.

Vroue in Beweging het gewys hoe belangrik dit is dat vroue mekaar se belange op die hart dra. Dit was nie net 'n veldtog nie, maar 'n beweging wat vroue bemagtig sodat hulle sterker, meer selfversekerd en vol hoop vorentoe kan tree. Dit was meer as net 'n reeks projekte; dit was 'n beroep op gemeenskappe om saam te werk en die transformasie van vroue te ondersteun. Deur die krag van samewerking, mentorskap en geloof in vroue se vermoë om te oorwin, het Vroue in Beweging bewys dat 'n gemeenskap werklik bevorder word wanneer vroue in hul volle glorie blom.



# WANATU: ’n E-vervoerdiens wat waarde bied aan die gemeenskap

Elke keer as jy die nuwe Afrikaanse e-vervoerdiens gebruik, maak jy nie net jou reis vinniger en veiliger nie – jy maak ook ’n verskil! R2 van elke rit word aan Solidariteit Helpende Hand geskenk. Dit help om gemeenskappe te ondersteun en sterker te bou.




Laat daardie stokou plaasbakkie tuis en ervaar die stylvolle, moderne gerief van die eerste Afrikaanse e-vervoerdiens. Ritte is beskikbaar in en om Centurion, en die diens neem jou WERKTU, SKOOLTU EN BRAAITU – vinnig en veilig.

Hiernatoe … Daarnatoe … WANATU! Gebruik hierdie diens nie net vir gerief nie, maar ook om saam te werk aan ’n beter toekoms vir ons gemeenskap.



# Welstandsdag 2024: 'n Fees van eenheid en gesondheid

Solidariteit Helpende Hand is deel van die breër Solidariteit Beweging en het die Welstandsdag vanjaar met groot trots aangebied. Die pragtige gronde van die Voortrekkermonument het die perfekte omgewing gebied vir hierdie spesiale geleentheid wat samehorigheid en gesonde leefstyl vier.

Ons spreek ons opregte dank uit teenoor die Voortrekkermonument vir die gebruik van hul fasiliteite. Dit is 'n plek wat ons nie net aan ons erfenis herinner nie, maar ook dien as simbool van die krag van gemeenskap en eenheid.

Welstandsdag is 'n viering van die Solidariteit Beweging se gedeelde visie en waardes. Dit is 'n geleentheid waar al die instansies se personeel bymekaarkom om hul roeping te bevestig en die belangrikheid van welstand in al sy fasette te beklemtoon.

Dankie aan elkeen wat deelgeneem en bygedra het. Saam bou ons 'n gesonder, sterker en meer volhoubare gemeenskap.





# HELPENDE HAND STUDIETRUST





# HELPENDE HAND STUDIETRUST

Die afgelope jaar het die Helpende Hand Studietrust weereens sy kernmissie nagestreef: om hoop te bring deur studiegeleenthede aan verdienstelike jongmense te bied. Ons span se passie en toewyding het verseker dat ons ons doelwitte bereik en selfs oortref het terwyl ons ons gemeenskappe versterk en die jeug bemagtig.

2024 was 'n jaar van groei en impak.

## Finansiële hoogtepunte

Ons het vanjaar 'n indrukwekkende R74,7 miljoen in totale kapitaalinkomste bereik – 'n bewys dat ons strategieë volhoubaar is en dat ons donateurs ons vertrou. Ons het 1 099 studente ondersteun met rentevrye studielenings wat bygedra het tot hul suksesvolle akademiese reis.

## Terugvorderings

Ons het 106% van ons jaarlikse teiken vir terugvorderings behaal. Dit versterk ons toekomsplanne en maak dit volhoubaar.

## Span en samewerking

Ons span het deur die jaar verstewig met nuwe aanstellings en interne bevorderings. Hierdie dinamiese veranderinge het ons vermoë om studiefondse te bestuur en aan unieke vereistes te voldoen, verbeter. Ons span word met reg 'n wenspan genoem!

## Veldtogte: Bewusmaking en verbintenis

In 2024 het ons veldtogte groot sukses behaal met die bewusmaking van ons werk en die werwing van ondersteuning. Die Hier sal ek Boer-veldtog het die nasionale gesprek oor die belang van studiehulp aan landboustudente en studente afkomstig van plase bevorder en ons gemeenskappe bewus gemaak van die Studietrust se transformerende werk. Gesprekke met verskeie rolspelers het ons reikwydte versterk en hoop versprei.

### Bemarking op platforms

Ons veldtogte het radio-onderhoude, advertensieborde en selfs aanlyn media ingesluit. Daarmee het ons 'n duidelike boodskap aan individue en maatskappye gestuur: Die Studietrust maak 'n ware verskil en elkeen kan meewerk daaraan.

### Belastingvoordele en testamentêre skenkings

Ons het aktief bewusmaking gedoen oor belastingvoordele vir skenkers; dit het die ondersteuning van korporatiewe vennote versterk.

### Helpende Hand Gemeenskapstudiefondse


Hierdie jaar het ons besondere klem gelê op ons gemeenskapstudiefondse om seker te maak dat ons ons gemeenskappe van binne af bou en versterk deur die jeug op te lei. Ons het spesifieke kapasiteit in die studiefonds geskep om hierdie doel na te streef en die aandag daaraan te gee wat dit verdien.

### Uitdagings en oplossings

Ons het uitdagings aangepak deur ons stelsels te verbeter, sterker bande met donateurs en vennote te bou en ons administratiewe kapasiteit te versterk. Die insluiting van API-integrasie verseker dat ons data doeltreffend hanteer word.

### Toekomsvisie: 2025 en verder

Ons strategieë vir die volgende vyf jaar fokus op groter impak, doelgerigtheid en aktivering. Teen 2030 wil ons nie net meer studente help nie, maar ook 'n groter nasionale verskil maak deur gemeenskappe en studente aan te moedig om terug te ploeg in die Studietrust.



## Die mag van DANKBAARHEID – Meer as 13 maande se terugbetalings in 'n jaar!

In ons lewe wat dikwels deur frustrasies en finansiële uitdagings gekenmerk word, is daar iets onbeskryflik mooi in die eenvoud van dankbaarheid. Dis iets wat nie net in woorde of gebare kom nie, maar ook in aksies wat die hart roer en die gees verfris.

Die debiteure-afdeling by Helpende Hand is elke dag besig om die roeping van invordering uit te leef, maar iets wat dikwels in die oorvloed van die werk skuil, is die stories wat dit dra. Die teiken is nie net oorskry nie, maar meer as 13 maande se invordering is in net 12 maande behaal! Dit is die soort magiese berekening wat niemand regtig verstaan nie, behalwe diegene wat agter die skerms gesels met hulle wat harde, lang ure werk. En terwyl die rekord opgestel word, is daar nog iets wat elke student met 'n lening en dankbare ouer in hulle eie hart dra: stories van hoop, groei en ongelooflike dankbaarheid.

## Die hoë prys van studente se toekoms

Soms is die pad nie maklik nie. Daar is dikwels moeilike dae, veral wanneer studente nie besef wat 'n voorreg dit is om te kan studeer nie. Maar danksy die toegewyde werk van ons debiteurespan, is daar steeds baie glimlagte. Soms is daar frustrasie, soms onverwags een of twee ontoelaatbare woorde, maar uiteindelik draai alles om 'n visie van 'n beter toekoms.

"Dis nie vir ons net 'n werk nie," sê Chrystelle, een van die debiteuredames. "Dit is die stories wat ons elke dag motiveer om aan te hou." En daar is regtig stories – stories van studente wat hul studies suksesvol voltooi het en ook in 'n groter gemeenskap voortleef.

So is daar Anja wat vir 'n veearts gestudeer het en sommer 'n maand nadat sy haar graad gekry het, begin werk het. Sy sê: "Ek wil Helpende Hand graag bedank vir julle hulp en bystand om my toekomsdrome waar te maak! Dankie dat julle my die kans gegee het om te studeer." Nou betaal sy sommer R10 000 per maand op haar lening af.

En daar is Elmarie wat haar seun André se storie deel: "Dankie vir julle hulp. Sonder julle sou André nie sy graad kon haal nie, en nou het hy 'n wonderlike werk. Ek is baie dankbaar!"

## Die humor wat kom met die pad van verantwoordelikheid

Die proses van terugbetaling is ook nie sonder humor nie! Dit is sekerlik hier waar ons die meeste lag. Neem byvoorbeeld Elbet wat met volgehoue besorgdheid die debiteuredame Marizanne op hoogte hou van haar dogter se betalings, alhoewel die dogter nie altyd dieselfde haas toon nie. Elbet se laaste e-pos lui: "Hi Marizanne, sy sê sy sal jou kontak, maar ek weet nie of dit gaan gebeur nie. Dit maak my net boos."

Celia Cronjé se kommentaar het ons behoorlik laat lag. Toe haar seun nalaat om sy betaling te maak, het Celia geen ander opsie gesien nie as om haar "laaste maat" te gebruik: "Hy sal verseker betaling op laaste Maandag maak – anders draai ek sy nek kort by sy stuitjie om. Ek het so hard geleer aan, om jou verpligtinge na te kom!"

En dan is daar die kere dat stories met kru taal beskryf word, maar tog wel met onmiskenbare dankbaarheid. Dries was moedeloos gesukkel met sy finansies en het sy frustrasie met 'n stroom vloekwoorde te kenne gegee voordat hy sy gedagtes georden het: "Ek wil net sê ek is regtig jammer vir die taalgebruik. Ek was net so moedeloos. Maar ons gaan vasbyt."

Kostelike taalgebruik laat ons net so breed glimlag. So stel Thomas ons in kennis dat sy lening klaar betaal is: "Ek wil net laat weet ek het my laaste uitstaande rekeninge betaal. So laat weet as daar iets is wat kort of so aan. Maar dan is ek nou met julle afgereken."

## Dankbaarheid in aksie

Daar is iets baie kosbaars aan studente wat besef hoe die voorreg van goeie opleiding nie net hul eie lewe verander nie, maar ook dié van ander mense om hulle. Soos Dirk wat sy kredietbalans op sy studielenings skenk as 'n donasie om ook 'n ander student te help. "Ek het besluit julle kan die fondse hou as 'n donasie om sodoende ook iemand anders te kan help." Ons volg op met ander studente wat ook kredietsaldo's op hulle lenings het en kry so donasies van meer as R11 000 sedert Augustus 2024.

En dan is daar Alton wat die konsep van "pay it forward" begin uitleef het. Toe hy 'n krediet op sy lening gehad het, het hy versoek dat dit oorgeplaas word na sy broer se rekening. "So is ek gehelp," het hy gesê, "en so kan ek ook help."

Yolandi is 'n mamma wat meer as een kind het wat besig is om te studeer en voel so wanneer haar eerste, Liza, se rekening klaar betaal is: "Jippeeeeee! Nou nog net een rekening om klaar te maak. Baie dankie vir die bevestiging. Stywe drukkie vir jou."

## Die groter beeld

Elke student wat sy lening terugbetaal, elke ouer wat deur volharding en geduld hul kind leer om verantwoordelikheid op te neem, en elkeen wat 'n ekstra tree gee om ander te help, is deel van iets groter. Die rekords, die getalle, die inligting oor "meer as 13 maande se invorderings in 12 maande" is al mooi op sigself, maar dit is die mense – die stories agter die getalle – wat die grootste verskil maak.

Met elke betaling wat gemaak word, met elke krediet wat terugvloei, is daar nie net geld in beweging nie, maar ook die sirkel van dankbaarheid wat nie stop nie. Ons hou aan om 'n groter gemeenskap van ondersteuning en hoop te bou – een verhaal, een donasie, een betaling op 'n keer.

So, terwyl ons ons werk voortsit deur te doen wat ons moet, besef ons iets baie belangriks: In elke betaling, in elke dankbare woord, is daar 'n nuwe begin.

## Dankwoord

Ons sê opreg dankie aan elke donateur, vennoot en spanlid. Ons sukses is 'n bewys van ons gesamentlike toewyding om 'n helder toekoms vir ons jongmense moontlik te maak. Ons is, soos elke jaar, tasbaar bewus van die Here se genade en guns op ons werk. Sonder die genade van God sal die werk van die Helpende Hand Studietrust geensins moontlik wees nie. Ons weet dat elkeen wat geroep is om nou hier te wees om die werk van die Here te doen met opregte dankbaarheid en in verwondering voortgaan om te help bou. Ons bou in geloof verder.

# ONS WINKEL






# ONS WINKEL

So kom 'n suksesvolle 2024 tot 'n einde. In 'n jaar van groei en verdieping het die Ons Winkel-groep groot vordering gemaak om sy rol in elke gemeenskap te versterk. Hierdie 127 reeds bestaande winkels reg oor die land het voortgebou op ons missie om mense te voorsien van bekostigbare, tweedehandse items van goeie gehalte en terselfdertyd finansiële ondersteuning te bied aan Solidariteit Helpende Hand se inisiatiewe en projekte. Hierdie jaar het ons gefokus op die verdieping van ons bestaande winkels, terwyl ons die toekoms met opgewondenheid verwelkom.

## Ontwikkeling en verdieping

Ons Winkel het daarin geslaag om sy dienslewering, bemarking en kliënte-ervaring te verbeter deur verskeie opleidingsessies en werkswinkels deur die loop van die jaar aan te bied. Ons het verder gefokus op die verbetering van die Ons Winkels se voorkoms en die bevordering van die handelsmerk om 'n selfs meer aangename en toeganklike inkopie-ervaring te skep. Dus het ons verskeie winkels aangeraai om na 'n beter area met meer voete te verskuif en dit het gelei tot positiewe groei van die winkels.

## Prestasie-hoogtepunte

Die afgelope jaar het ons verskeie mylpale bereik. Ons het 'n merkbare toename gesien in die aantal skenkings en die kwaliteit van skenkings vanaf die publiek. Dit getuig van die gemeenskap se groeiende vertroue en betrokkenheid en ons as instelling is baie dankbaar daarvoor. Dit het gelei na die rekordomset van R8,4 miljoen in April vanjaar.

Ons het hierdie jaar daarop gefokus om ons gemeenskappe meer bewus te maak van die waarde en doel van die Ons Winkels. Bewusmaking is gedoen deur middel van oulike maandtemas, samewerking met SHH-personeel en 'n bewusmakingsveldtog op sosiale media saam met die "Thrift Queen". As deel van ons nasionale bemarking het 'n reeks baniere deur die jaar op Maroela Media verskyn. Elke banier het 'n klik-opsie gehad wat die leser direk na die Ons Winkel-webblad geneem het. Op dié manier kon besoekers maklik die winkel naaste aan hulle opspoor. Deur die loop van die jaar het vyf promosie-artikels oor verskeie onderwerpe rakende die Ons Winkels as groep verskyn.


maroela media
maak jou tuis
19 September 2024
nuus debat goeie goed sport landbou kos afrikaans vreemd leefstyl vermaak radio kontak ons

Van tweedehandse drafwaentjie tot wenstreep

18 September 2024
Promosie

'n Onlangs geskenkte drafwaentjie aan 'n plattelandse Ons Winkel het meer as net 'n tweede lewe gekry – dit het hoop gebring aan 'n familie en 'n vrou wat streef om van 'n beroerte te herstel.

"Dis vreemd hoe items 'n storie en doel het wanneer dit geskenk word, en dan, wanneer dit weer gekoop word, 'n heel ander doel kry – en só 'n nuwe storie begin," sê Marilien du Plooy, eienaar van Solidariteit Helpende Hand se Ons Winkel in Piet Retief. "Ons ontvang skenkings van byna enigiets wat mense nie meer gebruik nie, en hierdie drafwaentjie was die eerste



Alle Ons Winkels se vermoë om 'n wesenlike bydrae tot die gemeenskap te maak, groei steeds en ons sien opgewonde uit na wat die toekoms inhou. Ons is dankbaar vir ons kopers, skenkers, en vrywilligers wat Ons Winkel help om nie net 'n plek van bekostigbare aankope te wees nie, maar 'n plek van ondersteuning vir elke gemeenskap.

Die Ons Winkels het die jaar op 'n hoogtepunt afgesluit met 'n suksesvolle winkeleienaar-kongres. Ons het hulle opgelei en bemagtig om selfs nog beter te vaar in hul winkels oor die land heen. En laastens was daar ook 'n spoggeleentheid, die Ons Winkel Gala-aand waar die eienaars en winkelbestuurders toekennings ontvang het vir hul harde werk en sukses die afgelope jaar. Ons is so trots op elkeen van ons winkels en hoe hul gevaar het in 2024.

Gedurende 2024 kon die Ons Winkels 15% meer as in 2023 bydra tot die projekte van Solidariteit Helpende Hand. Ons gereelde kopers en skenkers maak dit vir SHH moontlik om aan te hou met dié lewensveranderende projek. Ons bedank graag elke donateur vir hul bydrae tot hierdie sukses in 2024.



# PERSONEELDIENSTE EN ONTWIKKELING



# PERSONEELDIENSTE EN ONTWIKKELING

Die afgelope jaar was 'n dinamiese en verrykende tydperk vir die PDO-afdeling. Ons het onder andere gefokus op die bevordering van ons personeel se welstand, die implementering van innoverende prosesse en die versterking van ons organisasiekultuur.

## Welstand

Die Helpende Hand PDO-afdeling het die Solidariteit Beweging Welstandsdag met groot sukses gereël. Dit was gemik op die bevordering van holistiese welstand en 'n gesonde lewenstyl onder personeel van alle instellings in die Solidariteit Beweging. Die dag het verskeie aktiwiteite ingesluit, soos 'n stap-en-draf, boeresport, praatjies oor fisiese en finansiële welstand, en 'n vertoning deur die gaskunstenaar Riaan Benadé. Meer as 80% van die Beweging se personeel wat in die Pretoria-omgewing woon en werk, het deelgeneem. Terugvoer het 'n positiewe impak op verhoudings en individuele welstand getoon.

Die bekendstelling en uitrol van 'n gemoedstoets het ons in staat gestel om die emosionele welstand van ons personeel beter te monitor. Die maandelikse assesserings het ons in staat gestel om data-gedrewe besluite te neem en doelgerigte ondersteuning te bied waar nodig. Hierdie proaktiewe benadering sal in die toekoms lei tot 'n afname in stresverwante afwesigheid en 'n verbetering in algehele tevredenheid onder werknemers.

Ons het ook ons jaarlikse gewigsverlieskompetisie geloods om gesonde gewoontes aan te moedig. Die deelnemers se toewyding en motivering het gelei tot 'n kumulatiewe gewigsverlies van meer as 28 kg oor net ses weke. Om die gesondheid van ons vroulike personeel te ondersteun, het ons 'n mobiele mammogramdiens op ons perseel aangebied. Dit het dames maklike toegang tot noodsaaklike mediese toetse gegee sonder dat hulle die werksplek hoef te verlaat.

## Personeelontwikkeling en -ondersteuning

Ons het die gehalte van aanstellings en ontwikkelingsinitiatiewe versterk deur sogenaamde "suksesprofiele" vir sleutelposte te ontwikkel. Dit help ons om beter te verstaan watter vaardighede en eienskappe nodig is vir sukses. Ons het ook nuwe, meer geldige en betroubare psigometriese toetse geïmplementeer om hierdie eienskappe te meet. Die instrumente het die aanstellingsproses verbeter deur te verseker dat kandidate goed by ons organisasiekultuur en -doelwitte pas, en dit het ook die bestaande personeel se selfkennis bevorder.

Die Werk, Rus en Roeping-program is geïmplementeer om personeel te help om 'n gesonde werk-lewe-balans te handhaaf. Terselfdertyd het ons voortgegaan met die uitrol van StrengthFinder-programme in die afdelings. Ons het interaktiewe spanontwikkeling-sessies vir verskeie spanne gefasiliteer om kommunikasie en samewerking te verbeter. Hierdie inisiatiewe

het ʼn positiewe impak gehad op individuele en spanprestasie en het personeel se vermoë om uitdagings effektief te oorkom, versterk.

## Prosesse en stelsels

Om die integrasie van nuwe werknemers te vergemaklik, het ons ʼn omvattende induksieproses geïmplementeer. Dit sluit in ʼn gestruktureerde oriënteringsprogram, geleenthede vir mentorskap en toegang tot belangrike hulpbronne vir nuwe personeel. Die nuwe proses het die tyd verminder wat nodig is vir nuwe werknemers om ten volle produktief te funksioneer en hul gevoel van samehorigheid en verbondenheid met die organisasie versterk. Ons het ook ʼn gestandaardiseerde kontroleproses vir uittrede en bedankings ingestel om waardevolle terugvoer van uittredende personeel te verkry en risiko's te minimaliseer. Die insigte wat verkry is, het ons gehelp om potensiële kwessies aan te spreek en verbeterings aan ons werksplekpraktyke aan te bring.

Die implementering van ʼn virtuele inligtingsbestuurstelsel vir die PDO-afdeling het die manier waarop ons vergaderings en projekte hanteer, getransformeer. Dit het samewerking vergemaklik, toegang tot inligting verbeter en dubbele werk verminder. Die gebruik van ons nuwe interne stelsel het ons doeltreffendheid verhoog en personeel in die afdeling in staat gestel om beter ingeligte besluite te neem.

## Kultuur

Ons het aktief gewerk aan die vasstelling van ʼn Helpende Hand-kultuur wat fokus op menslikheid, volhoubare strukture, en die bevordering van ons taal. Ons het deur middel van gesprekke en onderhoude met personeel ons werksbeginsels geïdentifiseer sodat ons ʼn woordeskat kan heg aan die manier waarop ons ons werk benader. Ons beplan om in die toekoms meer te fokus op die kommunikasie en bemarking van ons kultuur as ʼn aanloklike eienskap van die organisasie. Kyk gerus op die volgende bladsy na ʼn opsomming van die werksbeginsels wat nou die kern van ons kultuur sal vorm.

Die PDO-afdeling is steeds beskikbaar om elke personeellid by Helpende Hand te ondersteun. Die sukses van ons inisiatiewe weerspieël die toegewydheid van die PDO-afdeling en die hele personeelkorps om ons organisasie tot nuwe hoogtes te neem.

Ons sien optimisties uit na 2025 en beplan om voort te bou op die stewige fondament wat reeds gelê is. Ons sal fokus op die verdere digitalisering van prosesse, die uitbreiding van welstandsprogramme en die bevordering van ʼn veilige en innoverende werksomgewing wat personeelontwikkeling en opleiding aktief ondersteun. Ons spreek ons opregte dank uit teenoor elke werknemer vir hul waardevolle bydrae en sien uit na nóg ʼn jaar van groei en sukses.

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

Die Solidariteit Helpende Hand-kultuur:

# Ons Werkbeginsels

Werkbeginsel (Ons werk …) — 'n Helpende Hand-personeellid is iemand wat …

## Met 'n wil om te help

- Tyd opoffer
- Netwerke mobiliseer
- Proaktief betrokke raak
- Mense in moeilike tye ondersteun
- Oplossings voorstel

### Waar elkeen sy blokkie inkleur

- Selfstandig werk
- Meer doen as wat verwag word
- Verantwoordelikhede aanvaar
- Wil saamwerk
- Doelgerig en betroubaar is

### Deur die hele pakkie van die mens in ag te neem

- Verhoudings buite hul posbeskrywing bou
- Ander se volle konteks probeer verstaan
- Maatskaplike hulp holisties benader
- Familie en ondersteuning integreer

## Deur volhoubare strukture

- Strukture verstaan en eerbiedig
- Professioneel en verantwoordelik optree
- Uitbetalings verantwoordelik bestuur
- Langtermyn-oplossings bo korttermyn-verligting kies
- Deurdagte veranderinge implementeer
- Buigsaam bly wanneer nodig

### Waar ons rande rek waar ons kan

- Elke uitgawe deurdink
- Slim besluite neem oor hulpbronne
- Samewerking bo individuele aankope kies
- Verantwoordelik rekenskap gee

### Met prosesse wat ons werk belyn

- Volgens riglyne werk
- Inligting beskerm en akkuraat hou
- Administrasie doeltreffend hanteer
- Prosesse optimaliseer

## In Afrikaans

- Afrikaans as werkstaal omarm
- Die Afrikaanse kultuur vier
- Die volgende geslag bemagtig
- Afrikaans beskerm en versterk

# FINANSIES EN ONDERSTEUNINGSDIENSTE



# FINANSIES EN ONDERSTEUNINGSDIENSTE

Solidariteit Helpende Hand moet daagliks verskeie balle in die lug hou. As jy aan balle dink, is dit dalk tennisballe, rubberballe, sokkerballe, netbalballe of krieketballe … Maar die balle waarvan ek hier praat, is nie balle wat op die grond kan val en maar kan weghop tot waar jy dit sommer maar net weer later kan gaan optel nie. Die balle wat ons in die lug hou, is glasballe. As ons dit laat val, sal dit die grond met 'n skerp knal tref en in duisende klein splintertjies breek. Die balle is ons weerloses. Dit is ons kinders, ons bejaardes, ons mense met gestremdhede en ons gesinne.

Solidariteit Helpende Hand fokus op welstand deur werksyn in plaas van op welsyn. Welstand deur werksyn begin reeds wanneer ons vir behoeftige kleuters 'n bord kos gee, sodat hulle kan fokus in die klas waar basiese begrippe vasgelê word. Dit is ook daar waar Solidariteit Helpende Hand vir kleuters die fasiliteite bied wat hulle ouers bloot nie kan bekostig nie.

Welstand deur Werksyn is wanneer ons vir ons behoeftige graad eentjies 'n tassie met die nodige skryfbehoeftes gee, sodat hulle 'n gelyke kans op opleiding by die skool kan hê. Dit is wanneer ons seker maak kinders kan by die skool kom om te leer deur vir hulle 'n buskaartjie of 'n koshuiskamer te borg.

En hoe kan ons dogters skoolgaan sonder die nodige sanitêre ware? Ons wil graag ons dogters in die skool hou sodat hulle kan aanhou leer en bybly en nie in dieselfde krisis as hulle ouers verval nie.

Solidariteit Helpende Hand kan ook nie net na ons kinders op skool omsien en hulle dan net na skool los om heel deur die wêreld daar buite ingesluk te word nie. Een van die kragtigste bene van welstand deur werksyn is om ons behoeftige, verdienstelike studente met rentevrye studielenings te ondersteun. Dit gee hulle die geleentheid om werklik hul eie welstand te help verseker, sodat hulle weer kan terugploeg in hul eie gemeenskap, sodat hulle weer in staat kan wees om welstand vir ander behoeftige studente te help verseker.

Bloed is dikker as water. Kinders het hulle ouers nodig en ouers hulle kinders. Hulle is aan mekaar gebonde en daar sal altyd 'n band wees. Ons kan dus nie anders as om ons gesinne so gesond as moontlik te help kry en so te hou nie. Deur gesonde gesinne te help bou, verseker ons 'n leeftyd van welstand.

Maar wat van ons bejaardes? Ag, ons bejaardes is eensaam en alleen. Hulle bekommer hulle eintlik nie eens meer oor die gebrek aan finansies nie. Hulle voel eerder arm omdat hulle niemand het nie as omdat hulle werklik finansieel arm is. Hulle grootste behoefte is om nog iets te kan beteken in die samelewing en om deel te kan wees van 'n gemeenskap. Ons het soveel lekker programme vir ons bejaardes en hulle help selfs brei aan van ons projekte. Dit gee hulle net weer 'n huppel in hul stap.

Maar dis nie al nie. Ons lei ook Afrikaanse tuisversorgers op om na onder andere ons bejaardes om te sien, hulle mooi te versorg – en dit dan ook nog in hul eie, trotse taal. Ons tuisversorgers kan ook na ons volgende groep glasballe omsien.

Ons mense met gestremdhede is 'n kosbare groep mense wat vir ons soveel kan leer. Hulle leer ons van dankbaarheid, opgewondenheid en 'n diep nederigheid. Hulle wil net liefde hê en hulle het ook so baie liefde om te gee.

Solidariteit Helpende Hand kan nie een van hierdie glasballe sonder ons vrywilligers, ondersteuners en donateurs in die lug hou nie. Dit is 'n feit. Sonder julle sal ons voete stukkend wees van trap op al die stukkende glasballe se splinters op die grond. Dankie dat julle ons help om die glasballe in die lug te hou. Dankie dat julle self van hierdie glasballe in die lug hou. Sonder julle kan ons nie. Sonder julle wil ons nie. Maar saam met julle kan ons en wil ons en gaan ons welstand in ons gemeenskappe verbeter, versterk en verseker! Baie, baie dankie!

**Lizanne Coetzee**
Adjunk- Uitvoerende Hoof: Ondersteuningsdienste



# GEMEENSKAPSJAAR





# GEMEENSKAPSJAAR

Solidariteit Helpende Hand se Gemeenskapsjaar-afdeling het in 2024 afgeskop met 'n platform wat mense tussen werke ondersteun om 'n loopbaan te bou. Hierdie unieke program is ontwerp vir volwassenes wat tans werkloos is, studente wat onlangs afstudeer het, en skoliere wat gemeenskapsdiens moet doen. Dit bied 'n veilige ruimte waar praktiese werkservaring en persoonlike groei hand aan hand gaan. Dit is nie net 'n program nie – dit is 'n nuwe begin.

## 'n Visie vir groei

Ons visie is om 'n werksruimte te skep waar mense se ervaring en vaardighede waardeer en benut word. Dit is 'n plek waar hulle die selfvertroue opbou om weer hul merk in die arbeidsmark te maak.




Die program strek oor 3 tot 6 maande en skep geleenthede vir deelnemers om toegang te verkry tot sowat 20 verskillende beroepsrigtings, van administrasie en kommunikasie tot bemarking, finansies en maatskaplike werk. Hulle kry die geleentheid om in 'n ondersteunende omgewing praktiese ervaring op te doen. Hierdie praktiese blootstelling help nie net om hulle vir die arbeidsmark voor te berei nie, maar moedig hulle ook aan om betekenisvol en roepingsgedrewe te werk.



In 2024 het die Gemeenskapsjaar 11 deelnemers verwelkom: vier voltydse vrywilligers, twee deeltydse vrywilligers, twee studente-interns en drie skoliere wat skaduwerk gedoen het. Of dit nou voltyds, deeltyds, of 'n skaduwerk-ervaring was, die program het hulle 'n platform gegee om hul roeping te ontdek en met nuwe hoop die arbeidsmark in te stap.

Die sukses van die program is te danke aan 'n sterk netwerk mentors en vennootskappe in Solidariteit Helpende Hand en die Solidariteit Beweging. Hierdie samewerking en mentorskap het alle deelnemers se ervaring verdiep en hul vertroue gebou. Hier is geen vinnige oplossings nie, maar wel 'n belofte om tree vir tree saam met deelnemers hul toekoms uit te bou.



# JAARTEMA 2025



# #WELSTAND

Verseker welstand deur werksyn in en deur ons gemeenskap.

SLUITAAN.CO.ZA

## JAARTEMA 2025

Elke jaar is dit vir ons 'n groot lekkerte om 'n nuwe jaartema vir Solidariteit Helpende Hand te kies. Dit is nie net vir ons 'n tema waarmee ons heel jaar kan werk nie maar ook 'n tema wat verbondenheid vestig onder ons donateurs, personeel, vrywilligers en gemeenskap. Ons jaartema vir 2025 is welstand.

Dit is vir ons belangrik om gedagtes en idees rakende holistiese welstand onder ons gemeenskappe te bevorder. Ons moet gesels oor die uitdagings wat die welstand van ons Afrikaner-kultuurgemeenskap beïnvloed en ook saam maniere vind om ons welstand te bevorder en 'n voorspoedige toekoms vir ons nageslagte te skep.

Ons verwys graag na Welstand deur Werksyn. Wanneer ons omsien na ons kwesbare groepe in die gemeenskap soos ons kinders, bejaardes en mense met gestremdhede, dan fokus ons op ons bestaansrede en dit is om welstand deur werksyn in en deur ons gemeenskap te help verseker. Ons doen dit met elke tassie wat uitgedeel word aan 'n graadeen-leerder wat andersins nie skryfbehoeftes sou kon bekostig nie. Ons doen dit in en deur die gemeenskap met elke maatskaplike kwessie wat hanteer word, met elke veilige hawe wat die Ons Plekke vir ons kinders bied, met elke rentevrye studielening wat ons jongmense se lewens radikaal verander.

Ek sit kaalvoet op die gras onder 'n groot boom by een van die Ons Plekke en gesels met 'n tienerseun oor wat welstand beteken. Elke Ons Plek is 'n sentrum waar ons kinders veilig en geborge is. Ons gesels oor welstand en oor sy nuwe haarstyl en oor die meisie by die skool van wie hy hou. Ons haak so 'n rukkie vas by die woord "welstand". Ek probeer vir hom verduidelik hoe ons welstand sien en leef by Helpende Hand. "Marius," probeer ek sterk praat om sy aandag af trek van die tennisbal wat hy aanhoudend in die lug in gooi. "Wanneer die individu en gemeenskap in geborgenheid en verbondenheid betekenisvol en voluit hul opdrag uitleef op die plek en tyd waar die Here hulle geplaas het, geniet hulle welstand. Welstand omvat die kulturele, fisiese, sosio-emosionele, geestelike en finansiële gesondheid en stabiliteit van individue en die gemeenskap." So verduidelik ek vir hom. Natuurlik kyk Marius vir my asof ek mal is en gooi die bal verder in die lug op en af ... Ek probeer weer.

"Marius, welstand is as jou hart en lyf gesond is en jy gelukkig is." Ek kan sien Marius verstaan nou wat ek probeer sê. Ons gesels verder oor die feit dat hy eendag 'n dokter wil word, want hy wil ook kinders help soos wat die tannie by Helpende Hand se Ons Plek hom elke dag help. Hy noem vir my dat die tannie hom met sy gedagtes help. Sy is 'n gedagte-dokter en dit is wat hy wil word. Wonderlik, dink ek by myself, die kind wil eendag terapie doen met kinders wat met maatskaplike kwessies sukkel. So bou ons aan welstand.

My agtjarige dogtertjie meen "werksyn" is die selfoonsein wat ons by die werk het sodat ons mense kan bel. Ek lag, want dit kan seker ook waar wees. Vir ons by Helpende Hand beteken werksyn dat lede van 'n gemeenskap self verantwoordelikheid neem om betekenisvol, roepingsgedrewe en in verbondenheid met mekaar saam te werk met die oog op 'n vervulde en vrye toekoms. Hoe mooi is dit nie. Dit spreek boekdele van ons alledaagse roeping hier op Hoofkantoor en in elkeen van die 200 takke en 127 Ons Winkels en 7 Ons Plekke landswyd.

Met welstand as jaartema gaan ons fokus op die unieke waarde-aanbod wat Helpende Hand aan ons gemeenskap maak.

**Ons bied met oop hande, oop harte en met God se groot genade die volgende:**
- Toegang tot die geleentheid om te studeer deur die Studietrust
- Vaardigheidsopleiding in versorging deur die SHH Opleidingsinstituut
- Welstandsgerigte gemeenskapsontwikkelingstruktuur
- Praktiese projekte waarby die gemeenskap betrokke kan raak
- Gemeenskapskonsessie-netwerk van Ons Winkel
- Kleuterskool- en naskooldienste deur Ons Plekke en terapeutiese dienste deur Ons Sentrum

Vir my as mamma en vrou is welstand werklik belangrik, nie net omdat ek by Helpende Hand werk nie, maar omdat dit vir my so belangrik is dat my gesin op alle welstandsvlakke gesond is en leef soos wat Jesus wil hê. Ja, nou en dan doen ons iets nie reg nie, maar om voortdurend na gebalanseerde, holistiese welstand te streef, is op die voorpunt van my en my gesin se lysie in die lewe. Natuurlik speel die Here se genade oor ons gesin en ons lewens die grootste rol in ons welstand. Ons familie en vriende bied vir ons 'n netwerk van welstand wat baie belangrik is.

Met die wete dat ons moet omsien na ons welstand en die welstand van ander vertrou ons ook op God. "Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is." (Romeine 8:28)

Ons kan omsien en sorg en voorsien en planne maak en doen net wat ons wil, maar as ons nie eerste wandel in die welstand en waarheid van ons Vader en Hom eerste lief het nie, is dit tevergeefs. My werk is nie vir my 'n werk nie, dit is my roeping. Ek hoop van harte dat ons eendag die vrugte sal pluk van elke dag wat ek bydra tot die gemeenskap se welstand. Ons sê altyd vir mekaar ons werk vir nou en vir 'n 100 jaar van nou af.

Mag Marius se kinders en kleinkinders ook eendag onder dieselfde koelteboom kaalvoet sit en gesels oor hoe hulle voorouers se lewe verander is deur 'n maatskaplike organisasie met die naam Helpende Hand wat hulle lewens ten goede verander het. Mag hulle dan steeds bydra tot welstand deur werksyn in en deur hulle gemeenskappe om sodoende 'n vry, veilige en voorspoedige toekoms te skep vir die geslagte wat nog kom.

Mag 2025 vir ons liefde in God en Welstand deur Werksyn inhou.
"Want aan U behoort die koningryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen." (Matteus 6:13) (AFR53)

**René Roux**
Bestuurshoof: Media
Solidariteit Helpende Hand

# #WELSTAND

Verseker welstand deur werksyn in en deur ons gemeenskap.

# Word **DEEL** van die Solidariteit Helpende Hand **FAMILIE**

www.ondersteunons.co.za





SLUITAAN.CO.ZA

**#WAARDESWATWERK**

Roeping • Getrouheid • Geloof • Uitnemendheid • Nederigheid

012 111 8360

diens@helpendehand.co.za

www.helpendehand.co.za

